

# Die Belofte van Pinkster



*Deur Johan Malan  
Mosselbaai, Mei 2016  
12 boodskappe oor heiligmaking*

**“Want dit is die wil van God: julle heiligmaking. ...  
Hy wat dit verwerp, verwerp nie ’n mens nie,  
Maar God wat ook sy Heilige Gees aan  
ons gegee het” (1 Thess. 4:3, 8).**



Kontakbesonderhede:

E-pos [profmalan@outlook.com](mailto:profmalan@outlook.com)

Selfoon 082 2599 637

Webwerf: [www.bibleguidance.co.za](http://www.bibleguidance.co.za)

# Inhoud

<b>Voorwoord: Die Belangrikheid van Pinkster</b> .....	<b>3</b>
<b>1. Geestelike Eienskappe van die Ware Kerk.</b> Die Bybelse kenmerke van toegewyde Christene kan slegs deur die vervulling met die Heilige Gees verkry word. ....	<b>4</b>
<b>2. Onderweg na die Land van Oorwinning.</b> Gelowiges is op 'n geestelike pelgrimsreis uit hulle sondige verlede na 'n nuwe lewe van godsvrug en oorwinning. ....	<b>10</b>
<b>3. Oorwinning oor die Vlees.</b> Die ou, sondige natuur moet afgelê en gekruisig word omdat dit 'n struikelblok is vir die lewe van heiligheid waartoe ons geroep is. ....	<b>16</b>
<b>4. Die Bou van 'n Geestelike Huis.</b> Regverdigmaking is die begin van ons geestelike lewe. Op dié fondament bou ons verder voort deur 'n lewe van heiligmaking. ....	<b>20</b>
<b>5. Hou Jou Geestelike Rekord Skoon.</b> Ons het 'n plig om elke dag in die lig te wandel en voortdurende reiniging van sonde deur die bloed van Christus te ervaar. ....	<b>24</b>
<b>6. Geestelike Oorlogvoering.</b> Die Heilige Gees se krag is ook tot ons beskikking as 'n geestelike wapenrusting om 'n oorwinnende stryd teen boosheid en sonde te voer. ....	<b>29</b>
<b>7. Die Tipologie van Abraham en sy Gesin.</b> Daar is vyf persone, of groepe persone, in die gesin van God – die Vader, die Seun, die Heilige Gees, Israel en die Kerk. ....	<b>35</b>
<b>8. Goddelike Agapé Liefde.</b> Die herskeppende rol en motiverende krag van God se liefde in die lewens van gelowiges wat daarin gewortel en gegrond is. ....	<b>40</b>
<b>9. Petrus se Lewe voor en ná Pinksterdag.</b> Die vervulling met die Heilige Gees het 'n baie groot verskil in Petrus se lewe gemaak, en dié seën word ook aan ons gebied. ....	<b>45</b>
<b>10. Die Christen as 'n Tempel van die Heilige Gees.</b> Die basiese beginsels van die tempeldiens moet in die lewens van alle Christene weerspieël word. ....	<b>50</b>
<b>11. Die Gees van Profesie.</b> Die Heilige Gees word ten nouste aan Bybelse profesieë verbind, daarom moet Geesvervulde Christene die profesieë bestudeer. ....	<b>55</b>
<b>12. Twee Koninkryke, Twee Messiasse, Twee Huwelike.</b> Die Heilige Gees versamel 'n bruid vir Christus, terwyl die gees van dwaling vir die Antichris 'n bruid versamel. ....	<b>60</b>

## Voorwoord: Die Belangrikheid van Pinkster

Die geestelike grondslag vir die kerk van Christus is tydens die kruisiging van die Here Jesus gelê toe Hy versoening vir die sondes van 'n verlore-gaande wêreld gedoen het (Joh. 1:29; Ef. 1:7). Deur sy opstanding uit die graf het Hy die dood en die sonde oorwin en as die lewende en triomferende Christus 'n nuwe lewe van godsvrug en oorwinning oor sonde aan ons gebied (1 Kor. 15:17-22). 'n Spesiale bekragtiging deur die Heilige Gees was nodig om die dissipels bekwaam te maak om dié belangrike boodskap in 'n sondige en vyandige wêreld te verkondig (Luk. 24:46-49; Hand. 1:8). Die toerusting met krag uit die hoogste het op Pinksterdag gebeur, en dit was die praktiese begin van die bedeling van die Christelike kerk op aarde. Op daardie dag is drieduisend siele in Jerusalem deur die Heilige Gees gewederbaar om lede van die liggaam van Christus te word, wat sy ware kerk onder alle nasies is.

Ons is steeds in die bedeling van die kerk, maar volgens die tekens van die tye baie naby aan die einde daarvan. Volgens die Bybel leef ons in 'n tyd van geestelike louheid en afvalligheid (Matt. 24:4-5, 11-12; 1 Tim. 4:1), daarom het ons soveel te meer behoefte aan 'n vars salwing deur die Heilige Gees. Heiligmaking het wel 'n vaste vertrekpunt wanneer ons die Here vertrou vir die vervulling met die Heilige Gees, maar dit is ook 'n voortgaande proses wat dikwels deur selfondersoek, reiniging van sonde en 'n volle oorgawe aan die Here hernu moet word. Ons moet geestelik groei en toeneem in die genade en kennis van Christus, en deurgaans daarna streef om 'n hoër mate van Christusgelykvormigheid te bereik.

Pinkster is dus verval 'n tyd van verootmoediging en selfondersoek sodat elke gesindheid, woord of daad wat die Heilige Gees bedroef, uit die weg geruim kan word. 'n Hart en lewe wat opnuut gereinig is, kan en sal ook opnuut met die Heilige Gees vervul word. As ons ons eie verbintenis en plig tot heiligmaking eerbiedig (2 Kor. 7:1), sal die Here ons ryklik seën en in 'n voller mate van ons lewens besit neem deur sy Gees. Dan sal daar nie veragtering in die genade wees nie (Heb. 12:15), maar 'n merkbare toename in die genade van God en die vrug van die Heilige Gees in ons lewens.

Die Here spoor ons deur sy Gees aan om te streef na hoër hoogtes van diensbaarheid en gehoorsaamheid. Wanneer alle struikelblokke van leerstellige dwalings, vleeslikheid, sonde, twyfel en wêreldgesindheid uit die weg geruim is, sal die Here ons grootliks in sy diens gebruik. Eers wanneer sy getuies self onder die gesag van sy Woord buig, sal Hy van hulle meer as oorwinnaars in Christus maak (Rom. 8:37). Die Here Jesus het 'n baie belangrike en lewensveranderende boodskap aan sy dissipels toevertrou, wat met groot oortuiging verkondig moet word. Om hiervoor waardig te wees, moet hulle self eers toonbeelde van sy reddende genade, Goddelike wysheid en krag tot oorwinning wees. Ons leef egter in 'n vervallende, eindtydse wêreld waarin so baie mense ver van die Here en sy geregtigheid af leef, en selfs die evangelie van Christus tot hulle eie ondergang verdraai (Gal. 1:7; 2 Pet. 3:16). Elke kind van die Here het 'n plig om met groter erns Bybelstudie te doen.

Ons moet voortdurend in die lig van die Here se teenwoordigheid wandel, maar in Pinkstertyd opnuut baie seker maak dat daar niks tussen ons en Hom is nie, sodat ons volle insig kan hê in sy Woord. Ons moet die Here se stem kan hoor deur die onderrigting van die Heilige Gees wat ons in die hele waarheid wil lei. Hy wil ons bekragtig om groot vrymoedigheid te hê om aan 'n agnostiese, skeptiese en onverskillige wêreld te toon én te verkondig dat hulle deur die genade van die Here alleen gered, geheilig én met oorwinningskrag beklee kan word. Dit is net die man en vrou, seun en dogter, wat hulle lewens op die rots van die Here se Woord bou, wat bestand is teen die toenemende storms van naderende oordele waardeur 'n sondige wêreld in die eindtyd getref word. Geestelike toewyding en gereedheid is die waarborg wat gelowiges het dat hulle nie vir die oordele van die verdrukking bestem is nie (Luk. 21:36).

*Johan Malan, Mosselbaai*

# 1. Geestelike Eienskappe van die Ware Kerk

*Skriflesing:* "Pas op, waak en bid, want julle weet nie wanneer die tyd daar is nie. Dit is soos 'n man wat op reis is, wat sy huis agtergelaat en sy diensknegte volmag gegee het, en vir elkeen sy werk, en aan die deurwagter bevel gegee het om te waak. Waak dan, want julle weet nie wanneer die eienaar van die huis kom nie: in die aand of middernag of met die haangekraai of vroeg in die môre nie; dat hy nie miskien skielik kom en julle aan die slaap vind nie. En wat Ek vir julle sê, sê Ek vir almal: Waak!" (Mark. 13:33-37).



Besig om 'n oes in te samel



Waak teen die vyand se aanvalle



'n Skynende lig in 'n donker wêreld



Gereed om afskeid te neem

Daar is verskeie profesieë in die Bybel waardeur Christene aangemoedig word om waaksaam en gereed te wees vir die skielike koms van die hemelse Bruidgom. Hierdie voorskrifte en vermanings moet ernstig opgeneem word, omdat daar so baie dinge is waardeur 'n gelowige se aandag afgetrek kan word van sy roeping om 'n dienskneg van Christus te wees. Ons moet met vrymoedigheid rekenskap van ons lewe kan gee wanneer ons Heer op 'n onverwagte uur terugkeer. Op daardie dag sal Hy sy bruidsgemeente na haar hemelse woning wegvoer, dan sal dit té laat wees om al die geestelike voorbereidings te tref om gereed en waardig te wees vir hierdie wonderlike afspraak.

## Die opdrag om te waak

Die doel met die Here Jesus se herhaalde oproepe tot waaksaamheid en gereedheid vir sy koms is om te voorkom dat ons geestelike visie vervaag, dat ons voeling verloor met Hom, met sy opdragte en beloftes, met die groot omvang van ons taak in sy koninkryk, en met die erns van die gevare waardeur ons bedreig word. Dit behoort nie nodig te wees om iemand te stuur om ons wakker te skud sodat ons die aangesig van die Here sal soek, sy wederkoms daadwerklik sal verwag en aktief betrokke sal raak by dit wat Hy ons beveel het om te doen nie. Ons moet self beseft hoe nodig dit is dat ons altyd sal waak en bid.

Daar is twee belangrike terreine vir die bepaling van gereedheid vir Christus se koms, naamlik eerstens die uitvoering van ons basiese pligte in die uitbreiding van sy wêreldwye koninkryk, en tweedens die mate van geestelike weerbaarheid wat ons het om oorwinning te kan behaal oor al die aanvalle van die vyand. As ons Jesus Christus aktief verwag, moet ons ywerig wees in die uitvoering van die taak om oral sy getuies te wees, maar ook weerbaar teen die vyand sodat hy ons nie kan verblind, mislei, beroof en geestelik aan die slaap sus nie.

In 'n sekere sin hang die toekoms van die hele wêreld van die getrouheid en waaksaamheid van evangeliese Christene af, want hulle is geroepe om die lig van 'n donker wêreld te wees en onder alle volke, stamme en nasies 'n oes vir die koninkryk van die hemel in te samel. Dit is die rede waarom die leer oor geestelike waaksaamheid en gereedheid vir Christus se wederkoms so dikwels en met soveel nadruk in die Nuwe Testament bespreek word. As ons op al hierdie voorskrifte en riglyne ag slaan, sal ons gereed wees op die dag wanneer die basuin blaas. Die volgende is 'n paar van die belangrikste uitsprake oor die geestelike toewyding en volharding wat die Here deurgaans van ons verwag:

### **Lei 'n Geesvervulde lewe**

In die gelykenis van die tien maagde (Matt. 25:1-13) word dit baie duidelik gestel dat die groot verskil tussen die wyse en dwase maagde in verband staan met die ekstra olie wat die wyse maagde gehad het. Die olie is 'n bekende simbool van die Heilige Gees, en dit vestig die aandag op sy onontbeerlike rol in die lewens van alle gelowiges – eerstens in verband met wedergeboorte en tweedens wat heiligmaking betref. Heiligmaking staan in verband met 'n geloofstap wat geneem word deur diegene wat reeds deur die Heilige Gees wederbaar is, maar nog nie met die Gees vervul is nie. Die ervaring van vervulling met die Heilige Gees stel die gelowige in staat om op te groei tot geestelike volwassenheid (Ef. 4:11-14), om met groter oortuiging 'n getuie vir Christus te wees (Hand. 1:8), om oor sonde en versoekings te oorwin (Gal. 5:16), om die regte perspektief op die koms van die Bruidegom te hê (Joh. 16:13), en om 'n waaksame en biddende Christen te kan wees (Luk. 21:36).

Christene wat nalaat om hierdie stap van toewyding te neem, tree dwaas op en beperk hulleself tot 'n vleeslike lewe waarin die Heilige Gees nie tot sy reg kom nie, “want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie” (Gal. 5:17). Sulke dubbelhartige gelowiges het nie die motivering of krag om die stygende gety van sonde en ongeregtigheid te weerstaan nie, met die gevolg dat hulle in hulle liefde verkoel (Matt. 24:12) en dus nie in staat is om gereed te maak om die Bruidegom te ontmoet wanneer Hy kom nie.

Dit is nie die wil van die Here Jesus dat sy volgelinge nalatig sal wees oor die aard van hulle geestelike lewe nie, daarom het Hy nie net vir die reiniging van hulle sondes tydens wedergeboorte voorsiening gemaak nie, maar ook vir hulle heiligmaking. Die doel met heiligmaking is: “... sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergelyks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees” (Ef. 5:25-27).

Ons moet dus nie geestelik stagneer nadat ons tot die Christendom toegetree en deur die Heilige Gees wederbaar is nie, maar ook vir die ekstra olie in ons lewe voorsiening maak deur die Here vir die vervulling met die Heilige Gees te vertrou (Ef. 5:18). Hy verwag dit van ons (1 Thess. 4:7-8), want sonder heiligmaking sal ons die Bruidegom nie sien nie (Heb. 12:4).

### **Streef na volkome heiligmaking**

Die ervaring van vervulling met die Heilige Gees word ook as “volkome heiligmaking” beskryf, en dit dui daarop dat die proses van heiligmaking wat reeds by die wedergeboorte begin het, daarna in 'n volle oorgawe deur die vervulling met die Gees opgevolg moet word. Daar is dus steeds hoër hoogtes om na te streef: “En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die

wederkoms van onse Here Jesus Christus! Hy wat julle roep, is getrou; Hy sal dit ook doen” (1 Thess. 5:23-24). Hierdie gebed is vir Christene wat reeds weergebore is, en een van die doelstellings daarmee is spesifiek om ons wederkomsgered te maak.

Dit is God wat deur sy Gees die werk van volkome heiligmaking in ons lewe doen, maar ons het die verantwoordelikheid om Hom daarvoor te vertrou en ons volle samewerking te gee deur alle besoedeling van die sondes van vleeslikheid, misleiding, hoogmoed, materialisme, losbandigheid, ens., af te lê en sodoende die opdrag tot heiligmaking te volbring: “Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring” (2 Kor. 7:1). Ons moet daaraan toegewyd wees om die smal pad sonder enige geestelike of morele kompromie te bewandel, want daar is baie afdraaipaaie wat van die waarheid afwyk.

### **Werk in die oeslande**

Alle Christene het werk om te doen wat sal bydra tot die uitbreiding van God se koninkryk op aarde. Jesus het vir sy dissipels gesê: “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook” (Joh. 20:21). Die Christelike kerk het die opdrag om tydens hierdie bedeling die hele wêreld te evangeliseer. Dit sou nie ’n maklike taak wees nie, want die omvang daarvan is enorm en die vyandskap van die ongeredde wêreld soms baie fel. Ons moet die uitdaging aanvaar om hierdie groot werk te doen, al is dit ook te midde van veel teëstand en vyandigheid: “Hy sê toe vir hulle: Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes dat Hy arbeiders in sy oes uitstuur. Gaan dan; kyk, Ek stuur julle soos lammers onder wolwe” (Luk. 10:2-3). Ons het egter die krag van die Heilige Gees om hierdie groot taak te kan uitvoer en die vyandigheid van ’n bese wêreld die hoof te bied (Luk. 24:46-49; Hand. 1:8).

Die Here gaan van sy diensknegte rekenskap eis oor die mate waartoe hulle by die uitvoering van die Groot Opdrag betrokke was (Matt. 25:14-30). Sommiges sal genadeloon ontvang, terwyl andere onaanvaarbare verskonings vir hulle geestelike ontrouheid en onbetrokkenheid by die uitvoering van hulle taak sal aanbied (Luk. 19:11-27). Vleeslike en egoïstiese Christene is gewoonlik baie gemaksugtig, gee nie regtig om oor die sieleheil van ander mense nie, en laat dus na om hulle talente in die Here se diens te gebruik.

### **Bestuur jou tyd reg**

Die opdrag oor waaksaamheid beklemtoon ook die belangrike faktor van tyd. Daar is nie tyd om te sluimer en te slaap nie, daarom moet ons in ’n oorgeorganiseerde lewe daagliks die tyd uitkoop om uitvoering aan ons geestelike verpligtinge te kan gee. Dit sluit ook tyd vir gebed en Bybelstudie in. Die Here Jesus het vir sy dissipels gesê wat tydens ’n krisissituasie deur die slaap oorval is: “So was julle dan nie in staat om een uur lank saam met My te waak nie? Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak” (Matt. 26:40-41).

Elkeen van ons het net een lewe en beperkte geleenthede om ons deel in die evangelisering van die wêreld te doen. In die lig hiervan is dit belangrik om ons prioriteite reg te bepaal en ons tyd so te bestuur dat ons ook aan God kan betaal wat Hom toekom. Dit sal terselfdertyd verseker dat ons nie geestelik verarm raak nie, maar ook dinge doen wat ewigheidswaarde het en sodoende vir ons skatte in die hemel bymeekaarmaak.

Uit die oogpunt van die ewigheid is ons aardse lewe baie kort, daarom moet ons met dubbele ywer werk want die nag kom nader. Selfs die Here Jesus het geweet dat Hy tydens sy aardse bediening nog baie dinge moes doen voordat die tyd daarvoor met die aanbreek van sy kruisiging, opstanding en hemelvaart verby sou wees. Hy het gesê: “Ek moet die werke doen van Hom wat my gestuur het, solank as dit dag is; die nag kom wanneer niemand kan werk nie” (Joh. 9:4). Die nag van God se oordele sal ook aan die einde van hierdie bedeling oor die wêreld kom, dan moet ons werk afghandel wees.

## **Waak teen die vyand se aanvalle**

Die Here Jesus het nie aan sy dissipels 'n sorgvrye en probleemvrye lewe op aarde belowe sonder enige stryd teen die opponerende koninkryk van die duisternis nie – intendeel! Christene van alle tye is in 'n konfrontasie met die vyand van hulle siele gewikkel, omdat hy daarop ingestel is om hulle te ontmoedig, te mislei, van hulle krag en blymoedigheid te beroof, en selfs hulle geloof te probeer vernietig. Ons het ook in hierdie opsig die beskerming van die Here en die krag van die Heilige Gees nodig om te kan oorwin: “Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel” (Ef. 6:10-11).

Satan se aanvalle en versoekings is veral op twee gebiede toegespits, naamlik die geestelike en morele terreine van ons lewe. Hy probeer voortdurend om Christene geestelik te mislei, daarom waarsku die Here Jesus ons ernstig in sy profetiese rede: “Pas op dat niemand julle mislei nie. ... Baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei. ... Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei” (Matt. 24:4, 11, 24).

Die ander terrein waarop die duiwel se aanvalle gerig is, is op morele gebied. Hy sal alles moontlik probeer om Christene te laat toegee aan vleeslike begeerlikhede soos selfverryking, hoogmoed, betrokkenheid by korrupte praktyke, buite-egtelike verhoudings, wraaksugtigheid en liefdeloosheid teenoor almal wat hulle teëgaan of probeer reghelp. Ons moet al hierdie versoekings deur die krag van die Heilige Gees weerstaan: “Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie” (Gal. 5:16).

## **Oorwin teen die sorg van die lewe**

Een van die faktore wat baie Christene se geestelike lewe ondermyn, is depressie wat veroorsaak word deur die toenemende aantal sorg, probleme en teleurstellings van die lewe (Luk. 21:34). Wanneer mense geestelik en emosioneel deur aanhoudende negatiewe ervarings afgetrek word, verswak dit hulle geloof, laat hulle hoop op die wederkoms van Christus verflou, asook die vooruitsig van 'n lewe saam met Hom in die hemel. Depressie lei nie net na 'n apatiese houding oor geloofsake nie, maar ook na sosiale onttrekking en die nalaat van alledaagse verpligtinge soos werk en studies. Sulke mense het 'n sterk ondersteuningsgroep nodig om hulle te motiveer, maar boweal 'n nuwe oorgawe aan die Here vir die versterking van hulle wankelende geloof. Die belofte oor die wederkoms van Christus kan 'n groot rol speel om weer die blydskap van die Here in 'n persoon se hart te vestig.

## **Ontwikkel die regte profetiese perspektief**

Dit is uiters belangrik om ten alle tye die regte profetiese perspektief te hê, want dit sal verseker dat jy jou prioriteite reg bepaal en as gelowige goed voorbereid is op dit wat in die toekoms gaan gebeur. Om dit te kan doen, moet jy absolute duidelikheid oor die opeenvolging van profetiese gebeure hê, anders kan jy dalk by aktiwiteite betrokke raak wat onnodig is omdat dit profeties en dispensasioneel uit plek is. So-iets bring altyd 'n onnodige verkwisting van tyd, geld en energie mee, daarom is dit geestelik nadelig en moet vermy word. Die huldiging van die regte profetiese perspektief vereis veral duidelikheid oor die volgende sake:

- In die raadsplan van God word die bedeling van die kerk deur die bedeling van die wet voorafgegaan. Hierdie oorgang is lankal reeds gemaak, daarom is ons nie meer onder die wet nie (ook nie onder die sabbatte en ander wettiese rituele nie) maar onder die genade (Rom. 6:15; 10:4; Gal. 5:4).
- Die kerkbedeling gaan gepaard met die internasionale verstrooiing van Israel, maar teen die einde van hierdie bedeling word Israel weer as volk in hulle land herstel (Eseg. 37:21; Luk. 21:24). Die kerk is nie die geestelike Israel nie en moet homself nie in hierdie rol probeer plaas deur vervangingsteologie te beoefen nie.



- In die bedeling van die kerk leef ons in 'n wêreld wat in die mag van die Bose lê (1 Joh. 5:19), daarom moet daar baie aandag aan geestelike weerbaarheid gegee word. Hierdie feit verklaar ook die verdrukking en vervolging van evangeliese Christene wat dikwels deur die eeue heen voorgekom het.
- Die kerkbedeling eindig in groot afvalligheid as 'n aanloop tot die openbaring van die mens van sonde (die Antichris) wat vir sewe jaar lank oor die aarde sal regeer. Selfs ook evangeliese kerke wat nie waaksaam genoeg is nie, sal deur valse leerstellings beïnvloed word as hulle nie duidelik besef dat die volgende wêreldkoninkryk wat gevestig gaan word, dié van die Antichris is nie. Eers wanneer hierdie koninkryk vernietig is, sal Christus se vrederyk gevestig word. Mense moet versigtig wees oor watter koninkryk hulle ondersteun en bevorder. Huidige humanistiese inisiatiewe ten gunste van globalistiese hervormings speel in die Antichris se hande.
- Die verdrukking van sewe jaar sal benewens die Antichris se diktatuur ook gekenmerk word deur 'n groot reeks oordele van God oor 'n onbekeerlike wêreld. Hierdie feit vereis dat die Here sy kinders voor die tyd sal kom haal deur middel van die wegraping (Luk. 21:36; 1 Thess. 4:16-17), want hulle is nie vir Goddelike oordele bestem nie (Rom. 8:1). Alle Christene moet aktief besig wees om vir die ontmoeting met hulle Koning uit die hemel voor te berei (Fil. 3:20).
- Diegene wat nie aan 'n wegraping voor die verdrukking glo nie, berooft Christene van die salige hoop op die skielike koms van Christus, vervang hierdie onmiddellike vooruitsig deur 'n Antichrisverwagting en maak van oorlewingstrategieë tydens die komende sewe jaar van verdrukking 'n prioriteitsaak onder hulle volgelinge (kos en medisyne word bv. in eensame plekke van ontvlugting opgeberg). Dit is misleidend en geestelik teenproduktief om hierby betrokke te wees.
- Die duisendjarige vrederyk van Christus sal eers ná die sewe jaar van verdrukking plaasvind. Voordat dit gebeur sal die Here Jesus sy vyande verdelg (Op. 19:19-21), die oorblyfsel van Israel red (Rom. 11:25-26) en die troon van Dawid in Jerusalem herstel (Hand. 15:16-17). Christene wat nou al (in die kerkbedeling) hierdie koninkryk probeer bespoedig deur middel van tegnieke soos transformasiebyeenkomste, strategiese geestelike oorlogvoering op nasionale vlak, en ekumeniese alliansies tussen verskillende kerke, verstaan die Here se raadsplan heeltemal verkeerd en hou hulleself met wensdenkery besig. Ons is nie geroep om nou reeds soos konings in 'n geopenbaarde koninkryk te regeer nie, maar om soldate van die kruis te wees wat gereed is om 'n verskerpende stryd teen die koninkryk van die duisternis te voer.

### **Wees gereed vir die regterstoel-oordeel**

Profesieë oor die eindtyd konfronteer alle Christene met die afspraak wat hulle voor die regterstoel van Christus het om rekenskap van hulle lewens as dissipels van Jesus te gee: "Want ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word. ... So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee" (Rom. 14:10-12).

Paulus herinner die gemeente in Korinthe ook daaraan dat dit nie vanselfsprekend is dat elke Christen werke sal doen wat geestelike waarde het en dus by die regterstoel-oordeel loon sal ontvang nie. Dit is moontlik om op die fondament van bekering met hout, hooi en stoppels te bou (dit dui op nietige, vleeslike werke), daarom waarsku Paulus dat elkeen moet oppas hoe hy op hierdie fondament bou: "... elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is. As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang; as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen" (1 Kor. 3:13-15). Die Here ken ons harte, asook die beweegrede vir al ons dade, naamlik of dit uit vleeslike of geestelike motiewe voortspruit.



Uit die beoordeling van Christene se werke blyk dit dat heiligmaking absoluut onontbeerlik is om werke te doen wat vir die Here aanvaarbaar is, omdat net die vrug van die Heilige Gees aan hierdie standaard voldoen. Vleeslike werke wat mense uit eie inisiatief en deur hulle eie krag doen, sal soos hout, hooi en stoppels in vlamme opgaan, en die betrokke persoon sal voor die Here staan met leë hande – gered asof deur vuur heen. Maak seker dat dit nie met jou sal gebeur nie.

### **Streef na groter Christusgelykvormigheid**

’n Aktiewe verwagting van die spoedige koms van die hemelse Bruidegom en ons vereniging met Hom, daag ons uit om gelykvormig te word aan sy beeld van heiligheid en reinheid: “En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is” (1 Joh. 3:3). Dit impliseer morele sowel as leerstellige reinheid. Persoonlike heiligheid is belangrik omdat ons geroep is om in ons hele lewenswandel heilig te word (1 Pet. 1:15). Ons moet egter ook van geestelike besoedeling gereinig word, omdat dit ons geloofslawe aantast en ons verhouding met die Here Jesus negatief beïnvloed. Alle valse leerstellings moet van ons verwyder word, sodat ons onbelemmerd kan toeneem in die genade en kennis van Christus: “Noudat julle dit dan vooruit weet, geliefdes, moet julle op jul hoede wees dat julle nie miskien meegesleep word deur die dwaling van sedelose mense en wegval uit jul eie vastigheid nie. Maar julle moet toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus” (2 Pet. 3:17-18). Hy is vol van genade en waarheid (Joh. 1:14).

Die tyd is byna daar dat die basuin gaan blaas om die kerkbedeling te beëindig en ons in die heerlike teenwoordigheid van die Bruidegom te stel: “Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ’n geroep, met die stem van ’n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde” (1 Thess. 4:16-18). Ons plekke op aarde sal op daardie oomblik skielik leeg wees. Die skok onder diegene wat agtergebly het, sal egter baie groot wees.

Die dag wanneer ons die hemelse Bruidegom in al sy skoonheid sien, sal geloof oorgaan in aanskoue. Wat ’n wonderlike gesig sal dit nie wees nie! Paulus sê die Here Jesus kom “om verheerlik te word in sy heiliges en bewonder te word in almal wat glo” (2 Thess. 1:10). Dit is met die oog op ons voorbereidings vir hierdie baie besondere ontmoeting dat Johannes sê: “En nou, my kinders, bly in Hom, sodat ons vrymoedigheid kan hê wanneer Hy verskyn en nie beskaamd van Hom weggaan by sy wederkoms nie” (1 Joh. 2:28).

## 2. Onderweg na die Land van Oorwinning

*Skriflesing:* "Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see, en almal dieselfde geestelike spys geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus. Maar God het in die meeste van hulle geen welgevalle gehad nie, want hulle is neergeslaan in die woestyn. En hierdie dinge was voorbeelde vir ons, dat ons nie begerig moet wees na slegte dinge soos hulle begerig was nie. ... Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde [tipes] en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het" (1 Kor. 10:1-6, 11).

Paulus versoek die Nuwe-Testamentiese kerk om God se handelswyse met Israel as lesse te neem en uit hierdie volk se foute te leer, want ons is almal op 'n reis na die ewigheid. Israel se uittog uit Egipte kan as 'n uitbeelding geneem word van hierdie pelgrimsreis. Hulle het op 'n tog vertrek wat by die slag van die paaslam begin het, en wat hulle uiteindelik tot binne-in die Beloofde Land gelei het. Slegs 'n klein groepie van hulle het die geestelike lesse oor heiligmaking en toewyding wat die Here hulle op hierdie reis geleer het, ter harte geneem. Die groot meerderheid van die volk het 'n wisselvallige geestelike lewe van val en opstaan gelei en as gevolg daarvan hulle eie vordering vertraag en in sekere gevalle ongedaan gemaak.

Israel se bevryding uit Egipte en hulle uittog uit die gebied van hulle sondige verlede om die Here weg van hulle onderdrukkers af te gaan dien, is 'n tipe van die redding van sondaars uit die slawerny aan sonde, en hulle daaropvolgende afsondering van die wêreld om die Here te dien sonder enige kompromie met heidense invloede. Die reis wat Israel vanaf Egipte deur die woestyn na Kanaän moes onderneem, is 'n tipe van die Nuwe-Testamentiese weg van heiligmaking. Die geestelike hardheid van Israel en hulle herhaalde weiering om hulle aan die vormende hand van die Here te onderwerp, is 'n tipe van die Nuwe-Testamentiese Christene wat met hulle vleeslikheid en liefde vir die wêreld volhard, en daardeur nalaat om die opdrag tot heiligmaking in die vrees van die Here te volbring.

Paulus sê dat ons die waarskuwings oor Israel se afvalligheid ter harte moet neem, veral in die lig daarvan dat so min Christene met volharding en oorgawe die weg van heiligmaking bewandel. As ons slegte, vleeslike begeertes najaag, sal ons geestelike ontwikkeling vertraag en selfs heeltemal geblokkeer word.

Israel se reis van bevryding het binne-in Egipte begin waar die volk magtelose slawe van Farao was. Die paaslam wat in Egipte geslag is, was 'n profetiese heenwysing na die Here Jesus as die vlekkelose Lam van God wat vir die sondes van die hele wêreld geslag sou word. Paulus sê: "... ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus" (1 Kor. 5:7). "In Hom het ons die verlossing deur sy bloed" (Ef. 1:7). Petrus sê dat ons losgekoop is deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos (1 Pet. 1:18-19). Die verheerlikte kerk sal die Here Jesus rondom die troon toesing: "U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie" (Op. 5:9).

Nadat Israel van Farao se oorheersing verlos is, het hulle dadelik uit Egipte weggetrek na 'n nuwe bestemming. Nadat ons van die mag van Satan bevry en uit die duisternis oorgekom het tot die lig, vertrek ons in ons nuwe lewe op 'n reis om die Here se doel met ons lewe te verwesenlik. Ons bewandel die pad van toenemende heiligmaking waarop ons voortdurend voor nuwe uitdagings te staan kom en sterker word in die Here. Ons verlossing is dus net die begin van 'n lang reis van geestelike groei waarop ons moet volhard totdat al die wonderlike beloftes van die Here in ons lewe in vervulling gegaan het.

Kort nadat Israel uit Egipte bevry is, is hulle deur 'n ander vyand gekonfronteer en aangeval, naamlik die Amalekiete. Gewapende ruiters van Amalek het die Israëliete wat stadig gevorder en agter geraak het, ingehaal en doodgemaak. Die vyand het dus binne-in die laer ingekom en die agterste persone aangeval wat vir hulle die maklikste teiken was. Amalek is 'n tipe van die duiwel wat God se volk van binne af aanval, daarom is hy 'n voorstelling van die

inwonende sondige natuur wat oorwin moet word. Faraó is 'n tipe van die duiwel wat mense van buite af aanval om hulle te probeer oorheers, verslaaf en uiteindelik dood te maak. Nadat die Here vir Israel van Faraó verlos en sy mag oor hulle gebreek het, moes hulle ook dringend oorwinning behaal oor die vyand van binne.

In die Nuwe Testament is ons as gelowiges in dieselfde situasie. Nadat 'n persoon van Satansmag bevry en gered is, het die duiwel nog steeds 'n bondgenoot in sy lewe, naamlik sy ou, sondige natuur. Die duiwel werk dus van binne af deur die vlees om 'n gelowige geestelik aan te val, lam te lê en onvrugbaar te maak. Ons moet ook teen hierdie vyand van binne oorwinning verkry as ons geestelik vordering wil maak.

Israel het by Ráfidim gekom waar water uit die rots gevloei het. Hier is hulle innerlik verkwik, hulle het oorwinning oor Ámalek behaal en is rus gegun ná die vyandelike aanvalle. God het vir sy volk 'n rots geklief en 'n stroom water voorsien waaruit hulle kon drink. Hierna het daar 'n groot wending in hulle stryd teen die vyand gekom en het hulle 'n klinkende oorwinning behaal. Die stryd teen Ámalek was besonder hewig. Wanneer Moses sy hande seënend omhoog gehou het, het Josua en sy manskappe vir Ámalek teruggedryf. Wanneer Moses sy hande laat sak het, is Josua weer deur Ámalek teruggedryf. Dit is 'n tipiese situasie van val en opstaan. As 'n oplossing hiervoor het Aáron en Hur Moses se hande omhoog gehou en is Ámalek deur die skerpte van die swaard 'n neerlaag toegedien. Aáron, die priester, is die verpersoonliking van gebed, terwyl Hur witheid, reinheid, of heiligheid beteken. Die stryd teen die vlees kan nie gewen word sonder voortdurende gebed en 'n oorgawe tot heiligheid nie.

Paulus sê in 1 Korinthiërs 10:4 dat die gekliefde rots op Christus dui. Die stroom water dui op die uitstorting van die Heilige Gees nadat die Here Jesus se liggaam aan die kruis gespyker is en Hy op die derde dag uit die dood opgestaan het. Hy nooi almal van ons om uit hierdie stroom te drink en geestelik verkwik te word: "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo" (Joh. 7:37-39).

Deur die kruisdood van die Here Jesus en die vervulling met die Heilige Gees, kan ons oorwinning behaal oor ons inwonende, sondige natuur. Dit moet met aanhoudende gebed en 'n heilige lewenswandel gepaard gaan. Hou aan met geestelike oorlogvoering totdat Ámalek beslissend verslaan is. Hierna kan jy ook rus in die Here en in sy sterkte omdat die tweestryd tussen die Gees en die vlees beëindig is deur die toegewyde gebruik van jou geestelike wapenrusting. Ámalek sal weer probeer terugkom om die vlees te laat herleef, maar as jou verhouding met die Here reg is, sal hy nooit weer beheer oor jou verkry nie. Volhard net op die pad van gebed en heiligmaking en gee aan die duiwel geen plek nie.

Dit is opvallend dat die stryd teen Ámalek nooit ophou nie, maar in die opkomende geslagte voortgesit word: "Oorlog het die Here teen Ámalek van geslag tot geslag" (Ex. 17:16). Elke nuwe geslag mense moet van die inwonende, sondige natuur verlos word. Daarna moet die weerstand teen die vlees nie verslap word nie, omdat dit gekruisig moet bly en nie toegelaat word om weer sy verlore beheer oor ons lewe terug te kry nie. Die Here Jesus het gesê dat dit daaglikse toewyding vereis: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg" (Luk. 9:23). Wanneer Ámalek verslaan is en ons die oorwinnende lewe deelagtig geword het, moet ons voortdurend aan die gekruisigde Christus gelykvormig bly sodat ons ononderbroke deur die Gees sal wandel, en nie deur die vlees nie.

Wanneer die Heilige Gees volle beheer oor 'n persoon se lewe verkry en aan hom krag gegee het om sonde te oorwin, lei Hy die persoon ook om 'n dieper kennis van die Here se Woord op te doen. Die Here Jesus het gesê: "Wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei" (Joh. 16:13). Dieselfde beginsel het ook vir Israel gegeld, sodat die ware gelowiges onder hulle kon sê: "Ek het u woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie" (Ps. 119:11). Die woorde van die Verlosser is Gees en lewe (Joh. 6:63), dit vorm ons geloof en denke en lei ons in ons besluite en optrede.

Die bevryde volk van God het op die vyftigste dag ná hulle uittog uit Egipte by Sinai aangekom en omtrent 'n jaar lank hier vertoef. 'n Nuwe lewe het op hulle as die Uitverkore Volk

gewag, en hiervoor moes nuwe geestelike en morele beginsels by hulle ingeskerp word. Hulle moes die wet van die Here deeglik leer ken en nougeset daarvolgens lewe. Indien hulle al die geestelike lesse van geloof, gebed, oorwinning oor die mag van Satan en heiligmaking ter harte geneem het, sou Sinai vir hulle 'n heerlike ondervinding gewees het. Met net geringe uitsonderings is die teendeel ongelukkig waar. Die meeste van hulle was vormgodsdienstige meelopers wie se harte nog by die vleispotte van Egipte was. Toe Moses te lank na die volk se sin op die berg gebly het om die wet van die Here te kry, het hulle 'n goue kalf gemaak, voor dié gruwelike gedrog gedans, dit geëer en beweer dat dit hulle god was wat hulle uit Egipteland gelei het (Ex. 32:1-6). Hierdie daad is geheel en al ondenkbaar, maar nogtans hét dit gebeur. Dit is waarom die Here sê dat Israel se geestelike dwalings as 'n waarskuwing opgeteken is aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het. As ons in vormgodsdienis verval en die Here deur ons optrede smaad, sal sy toorn oor ons ontvlam. Ons kan nie voor afgode soos Mammon neerbuig en dink dat die Here daarmee genoeg sal neem nie.

Die geestelike betekenis van Sinai is dat die Woord van die Here nie met ink nie, maar deur sy Gees op die tafels van ons harte geskryf moet word. Die gevolg hiervan moet wees dat ons lewe soos 'n brief van Christus sal wees wat deur die wêreld gelees kan word (2 Kor. 3:3). Ons moet in die genade en kennis van Christus toeneem (2 Pet. 3:18), sodat ons 'n werkende kennis van die Woord van God sal hê. Ons moet ons in voortgesette Bybelstudie verdiep nadat ons 'n volle oorgawe gemaak het om met die Heilige Gees vervul te word. Of ons 'n formele studie van die Bybel maak deur vir een of ander kursus in te skryf, en of ons dit informeel deur selfstudie doen, maak nie regtig saak nie. Die feit is net dat ons 'n sistematiese studie van die Woord van God móét maak; dan kan die Here ons ook gebruik. Het jy die Woord van die Here al bestudeer sodat jou voetstappe daarin geanker kan wees? "Laat die woord van Christus ryklik in julle woon" (Kol. 3:16), want dan sal julle dit ook met goeie gevolg aan ander kan verkondig.

### **Die uitdaging van die oorwinningslewe**

Israel het nie die geestelike lesse ter harte geneem wat hulle tydens hulle trek deur die woestyn geleer het nie, daarom was hulle nie reg ingestel om die uitdagings die hoof te bied wat op die grens van die Beloofde Land op hulle gewag het nie. Moses het twaalf verspieters uitgestuur om die land te gaan verken en dan terug te rapporteer. Josua was een van hierdie verspieters (Num. 13:17-20). Die groot meerderheid van die verkenners (tien van die twaalf) het bevrees geword vir die inwoners van die land en Israel afgeraai om die land in besit te probeer neem. Ná die 40 dae van verkenning het hulle só aan Moses verslag gedoen:

"Ons het gekom in die land waarheen u ons gestuur het; en waarlik, dit loop oor van melk en heuning, en dit is sy vrugte. Maar die volk wat in die land woon, is sterk, en die stede is versterk en baie groot; en ons het daar ook die kinders van die Enakiete gesien. Die Amalekiete woon in die Suidland, maar die Hetiete en Jebusiete en Amoriete woon in die gebergte, en die Kanaäniete woon by die see en aan die kant van die Jordaan. Toe het Kaleb die volk stil gemaak teenoor Moses en gesê: Laat ons gerus optrek en dit in besit neem; want ons kan dit sekerlik oorweldig. Maar die manne wat saam met hom opgetrek het, het gesê: Ons kan nie teen die volk optrek nie, want hulle is sterker as ons. So het hulle dan slegte gerugte onder die kinders van Israel versprei oor die land wat hulle verken het" (Num. 13:27-32). Verkeerde godsdienstige advies ondermyn altyd mense se geloof in die Here.

Josua en Kaleb het egter die volk moed ingeprepraat en probeer om hulle geloof in God en hulle vertroue in sy almag te herstel, want Hý is die een wat die oorwinning gee: "En Josua, die seun van Nun, en Kaleb, die seun van Jefúnne, twee van die wat die land verken het, het hulle klere geskeur en die hele vergadering van die kinders van Israel toegespreek en gesê: Die land wat ons deurgetrek het om dit te verken, is 'n buitengewoon goeie land. As die HERE 'n welbehag in ons het, sal Hy ons in hierdie land inbring en dit aan ons gee, 'n land wat oorloop van melk en heuning. Wees net nie teen die HERE opstandig nie, en wees julle nie bevrees vir die volk van die land nie, want hulle is ons spys. Hulle beskutting het van hulle gewyk, en die HERE is met ons. Wees nie bevrees vir hulle nie! Toe sê die hele vergadering dat hulle gestenig moet word" (Num. 14:6-10).

Moses het ook bevestig wat Josua en Kaleb gesê het: “Die HERE julle God wat voor julle uit trek, Hy sal vir julle stry net soos Hy voor julle oë met julle in Egipte gedoen het en in die woestyn, waar jy gesien het hoe die HERE jou God jou gedra het soos ’n man sy seun dra, op die hele pad wat julle getrek het, totdat julle tot by hierdie plek gekom het. Maar ondanks hierdie woord het julle nie geglo in die HERE julle God nie” (Deut. 1:30-32).

Die groot aantal Israeliete wat nie geglo het dat God die land Kanaän aan hulle kon gee nie, het weens ongeloof die beloftes van die Here verbeur en daardie geslag het in die woestyn gesterf. Net lede van die jong geslag het onder die leiding van Josua ’n nuwe oorgawe aan die Here gemaak en was waardig om die land in besit te neem. Die verkenning van die Beloofde Land was ’n baie belangrike keerpunt op Israel se reis uit Egipte. Indien die volk die Here se onderwysing aanvaar en hulle geloofslewe daarby aangepas het, sou hulle in hierdie stadium geestelik sterk gewees het en goed voorbereid om die volgende groot uitdaging te aanvaar. Dit was egter vir ongelowige Israel verkiesliker om permanent in die woestyn te vertoef, eerder as om hulle erfenis oorkant die Jordaan saam met die Here in besit te neem. Baie van hulle was selfs bereid om eerder na Egipte terug te gaan en weer slawe van Faraó te word. Hulle het die maklike uitweg van geen weerstand verkies, en as gevolg daarvan hulleself geestelik verarm, tot op die punt van onwaardigheid om die Here se beloftes van ryke seën te beërf.

### **’n Moderne herhaling van ongeloof**

Die moderne Christendom is in presies dieselfde situasie as wat Israel in antieke tye was. Ons beskou onself as Christene wat reeds uit die “Egipte” van ’n sondige verlede verlos is. Soos in die geval van Israel, is baie van die lidmate van Christelike kerke net vormgodsdienstiges sonder ’n getuigenis van wedergeboorte. Hulle is meelopers wat net ’n uiterlike gedaante van godsaligheid het, maar wat meestal in stryd met God se Woord optree. Die ander is wel gered, maar nog in die babaskoene van hulle geloofslewe. Net ’n klein groepie is geestelik volwasse omdat hulle van heiligmaking ná bekering kan getuig, en doelgerig voortgaan om in die geloof die beloftes van die Here aan te neem.

Die geestelike probleme en insigloosheid van die meerderheid gelowiges lei daartoe dat hulle oormatig afhanklik is van godsdienstige leiers, en volkome op hulle vertrou om die koers aan te dui. Soos Israel, stuur hulle ook verkenners uit om die pad vorentoe te ondersoek en dan advies oor gepaste optrede te gee. Hierdie verkenners, die godsdienstleiers, maak daarop aanspraak dat hulle die kennis het om die regte aanbevelings aan die mense voor te lê. Hulle verken die teologiese landskap deur die Bybel te bestudeer, bied riglyne aan oor hoe God se beloftes in sy Woord vertolk moet word, stel leerstellings op, en doen oplossings aan die hand oor hoe om krisis te hanteer. Die leerstellings van sommige kerkvaders soos bv. Origenes, Augustinus, Calvyn, Luther, Wesley, e.a. word al eeue lank nagevolg, en die invloed hiervan moenie onderskat word nie – sommiges van hulle het Bybelse waarhede verkondig, terwyl ander weer ongeloof en dwalings bevorder het.

Dit is juis op die teologiese terrein dat die duiwel oor baie jare heen aansienlike invloed verkry het deur miljoene mense te mislei, geestelik te beroof en op ’n verkeerde pad te plaas; en dié aanslag neem in felheid toe. Net soos in die geval van Israel, gee die meerderheid van die moderne verkenners verkeerde advies aan die mense. Hulle fokus nie op volle verlossing in Christus nie en beskou daarom die land Kanaän, naamlik die oorwinningslewe, as ’n totaal onbereikbare ideaal en sê aan hulle volgelinge dat hulle swak mense is wat nooit volkome oorwinning oor sonde en vleeslikheid sal verkry nie. Die vyand word beskou as te sterk vir hulle, daarom moet hulle hulself versoen met die gedagte dat hulle altyddeur maar net woestynbewoners sal wees – niks meer nie. Hulle is tog uit Egipte verlos en moet daarby berus. Gelowiges moet nie na die dieper lewe soek nie, want dit is nie vir hulle beskore nie.

Erken jy hierdie soort taal wat nie net fatalisties is nie, maar ook getuig van ongeloof oor verskeie Bybelse beloftes? Sulke teoloë en kerkvaders ondermyn die geloofwaardigheid van die Bybel omdat hulle hoofsaaklik op ontkenning ingestel is. Nie almal van hulle ontken alle Bybelse leerstellings nie, aangesien sommige van hulle wel die verlossingsleer erken, soos uitgebeeld deur Israel se verlossing uit Egipte. Hulle volstaan egter hierby, ontken dat

daar nog 'n verdere oorgang na die Land van Belofte is, en sluit hulleself sodoende van talle Bybelse beloftes uit. Weens hulle selfopgelegde teologiese beperkings ontken hulle die volgende leerstellings en beloftes in die Bybel, en beweer pront-uit: Daar is nie 'n verdere genadewerk van hartsreiniging en vervulling met die Heilige Gees nie omdat alle Christene reeds die Gees in sy volheid ontvang het; daar is nie so iets soos vleeslike Christene wat hoofsaaklik deur die vlees wandel nie; daar is nie 'n wegraping, 'n persoonlike Antichris of 'n letterlike verdrukking van sewe jaar nie; Israel is nie meer God se volk nie en die herstel van moderne Israel het niks met die Bybel te doen nie; die troon van Dawid sal nie in Jerusalem herstel word nie en daar sal ook nie 'n duisendjarige vrederyk ná die wederkoms van Christus wees nie. Hierdie groep teologiese verkenner erken Jesus Christus wel as Verlosser, maar is nie met die Heilige Gees vervul nie, verstaan glad nie die volle raad van God nie, en berus volkome by die woestynlewe met sy geestelike armoede en sukkelbestaan. Hulle verstaan ook nie Bybelse profesieë nie, daarom is daar nie 'n toekoms wat vir hulle wink nie.

Soos wat geestelike verval toeneem, word die lys van teologiese ontkenninge net langer en die verval neem al hoe groter afmetings aan. Die volgende is nuwe toevoegings tot die lys, en daardeur word die basiese fundamente van die Christelike geloof heeltemal omgekeer (vgl. Ps. 11:3): Volgens moderne afvalliges is daar nie so iets soos wedergeboorte nie omdat mense op 'n ritualistiese wyse gered word deur die doop; Christus is nie maagdelik gebore nie; Hy is nie God nie; sy kruisiging was 'n politieke daad wat niks met die vergifnis van sonde te doen het nie; Hy het nie uit die dood opgestaan nie en dus ook nie na die hemel opgevaar nie; Hy is nie die enigste Verlosser nie omdat daar ook baie ander messiasse in die wêreldgodsdienste is; die Bybel is nie die geïnspireerde en foutlose Woord van God nie; daar is nie 'n hemel of 'n hel nie en ook nie 'n duiwel nie; sonde is 'n relatiewe begrip en elkeen kan vir homself besluit wat reg en verkeerd is. Hierdie groep teologiese verkenner is van mening dat dit 'n fout was vir Israel om uit Egipte weg te trek en hulleself tot 'n miserabele woestynlewe te beperk. Hulle is ten gunste van 'n terugkeer na Egipte en die aanvaarding van 'n intergeloofsoriëntasie. Godsdienstige denke van hierdie aard verteenwoordig die oorgang vanaf 'n swak geloof na totale ongeloof. Uiterste geloofsverval is volgens die Bybel die gevolg van demoniese geïnspireerde misleiding, en dit is veral kenmerkend van die eindtyd kort voor die wederkoms van Christus (1 Tim. 4:1).

### **Die minderheid getroues**

Teenoor die groot groep dwalendes is daar 'n klein groepie gelowige verkenner wat goeie raad uit die Woord van God gee. Hulle doen hulle bes om geloof in die almag van God en die waarheid van sy beloftes te bevorder. Daar is immers 'n Beloofde Land om in besit te neem, en dit kom op wantroue in God neer indien ons sou weier om sy beloftes in die geloof aan te neem en Hom vir 'n volle verlossing en volkome heiligmaking te vertrou (vgl. 1 Thess. 5:23). Waarom sou Hy 'n land (of lewe) aan ons belowe waar ons vry van oorheersing deur ons vyande kan leef, indien dit onmoontlik is om oorwinnings in sy Naam te behaal? Ons sal onself geestelik drasties verarm indien ons ons nie verootmoedig en op die vervulling met krag uit die hoogte wag nie, want dit is die sleutel tot oorwinning oor al ons vyande.

Die twee betroubare verspieders is deur die volk verwerp en daar was selfs 'n oproep om hulle te stenig. Dit is vandag ook so, daarom is daar dikwels 'n groot mate van antagonisme en negatiewe emosies tussen lidmate en leiers van verskillende denominasies. Predikers wat sterk op evangeliese beginsels staan, en dit sluit die dieper genadewerk van heiligmaking in, is meestal nie populêre geestelike leiers nie. In hulle verkenning van die geestelike landskap is hulle ten volle bewus van die groot mag van die vyand. Dit beïnvloed egter nie hulle siening oor die pad vorentoe negatief nie, want hulle is ook bewus van 'n nóg groter waarheid, naamlik die almag van God om sy Woord te vervul en al sy beloftes waar te maak. Hy is ten volle in staat om almal van ons meer as oorwinnaars te maak.

Die kerk van die eindtyd is in drie uiteenlopende groepe verdeel. Sommige lidmate is vormgodsdienstiges wat net met hulle verstand glo en dus steeds in Egipte is omdat hulle nog nie deur die bloed van die Lam losgekoop is nie. Party van hulle mag dalk as meelopers saam met die volk van God op reis wees, maar hulle het nog nooit onder die bloed van die Lam

skuiling geneem nie. 'n Ander groep is wel uit hulle sondige verlede gered, maar bevind hulleself in die sukkelbestaan van 'n woestynlewe omdat hulle nog nie heiligmaking deelagtig geword het nie. Net 'n kleiner, derde groep bevind hulleself in die Beloofde Land van 'n oorwinnende geestelike lewe. In baie gevalle is daar verteenwoordigers van al drie hierdie groepe in dieselfde gemeente – ongereddes, vleeslikes én geestelikes.

'n Groot deel van die probleem lê by die ontvangers van godsdienstige boodskappe, omdat hulle dikwels subjektief teen die waarheid gekant is. Die leerstellings van die kerke waaraan hulle behoort, is egter ewe belangrik om die aard van hulle geloof (of die gebrek daaraan) te bepaal. Soos wat Israel se verspieders botsende idees gehuldig het, het kerke vandag ook 'n groot verskeidenheid uiteenlopende en botsende leerstellings wat vereis dat 'n keuse tussen hulle gemaak moet word. Elke persoon moet eers seker maak of die volle waarheid in 'n bepaalde kerk verkondig word voordat hy daarby aansluit. Lees hulle geloofsbelydnisse en stel vas wat hulle verhouding met die Here en sy Woord is. Wat is hulle siening oor die Godheid, oor verlossing, oor heiligmaking, oor die Bybel self, en ook oor die wederkoms van Christus? As daar ernstige rede tot kommer is, ook oor die wyse waarop die predikers hulle geloof prakties uitleef ('n boom word aan sy vrugte geken), kan jy jouself nie met dié kerk vereenselwig nie omdat hulle jou geestelik sal verlam en vir die waarheid verblind.

Dieselfde reël geld ook vir Christelike webwerwe op die internet. Lees eers wat hulle oor hulleself sê en waarin hulle glo. As jy dit nie doen nie, kan jy jouself aan ernstige dwalings blootstel en geestelik baie skade ly. Die misleiding is reeds só wydverspreid dat groot dele van die tradisioneel Christelike wêreld besig is om in 'n moeras van dwalings en valse leerstellings weg te sink. As dit duidelik word dat 'n skip besig is om te sink, moet jy so gou as moontlik van dit afkom en op reddingsboot na veiligheid roei.

Weens die lae geestelike standaard wat so algemeen in die wêreld voorkom, bid verskeie van die toegewyde Christene ernstig tot die Here dat Hy herlewing aan die kerk sal skenk – dat die geestelikes onder hulle opnuut vervul sal word met krag uit die hoogte om die Here met groter ywer te dien; dat die vleeslikes 'n volle oorgawe sal maak sodat hulle die oorwinning kan beleef wat die Here aan almal van ons belowe; en dat die ongereddes gered sal word. Ons leef in 'n tyd waarin dié wat onreg doen nog meer onreg doen, maar waarin die heiliges opgeroep word om nog heiliger te word (Op. 22:11).

As gevolg van die eise wat daar in die eindtyd weens groter afvalligheid aan Christene gestel word, moet kinders van die Here sorg dat hulle nie verflou in hulle ywer nie. Die Here Jesus het ons teen hierdie moeilike tydsomstandighede gewaarsku: “En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel” (Matt. 24:12). Ons moet ons nie soos Petrus op sy nagtelike vaart deur die stormsee, blind staar teen die donker golwe rondom ons nie, maar die oë op Jesus gevestig hou en sy koms verwag: “En elkeen wat hierdie hoop op Hom [Christus en sy wederkoms] het, reinig homself soos Hy rein is” (1 Joh. 3:3).

Terwyl ons op die koms van die hemelse Bruidegom wag, moet ons baie seker maak dat ons nie geestelik op 'n dwaalspoor beland en iewers in die woestyn van 'n vleeslike of wêreldse leefwyse rondswerf nie. Om in 'n Nuwe-Testamentiese sin in die Beloofde Land te wees, beteken dat ons al die Here Jesus se beloftes oor redding en heiligmaking sal aanneem en Hom daagliks sal navolg (1 Joh. 2:6). Dit sal ons in staat stel om volwasse Christene te word wat 'n oorwinnende stryd teen ons geestelike vyande voer. Die sleutel tot 'n lewe van oorwinning en vrugbare diens is getrouheid aan ons Verlosser. Johannes sê: “Wees op julle hoede, dat ons nie verloor wat ons deur arbeid verkry het nie, maar 'n volle loon ontvang. Elkeen wat 'n oortreder is en nie bly in die leer van Christus nie, hy het God nie. Wie in die leer van Christus bly, hy het die Vader sowel as die Seun” (2 Joh. 1:8-9).

Mag die Here ons help om in die leer van Christus te bly deur altyd sy Godheid, almag en genadewerk te erken, en daagliks toe te neem in sy genade en kennis (2 Pet. 3:18). Wanneer Hy meer word in ons harte, in ons lewens én in ons gemeentes, sal ons op 'n oortuigende wyse kan uitreik na vleeslike Christene wat nog doelloos rondswerf in 'n geestelike woestyn, asook na 'n ongeredde wêreld wat die slagoffers is van onkunde, ongeloof en misleiding.



### 3. Oorwinning oor die Vlees

*Skriflesing: Efésiërs 4:21-32.*

Die leerstelling oor heiligmaking behels twee duidelik onderskeibare aspekte, naamlik die aflê van die ou, sondegeneigde natuur, en die vervulling met die Heilige Gees waardeur ons met 'n nuwe natuur bekleed word. Indien hierdie oorgawe nie gemaak word nie, bevind 'n Christen homself in 'n tweestryd waarin die vlees en die Gees teenoor mekaar staan: "Want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie" (Gal. 5:17). Die ongekrusigde vlees weerhou 'n Christen daarvan om die Here heelhartig en met oorgawe te dien, omdat hy by herhaling die Heilige Gees deur sy vleeslike optrede bedroef en teëstaan. Só 'n persoon wandel nie deur die Gees nie, maar deur die vlees.

In die kerkgeskiedenis van die 18<sup>de</sup> en 19<sup>de</sup> eeue was heiligmaking 'n leerstelling wat die grondslag was vir herlewings in verskeie lande. In ons tyd ontbreek die ervaring van heiligheid, oorwinning oor sonde en ware dissipelskap in die meeste Christene se lewens. Weens onkunde, laksheid of misleiding ontwyk die seën van die volheidslewe die grootste deel van die eindtydse kerk. Talle moderne kerke het in oppervlakkigheid, teologiese dwalings, vleeslikheid en wêreldgesindheid verval omdat hulle nie deur die Gees van God wandel nie.

Omdat baie predikante, teoloë en belydende lidmate nie Geesvervuld is nie, weet hulle nie wat dit is om geestelik op te groei, onder die leiding van die Heilige Gees Bybelstudie te doen en in die dieper dinge van God se Woord onderrig te word nie (1 Kor. 2:10). Baie van hulle berus by hierdie toestand van vleeslikheid en geestelike onvolwassenheid, terwyl ander weer tevergeefs hulle gebreke en tekortkomings probeer aanvul deur valse herlewings te soek wat op ekstatische tekens en wonderwerke gebaseer is (die ervaringsteologie).

'n Christen wat van wedergeboorte kan getuig (aanvanklike heiligmaking), moet beseft dat dit net die begin is van 'n pad wat na geestelike volwassenheid, insig en diensbaarheid lei (volkome heiligmaking). Sulke mense moet hulle beywer om in kennis en genade toe te neem sodat hulle geestelik ten volle toegerus kan wees: "En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak" (1 Thess. 5:23).

Uit Paulus se stelling in Efésiërs 4:22-24 is dit baie duidelik dat 'n Christen die oue mens moet aflê. Dit behels die verloëning of kruisiging van die vlees met al sy sondige gewoontes en begeerlikhede. Verskeie werke van die vlees word in dié hoofstuk deur Paulus genoem, soos leuens, woede, bitterheid, vuil taal en diefstal. In Efésiërs 5:18 word dronkenskap ook by die lys van sondes gevoeg. 'n Persoon wat homself aan sulke dinge skuldig maak, bedroef die Heilige Gees en kan uit die aard van die saak nie 'n Geesbeheerde lewe lei nie. Die opdrag is egter om die hindernis van die vlees op grond van die Here Jesus se kruisdood af te lê en te oorwin. In die plek daarvan moet ons met 'n lewe van heiligheid en Godsvrug bekleed word en daadwerklik daarin opgroei na geestelike volwassenheid.

#### **Die Gees en die vlees**

Romeine 8:1 sê dat ons nie deur die vlees moet wandel nie, maar deur die Gees. Dit vereis meer as net veranderde denke om van 'n vleeslike na 'n geestelike gedragpatroon oor te skakel. Die oue mens, wat in beginsel afgelê is tydens die aanvaarding van Christus as Verlosser, moet ook in 'n volle oorgawe prakties oorgelewer word om gekruisig te word sodat ons onbelemmerd met die nuwe mens bekleed kan word. Die ou natuur is deur die mag van die gewoonte in ons lewe gevestig, en hierdie mag moet verbreek word. As ons dit nie doen nie, behou die vlees sy heerskappy en staan vierkantig in ons pad, "omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie" (Rom. 8:7). Dit is teen sy natuur om die Gees se gesag te aanvaar.

Daar is geen sprake daarvan dat die vlees getem, of dalk net geïgnoreer of onderdruk kan word nie. Die Bybel sê die oue mens is onrehabiliteerbaar sleg, daarom moet hy sterf:

“... aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie” (Rom. 6:6). Paulus sê hy roem in die kruis van die Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir hom gekruisig is en hy vir die wêreld (Gal. 6:14). Christus het nie net vir Paulus gesterf nie; Paulus moes ook vir die sondige wêreld sterf (Rom. 6:6, 11).

### **Sleutelbegrippe**

Die opdragte oor “aflê” en “beklee” is sleutelbegrippe in ons geestelike lewe, en dit geld vir sowel ons wedergeboorte as ons heiligmaking. Paulus sê vir die Kolossense dat die aflegging van hulle ou lewe met die verlossing en afsterwe van verskeie sondes gepaard gegaan het: “Maak dood dan julle lede wat op die aarde is, naamlik hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is, waardeur die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid kom, waarin julle ook vroeër gewandel het toe julle daarin geleef het” (Kol. 3:5-7). Hulle is klaar met hierdie dinge – dit mag nie weer beoefen word nie.

Paulus gaan dan voort en noem ’n hele aantal vleeslike werke en neigings wat nog steeds in die geredde gemeentede teenwoordig is, en wat in ’n verdere oorgawe afgelê moet word. Hy sê vir hulle: “Maar nou [dit is nou dat hulle gered is] moet julle ook dit alles aflê, naamlik toorn, woede, boosheid, laster, skandelige taal uit julle mond. Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper” (Kol. 3:8-10).

Uit hierdie gedeelte is dit duidelik dat die geredde persoon nog steeds onder die beïnvloeding van ’n sondegeneigde, vleeslike natuur is wat afgelê, gekruisig en oorwin moet word. Indien die stap van volle oorgawe nie geneem word nie, sal vleeslike werke soos kwaadsprekery, onverdraagsaamheid, twis, vuil taal en leuens nog gereeld voorkom, en dit is ’n vaste bewys dat sulke persone nie regtig Geesbeheerde lewens lei nie. Dieselfde probleme van vleeslikheid het ook in ander gemeentes voorgekom. Paulus het vir die Korinthiërs gesê:

“En ek, broeders, kon met julle nie spreek soos met geestelike mense nie, maar soos met vleeslike, soos met klein kinders in Christus. Ek het julle met melk gevoed, nie met vaste spys nie, want julle was nog nie daartoe in staat nie, en julle is nou nog nie daartoe in staat nie, omdat julle nog vleeslik is; want aangesien daar onder julle jaloersheid en twis en tweedrag is, is julle nie vleeslik nie en wandel julle nie na die mens nie?” (1 Kor. 3:1-3). In dieselfde hoofstuk verkwalik hy hulle dat hulle nie eers beseft dat hulle as kinders van God onder die volle beheer van die Heilige Gees behoort te lewe nie: “Weet julle nie dat julle ’n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?” (1 Kor. 3:16).

Hierdie vleeslike Christene het nie eers beseft dat die Heilige Gees in hulle woon, en dat dit hulle daartoe verbind om heilig te leef nie. Hulle het nie die regte ingesteldheid oor hulle nuwe lewe as Christene gehad nie. As ons baie ernstig daarvoor is om ’n Christelike karakter te ontwikkel, moet ons begin by die aflê van die ou natuur. Bely elke vorm van vleeslikheid, asook die vleeslike toestand waarin jy verkeer, en lewer die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede oor om gekruisig te word. Daarna moet jy konsekwent die houding inneem dat jy vir die vlees en die sonde gesterwe het, sodat die mag van die gewoonte en die verkeerde ingesteldhede van die verlede verbreek kan word:

“So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here. Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die

diens van God” (Rom. 6:11-13). Moenie aan die sonde ’n bestaansreg in jou lewe gee en redeneer dat jy maar ’n sondaar is en daarmee moet vrede maak nie, want dan sal jy nooit uit jou vleeslike toestand verlos word nie. Christene wat nie dié saak ernstig opneem nie, leef onder die oorheersing van die swakhede van hulle ou lewe voort, kom dadelik weer onder die mag daarvan, en bevind hulleself in ’n vleeslike toestand wat deur geestelike kragteloosheid, wisselvalligheid en onvolwassenheid gekenmerk word.

### **Groei in heiligmaking**

Dit is uiters belangrik om in ’n stap van oorgawe die sonde en vleeslikheid af te lê en daarvan gereinig te word, want dan eers kan die Heilige Gees jou vervul en volle beheer oor jou lewe neem. Die natuur van Christus kan daarna sonder ’n vleeslike struikelblok in jou gevestig word. Dit sal aan jou groot vreugde verskaf om jousef met die nuwe mens te beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid. Paulus sê: “Beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie” (Rom. 13:14). Dit is ook ’n goeie idee om spesifieke karaktertrekke van Christus aan te kweek en vir jousef toe te eien, sodat jy gaandeweg meer aan sy beeld gelykvormig kan word:

“Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid. Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander ’n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen. En beklee julle bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is. En laat die vrede van God, waartoe julle ook in een liggaam geroep is, in julle harte heers, en wees dankbaar. Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid” (Kol. 3:12-16). Die Here Jesus is die vleesgeworde Woord, daarom bring meer kennis van die Woord ook ’n groter bewussyn van wie Hy self is.

Soos wat ons groei in genade en kennis van Christus, sal heiligmaking ook kwalitatief in ons lewens toeneem. Die vernuwende werk van die Heilige Gees in ons binneste moet daagliks voortgaan en toeneem. Paulus sê vir die Kolossense hy het vir hulle gebid, “dat julle vervul mag word met die kennis van sy wil in alle wysheid en geestelike insig, sodat julle waardiglik voor die Here mag wandel om Hom in alles te behaag en julle in elke goeie werk vrug mag dra en in die kennis van God mag groei” (Kol. 1:9-10). Hulle moet daarna streef om volmaak en volkome te staan in die ganse wil van God (Kol. 4:12).

### **Voortgesette stryd teen menslike swakhede**

Waarom is daar ’n behoefte aan hierdie sterk en volgehoue verbintenis tot heiligmaking nadat ’n Christen reeds ’n volle oorgawe gemaak, met die nuwe mens beklee en deur die Heilige Gees vervul is? Is daar dan nog altyd vleeslikheid in ons waarteen ons moet stryd voer? Ja, die stryd duur voort en die proses van heiligmaking moet voortgesit word, want Geesvervulde kinders van die Here kan ook foute maak, versoek word en sonde doen. Daar is selfs die moontlikheid van veragtering in die genade indien hulle nie hulleself konsekwent aan die roeping tot volgehoue heiligmaking toewy nie.

Hoewel ’n Christen van die verdorwe, sondige natuur verlos kan word, deur die Heilige Gees vervul kan word en ook deur die Gees kan wandel, het hy nog steeds ’n menslike liggaam met inherente swakhede soos beperkte krag, onvolmaakte kennis, wisselende emosies, asook vyf sintuie wat poorte is waardeur hy versoek kan word. In die Bybel word die menslike liggaam ook soms as “vlees” beskryf, met of sonder die oorheersing deur die sondige natuur. ’n Geesvervulde Christen het dus ook ’n vlees met al sy swakhede en potensiaal om te sondig, al het hy ook sy sondige natuur oorgelewer om gekruisig te word.

As Christen moet die lewe van Jesus in my sterflike vlees (of liggaam) geopenbaar word (2 Kor. 4:11). Paulus sê: “Ek is met Christus gekruisig, en ék [die ou, sondige Paulus] leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees [in my swak menslike liggaam]

lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God” (Gal. 2:20). Die sondige natuur van Paulus was dus dood, maar andersins het hy self, as die nuwe mens, nog in sy eie liggaam gewoon. Christene wandel ook in die vlees (liggaamlik) al het hulle hul ou, vleeslike natuur afgesterf: “Hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie” (2 Kor. 10:3). Ons is steeds in ’n menslike liggaam, maar ons leef nie onder die oorheersing van die gevalle menslike natuur nie, maar onder die oorheersing van die Gees.

Die swakhede van ons menslike liggame is nie as sodanig sonde nie, maar as die Heilige Gees nie ons swakhede te hup snel en ons die krag gee om foute en sondes te vermy nie, kan ons wel sondig. Die Here se genade is vir ons genoeg om nie weens ons swakhede te sondig nie: “Want ons het nie ’n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word” (Heb. 4:15-16).

Die Here het nie medelye met sonde nie – daarvoor het Hy ’n oplossing, naamlik vergifnis en verlossing. Hy het egter wel medelye met menslike swakhede en hy wil ons help om dit te bowe te kom. Onthou dus dat Geesvervulde Christene nog steeds weens hierdie tipiese menslike swakhede oordeelsfoute kan maak, in moedeloosheid of hoogmoed kan verval, moeg en uitgeput kan raak, impulsiewe besluite kan neem wat nie goed deurdink en genoeg oor gebid is nie, hulle selfbeheersing onder druk kan verloor, ens. Die Here verseker ons dat daar voor sy genadetron oplossings vir en oorwinning oor al hierdie probleme is.

Die swakhede wat die menslike liggaam steeds ná ’n volle oorgawe het, moet des te meer ’n uitdaging wees om die opdrag tot heiligmaking konsekwent te volbring, dan sal ons nie so dikwels verskoning hoef te vra vir nalatigheid, vleeslike gedrag en liefdelose gesindhede nie. Paulus sê: “Ek spreek menslikerwys ter wille van die swakheid van julle vlees; want net soos julle jul lede diensbaar gestel het aan die onreinheid en wetteloosheid om wetteloos te wees, so moet julle nou jul lede diensbaar stel aan die geregtigheid tot heiligmaking. ... Nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe” (Rom. 6:19, 22).

Noudat ons vry is van die slawerny aan sonde, en in ’n volle oorgawe die hele beheer van ons lewe aan die Heilige Gees oorgegee het, is daar onbepaalde moontlikhede om die Here te dien. ’n Lewende geloof is ’n geloof wat vrug oplewer vir die koninkryk van die hemel, en dit is die grondbetekenis van die woord “heiligmaking” – afgesonder vir die diens van die Here!

## 4. Die Bou van 'n Geestelike Huis

*Skriflesing:* 1 Korinthiërs 3:9-16.

Paulus gebruik die gelykenis van 'n huis wat opgerig word om die twee basiese aspekte van ons geestelike lewe uit te beeld, naamlik regverdigmaking en heiligmaking. Die fondament is absoluut noodsaaklik en dui op redding: "Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus" (1 Kor. 3:11). Hy is die rots waarop 'n verstandige persoon se lewe gebou is (Matt. 7:24), daarom word hierdie rots ook "die fondament ... van die bekering" genoem (Heb. 6:1). Dawid het in die Ou Testament al na die Here verwys as sy Rots en sy Redder (2 Sam. 22:2).

Regverdigmaking is 'n genadewerk wat die Here Jesus alleen vir ons kan doen. Paulus sê dat toe ons nog sondaars was, is ons met God versoen deur die dood van sy Seun (Rom. 5:10). Dit is 'n volmaakte verlossing wat ons net moet glo en aanneem, en dit lei na wedergeboorte. Die nuwe lewe wat ons van Christus ontvang, kan beskryf word as toegerekende geregtigheid omdat dit deur genade aan ons geskenk word sonder enige werke of meriete aan ons kant. Al wat die Here Jesus van ons verwag, is om op die pad van sonde om te draai, ons sondes te bely en Hom as Verlosser aan te neem – dan is die fondament van bekering en van die nuwe lewe in Christus gelê.

Wanneer Paulus sê dat hy die fondament gelê het, praat hy van mense wat deur hom gelei is om hulle tot die Here te bekeer vir redding. Dit is basiese evangelisasiewerk – om mense na Christus te lei om gered te word. Ons moet eers ons geloof in Jesus Christus stel deur wie ons 'n nuwe, weergebore lewe verkry wat ons regverdigmaking voor God is. Gedurende die verdere opbou van die huis nadat die fondament van bekering gelê is, word ons medewerkers van God deur die instaatstellende krag van die Heilige Gees. Hy rus ons toe vir diens en lei ons om ons lewens streng in ooreenstemming met Bybelse voorskrifte te lei. Dit is op hierdie terrein dat dinge lelik skeef kan loop as mense meer op hulle eie krag, insigte en wysheid staatmaak as op die leiding en bekragtiging van die Heilige Gees. Dit is onmoontlik om God op hierdie manier te behaag, en dit is die rede waarom vleeslike Christene met verganklike dinge op die Rots Jesus Christus bou. Hulle sal as mislukte dissipels met leë hande voor Christus se regterstoel verskyn – wel gered maar sonder werklike geestelike vordering.

Om ernstige foute van dié aard te voorkom, moet ons nie by hierdie stap berus nie, maar dadelik voortgaan om heiligmaking na te jaag. Paulus sê: "Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God" (Heb. 6:1). Daar moet vordering wees in ons geestelike lewe, en ons moenie so 'n halfhartige begin maak dat ons elke keer weer van voor af die fondament van bekering probeer lê nie. Ons moet onself daartoe verbind om die hoë roeping van God vir ons lewe te verwesenlik.

Elke geredde persoon het die opdrag om heilig te leef en God te behaag in alles wat hy doen: "... soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word" (1 Pet. 1:15). Dit is 'n opdrag waaraan alle Christene ná hulle bekering uitvoering moet gee, daarom is hierdie fase van ons lewe geleë op die vlak van meewerkende geregtigheid: "Want ons is medewerkers van God" (1 Kor. 3:9). Ons moet ons volle samewerking gee om God se plan met ons lewe te laat uitwerk.

Hierdie verpligting beteken hoegenaamd nie dat ons die Here bloot deur ons eie menslike werke moet probeer dien nie. Nee, ons kan nie onself heilig en uit ons eie krag waarlik die Here dien nie, al dink sommige mense ook hulle kan. Net die Here kan ons harte reinig en met sy Heilige Gees vervul. Hierdie ondervinding word as volkome heiligmaking beskryf, teenoor die aanvanklike heiligmaking wat ons tydens die eerste reiniging van ons sondes ontvang (2 Pet. 1:9). Paulus sê oor die tweede ondervinding: "En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus! Hy wat julle roep, is getrou; Hy sal dit ook doen" (1 Thess. 5:23-24). Dit is die Here wat ons heilig en met sy Gees vervul.

Om hierdie seën te kan ontvang, moet ons eers alles bely en aflê waarvan die Heilige Gees ons oortuig, insluitend die vleeslike toestand waarin ons steeds ná bekering verkeer. Die ou, sondige natuur van die mens is deur die mag van die gewoonte gevestig, en dit staan teenoor die Heilige Gees wat ons wederbaar het: “Want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie” (Gal. 5:17). Indien ons nie ’n volle oorgawe doen sodat die oorheersing van die vlees en sy hartstogte oorwin kan word nie, sal ons voortdurend met hout, hooi en stoppels op die fondament van bekering bou. Daar word dus in die proses van heiligmaking van ons verwag om die oue mens wat reeds in beginsel tydens bekering afgelê is, maar wat steeds ’n groot mate van beheer oor ons behou, ten volle af te lê sodat dit gekruisig en oorwin kan word.

Paulus sê vir die Efésiërs én die Kolossense dat hulle die oue mens moet aflê en hulle met die nuwe mens beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid (Ef. 4:22-24; Kol. 3:9-10). Hy herinner die Galásiërs daaraan dat ten spyte van die feit dat hulle tydens bekering in beginsel uit die ou lewe uitgestap het, daardie lewenswyse en neigings wat deur die mag van die gewoonte gevestig is, steeds hulle optrede bepaal. Daar is net een oplossing hiervoor, en dit is ’n verdere oorgawe om die vlees ten volle af te lê, die beheer van jou lewe aan die Heilige Gees oor te gee en deur Hom te wandel: “Die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig. As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel. Laat ons nie word soekers van ydele eer wat mekaar uittart en mekaar beny nie” (Gal. 5:24-26). Ons moet ná ons bekering konkrete keuses maak met die oog op heiligmaking en volle oorwinning oor die vlees en sy verdorwe gewoontes.

Christene kan inderdaad die Heilige Gees bedroef as hulle aanhoudend die vlees en sy sondige neigings toelaat om in hulle harte voort te bestaan. Hulle moet beseft dat hulle nie volledig met die nuwe natuur van Christus beklee sal word voordat hulle alle geestelike hindernisse afgelê het nie. Elke persoon het sy eie neigings en swakhede, en die inwonende Heilige Gees sal hom daarvan oortuig. Daar was van die herlewingspredikers soos Finney wat voorgestel het dat ons hierdie probleem baie prakties moet benader deur ’n lys te maak van al die sondes, swakhede en probleme waarvan die Heilige Gees ons oortuig. Werk dan deur daardie lys en maak die saak met die Here uit. Versoen jou ook met mense vir wie jy dalk op enige wyse benadeel het. Vergewe almal wat jou benadeel het, want sodoende kan jy die kwaad deur die goeie oorwin en verhoed dat daar ’n wortel van bitterheid in jou hart opskiet.

Kan jy sien dat ons by ’n volle oorgawe opnuut ’n eerlike selfondersoek moet doen en absoluut alles moet aflê waardeur die Heilige Gees bedroef word? Hiersonder sal heiligmaking nooit ’n praktiese werklikheid in ons lewe word nie. Ons het wel die belofte van heiligmaking, maar ons moet bepaalde stappe neem sodat dié beloftes vervul kan word: “Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring” (2 Kor. 7:1). Ons harte moet eers gereinig word, dan sal die Gees van God ons vervul en beheer.

Wat die proses van heiligmaking ná ’n volle oorgawe betref, moet ons beseft dat ons by ’n lewenslange groeiproses na meer heiligheid en groter Christusgelykvormigheid betrokke is. Ons sal nooit die ideaal van volmaaktheid bereik nie, maar ons moet nogtans daarna streef. Paulus sê hy jaag na die volmaaktheid asof hy dit ook kan gryp, omdat hy ook deur Christus Jesus gegryp is (Fil. 3:12). Verder moet ons ook rekening hou met die feit dat solank ons in ’n menslike liggaam is, daar altyd die moontlikheid van vleeslike optrede is. Hoewel ons nie meer in ’n vleeslike staat is nie, kan ons nogtans versoek word om vleeslik op te tree en weens ons menslike swakheid te sondig.

Dit kan ’n potensieel gevaarlike situasie van veragtering in die genade skep indien ’n Geesvervulde Christen nalaat om sondes dadelik te bely en te laat staan, want dan verkry die vlees weer ’n mate van beheer oor daardie persoon. Ons moet ook ernstig met mede-Christene praat indien ons sien dat een of ander sonde weer die oorhand oor hulle kry: “Broeders, as iemand ewenwel deur een of ander misdad oorval word, moet julle wat geestelik is, so een reghelp met die gees van sagmoedigheid, terwyl jy op jouself let, dat jy ook nie versoek word nie” (Gal. 6:1). “Wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie”

(1 Kor. 10:12). Ons moet elke dag ons kruis opneem waaraan ons vir die wêreld en die wêreld vir ons gekruisig word (Luk. 9:23; Gal. 6:14). Op hierdie manier kan verseker word dat nie net individuele Christene op die smal pad volhard nie, maar dat gemeentes ook kerngesond bly en instrumente in die Here se hand sal wees om die lig van die evangelie te laat skyn.

Wat gebeur indien gelowiges nalaat om uitvoering aan die opdrag tot heiligmaking te gee? Dan laat hulle die sondige natuur van die vlees toe om voort te bestaan en hulle geestelik lam te lê. Die vlees sal die Gees teëstaan en veroorsaak dat die betrokke persone nooit geestelik opgroei nie, en ook nooit regtig die vrymoedigheid sal hê om die Here te dien nie. Hulle sal intendeel baie probleme in die gemeente skep, en dit is presies die beswaar wat Paulus teen die gemeente in Korinthe gehad het. Hulle was só vleeslik dat hulle voortdurend in twis en tweedrag geleef het, en glad nie die insig gehad het om goeie geestelike onderrig te verstaan nie (1 Kor. 3:1-3).

Hoe meer van hierdie onvolwasse, vleeslike Christene daar in 'n gemeente is, hoe laer is die geestelike standaard en hoe groter die behoefte aan heiligmaking, herlewing en geestelike groei. Paulus se besorgdheid oor die geestelike toestand van die gemeente in Korinthe was baie groot. Hy het vir hulle gevra of hulle nie weet dat hulle 'n tempel van God is waarin die Heilige Gees woon nie. Dit was met die oog hierop dat hy vir hulle gesê het dat elkeen moet oppas hoe hy op die fondament Jesus Christus bou. Vleeslike lidmate wat met hout, hooi en stoppels bou, met ander woorde verganklike dinge wat geen geestelike waarde het nie, sal bedroë voor die regterstoel van Christus verskyn – met leë hande, gered asof deur vuur heen.

Andrew Murray waarsku ook teen 'n geestelik onvrugbare lewe in sy dagboek, "Die Goddelike Geheim". Hy sê: "So lank as wat ons onself nie onder die leiding van die Heilige Gees stel nie, sal die vlees oor ons heers." John Rice, 'n voormalige Amerikaanse herlewingsprediker, het probleme in verband met vleeslikheid in verskeie gemeentes aangetref en die volgende oor die belangrikheid van heiligmaking en vervulling met die Heilige Gees gesê:

"Om met die Heilige Gees vervul te word, is 'n opdrag. Dit word nie aan jou eie oordeel oorgelaat of jy daaraan wil voldoen of nie. Elkeen wat nie met die Heilige Gees vervul is nie, is buite die wil van God. Só 'n persoon is ongehoorsaam en leef 'n onvrugbare lewe. Die rede waarom jy nie siele wen nie, is omdat jy ongehoorsaam is en nie daarna soek om die volheid van die Gees van God in jou lewe te hê nie. Dit is 'n aanklag teen die volk van God dat hulle nie Geesvervulde lewens lei nie. Julle verkeer in sondige ongehoorsaamheid solank as wat julle nie die krag van God in julle lewens het nie.

"Mag die Here ook ons predikers vergeef. Ek is ten gunste van predikante en nie krities teenoor hulle nie, maar weet u wat is die probleem met ons predikante? Ons het omtrent alles in die lewe – ons het goeie opleiding, ons het universiteitsgrade, ons het goeie organisasies, ons het goeie toerusting, ons het goeie boeke en omtrent alles wat ons nodig het, behalwe één ding wat in ons lewens ontbreek: *die krag van God!*

"Om met die Heilige Gees vervul te word, sal jou iets kos. Jy moet sterwe aan jouself en bereid wees om as niks gereken te word. Daar moet 'n verlange en 'n dors in jou hart na die seëninge van die Here wees. Is jy vervul met die Heilige Gees? Ek wonder hoeveel mense is tevrede met die lewe wat hulle nou leef? Is jy tevrede om deur die lewe te gaan sonder om ooit 'n siel vir die Here Jesus te wen? Die Here wil jou hart en lewe verander, dit salf en toerus sodat jy 'n sielewenner kan word." (Bron: *Fullness of the Spirit*, deur dr. John Rice).

Die toerusting vir geestelike diensbaarheid is baie duidelik: die Heilige Gees is tweeduisend jaar gelede al uitgestort op Pinksterdag, en die doel daarmee was nie net om mense van sonde te oortuig en te red nie, maar ook om gelowiges toe te rus met krag uit die hoogte sodat hulle oor die sonde, die vlees en die wêreld kan oorwin en ook deur die Here gebruik kan word in die evangelisering van die ongeredde mensdom. Hoe meer Geesvervulde kinders van die Here daar is, hoe meer evangelisasie- en sendingwerk word daar gedoen, en hoe meer gebede gaan daar op vir die geestelike ontwaking van lou, vleeslike en wêreldgesinde kerklidmate wat steeds onbetrokke is by die werk van die Here op aarde. In antwoord op hierdie gebede werk die Here kragtig in die harte van diegene vir wie daar gebid word.



Dit was Paulus se verwagting dat die jong, Joodse bekeerlinge vinnig sou groei in heiligmaking en die kennis van die Here, sodat hulle self ook die boodskap aan hulle mede-volksgenote kon uitdra. Hy was egter teleurgesteld in hulle, omdat die bekeerlinge nie voortgegaan het om die seën van heiligmaking te soek nie, en daarom in die babaskoene van hulle geloofslewe vasgevang gebly het. As gevolg hiervan was hulle geestelike onderskeidingsvermoë baie swak en het Paulus hulle hieroor verkwalik: “Want hoewel julle vanweë die tyd leraars behoort te wees, het julle weer nodig dat ’n mens julle die eerste beginsels van die woorde van God moet leer, en julle het weer behoefte aan melk en nie aan vaste spys nie. Want elkeen wat melk gebruik, is onervare in die woord van geregtigheid, omdat hy ’n kind is. Maar vaste spys is vir volwassenes, vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei. Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan” (Heb. 5:12–6:1).

Daar moet groei en vooruitgang wees, sodat jong Christene geestelik volwasse kan word, in staat om ook ander te kan help wat nog nie op die pad van die Here is nie, of nog net in ’n vroeë stadium van hulle geestelike pelgrimsreis. Die feit is dat daar besliste stappe gedoen moet word om benewens basiese evangelisasie ook voorsiening te maak om jong gelowiges in die leer van heiligmaking te bevestig. Die “klein kinders in Christus” (1 Kor. 3:1) kan nie aan hulle eie lot oorgelaat word in die veronderstelling dat hulle maar self die weg tot die volheidslewe sal vind nie. Hulle is onkundig hieroor en moet geestelik onderrig word.

Andrew Murray het meer as ’n eeu gelede aan die spits van ’n herlewingsbediening in Suid-Afrika gestaan. Hy het altyd basiese evangelisasiewerk opgevolg met duidelike prediking oor vervulling met die Heilige Gees. Sy boeke oor heiligmaking as ’n verdere genadewerk ná bekering, word vandag nog in baie lande gelees.

Ander bekende herlewingspredikers uit die 18de en 19de eeue het dieselfde benadering gevolg. John Wesley se bekeerlinge het in sale bymekaargekom waar hulle oor hoër vlakke van geestelike toewyding onderrig is. Uiteindelik was daar meer as 500 sulke groepe, en dit was die begin van ’n nuwe kerk wat die heiligheidsboodskap verder uitgedra het. In Amerika was D.L. Moody ook ’n bekende evangelis. Nadat hy evangelisasiedienste op ’n plek gehou het waar baie mense tot bekering gekom het, het hy dit laat opvolg met ’n reeks dienste oor heiligmaking. Hy het dikwels vir dr. R.A. Torrey, wat later hoof van die Moody Bible Institute geword het, gevra om vir ’n week lank oor heiligmaking te preek. Dit het ’n groot verandering in baie gelowiges se lewens gebring. Hierdie boodskappe is gepubliseer, talle kere herdruk en het later ook in Afrikaans verskyn: “Die Heilige Gees: wie Hy is en wat Hy doen”.

Uit al hierdie voorbeelde is dit duidelik dat aksies vir evangelisasie aan goed georganiseerde aksies vir opvolgingswerk gekoppel moet word, want daardeur kan verseker word dat bekeerlinge nie geestelik stagneer en nalaat om hulle roeping as dissipels te vervul nie. Daar moet so ver moontlik seker gemaak word dat almal wat van regverdigmaking kan getuig, ook van heiligmaking kan getuig. Dan alleen word daar blywende en standhoudende werk in die uitbreiding van God se koninkryk op aarde gedoen.

Net diegene wat van heiligmaking kan getuig, bou met goud, silwer en kosbare stene op die fondament Jesus Christus. Dié wat in hulle vleeslikheid volhard, bou met hout, hooi en stoppels en verkwis hulle lewe ter wille van aardse belange wat geen waarde vir God se koninkryk het nie. Dit is nie vanselfsprekend dat elke geredde persoon noodwendig met die regte materiaal op die fondament van sy bekering sal bou nie. Baie van hulle doen dit nie, daarom sal hulle menslike werke verwerp word en sal hulle eendag met leë hande voor die Here staan – hulle kan wél van redding getuig, maar nie van heiligmaking nie.

Vleeslikes begryp nie hulle roeping om ’n tempel van die Heilige Gees te wees nie. As gevolg hiervan voel hulle baie gemaklik in die geselskap van wêreldlinge en soek nie na die dieper dinge van die Here nie. Hulle het geestelik gestagneer. Aan diegene wat reeds die stap van heiligmaking geneem het, gaan die boodskap uit dat daar hoër hoogtes is om na te streef. Die goeie saad van die Woord wat in ’n rein hart gesaai is, sal veel oplewer vir God se koninkryk.

## 5. Hou jou Geestelike Rekord Skoon

*Skriflesing:* “My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het ’n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is ’n versoening vir ons sondes” (1 Joh. 2:1-2).

Twee van die baie belangrike hoedanighede waarin die Here Jesus Homself aan ons openbaar, is dié van Verlosser en Voorspraak (of Advokaat). Dit staan in verband met ons aanvanklike redding en ook ons voortgesette reiniging van sonde daarná. Die volgende is die belangrikste funksies wat met hierdie twee hoedanighede in verband staan:

### Verlossing

Ons moet duidelike begrip hê vir die feit dat alle mense sondaars is en daarom almal aan die doodstraf skuldig is (Rom. 5:12). Hierdie feit is duidelik by Israel ingeskerp: “Die siel wat sondig, dié moet sterwe” (Eseg. 18:4). Dieselfde beginsel geld ook in die Nuwe Testament: “Want die loon van die sonde is die dood” (Rom. 6:23). Die doodstraf oor sondaars is nooit herroep nie, maar plaasvervangend deur Jesus Christus uitgedien ter wille van almal wat hulle geloof in Hom as Verlosser stel: “God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was” (Rom. 5:8). Die onskuldige Seun van God het in die plek van al die skuldiges op aarde gesterf sodat hulle gered kan word: “Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor. ... Die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom” (Jes. 53:5).

Die oomblik toe Jesus aan die kruis sy laaste asem uitgeblaas het, het Hy ’n baie belangrike sterwenswoord uitgespreek, naamlik *tetelestai* (*dit is volbring, of die prys is betaal* – Joh. 19:30). In daardie tyd het die woord *tetelestai* ’n besondere betekenis gehad, wat in ag geneem moet word as ons ten volle wil begryp wat Christus daarmee bedoel het. In die moderne tale is daar nie geskikte sinonieme vir dié woord nie, gevolglik het baie van die betekenis daarvan verlore gegaan. In Bybelse tye is die woord *tetelestai* as die sleutelwoord op ’n kwitansie gebruik. Dit het die betekenis gehad van *ten volle betaal*. Soms is daar net bo-oor ’n rekening *tetelestai* geskryf om aan te toon dat dit betaal is.

Paulus herinner die kerk van Christus aan hierdie groot waarheid wanneer hy vir hulle sê: “Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort” (1 Kor. 6:20). Petrus sê: “Julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van ’n lam sonder gebrek en vlekkeloos” (1 Pet. 1:18-19). Die getuienis van die ouderlinge in die hemel bevestig die feit dat hulle ten volle daarvan bewus is dat hulle lewens deur die bloed van die Lam vrygekoop is, en dat hulle dus net op grond van sy verdienste in die hemel is: “U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie” (Op. 5:9).

Verder was dit ook in die Bybelse tyd algemene praktyk om die klagstaat van ’n gevangene aan sy seldeur vas te spyker. Die oortredings waarvoor hy veroordeel is, is daarop aangeteken, asook die vonnis wat hom opgelê is. Nadat hy sy tronkstraf uitgedien het, is die klagstaat van die seldeur verwyder en gekanselleer deur in groot letters daaroor te skryf: *Tetelestai* (*Ten volle uitgedien*). Daarna is dit aan die betrokke persoon oorhandig, en niemand kon hom ooit weer vir dié oortredings aankla nie – hy het die vonnis uitgedien en daardeur die prys vir sy misdade betaal.

In ’n geestelike sin is alle mense gevangenes van Satan, “want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God” (Rom. 3:23). Aangekla deur hulle sonde is hulle in die mag van Satan waar hulle in sy dodeselle hulle verhoor en veroordeling tot die ewige dood voor die groot wit troon afwag. Die tronkbewaarder is die duivel self, en geen persoon kan homself deur sy eie mag bevry en die doodstraf wat op hom wag, vryspring nie.

Om veroordeelde sonde te kan red, het Jesus Christus gewillig die doodstraf uitgedien wat reeds deur God oor alle sonde uitgespreek is. Ná sy opstanding uit die dood is Jesus in 'n posisie om die klagstaat van elke verlore sonde te kanselleer deur met sy bloed daarvoor te skryf: *Tetelestai* – die vonnis is betaal. Paulus sê: “En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het, en die skuldbrief [of klagstaat] teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael” (Kol. 2:13-14). Die straf vir alle sonde is ten volle aan die kruis betaal.

Is al die sondes waarvoor die duiwel jou by die troon van God aangekla het, uitgewis deur die bloed van die Lam? Indien wel, dan kan niemand jou ooit weer daarvoor aankla of beskuldig nie. Dit maak nie saak hoe ernstig die oortredings was nie, want die straf daarvoor is reeds ten volle betaal. Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus jou vrygekoop het (Gal. 5:1).

### **Voortgesette reiniging**

Daar is bepaalde voorwaardes waaraan ons moet voldoen indien ons ons lewe rein wil bewaar voor die Here. Johannes sê: “As ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde” (1 Joh. 1:7). Wanneer die tydvorm van die betrokke werkwoorde in ag geneem word, kan hierdie teks só geparafraseer word: “As ons onafgebroke in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan is ons daagliks in verbinding met God; en die bloed van sy Seun, Jesus Christus, reinig ons voortdurend van alle sonde.”

Dit is 'n baie belangrike riglyn vir ons lewe ná bekering. Ons moet in die lig van die Here Jesus se teenwoordigheid wandel. Dit beteken dat ons in Hom moet bly en nie van Hom af moet wegdwaal nie. Hy is die vleesgeworde Woord, en deur die bestudering van die Woord kan ons verseker dat ons noue voeling met Hom behou. Paulus sê: “Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid” (Kol. 3:16). As ons dit eerbiedig, sal ons nie sonde doen nie. Die psalmis sê: “Ek het u woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie” (Ps. 119:11).

Die doel waarna ons moet strew is om nie te sondig nie. Weens ons menslike feilbaarheid kan ons egter wêl sondig, maar dan moet die saak dadelik weer reggestel word: “As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig” (1 Joh. 1:9). Sonde besoedel ons lewe en ons moet so gou as moontlik weer daarvan gereinig word: “Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind” (Spr. 28:13).

Dit moet 'n ernstige ingesteldheid by Christene wees om nie te sondig nie, maar indien dit nogtans gebeur moet ons so gou as moontlik reiniging verkry. Johannes beskryf die noodsaaklikheid van voortgesette reiniging so: “My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld” (1 Joh. 2:1-2).

Christene moet onthou dat daar gedurig pogings deur Satan aangewend word om hulle voor die Vader se troon in die hemel aan te kla wanneer hulle sondig. Die duiwel word in Openbaring 12:10 beskryf as “die aanklaer van die broeders” wat ons dag en nag voor God aankla. Wanneer Hy dit doen, tree Jesus Christus egter as Voorspraak of Advokaat namens ons op om die aanklagte te verwerp, mits ons reeds van daardie oortredings gereinig is.

Die Here Jesus behartig dus Christene se verdediging wanneer hulle by die Vader aangekla word. Die King James en New King James Bybels sê: “And if anyone sins, we have an Advocate with the Father, Jesus Christ the righteous.” Die Amplified Bible sê: “But if anyone should sin, we have an Advocate (One Who will intercede for us) with the Father; it is Jesus Christ the all righteous.” Die NIV sê: “But if anybody does sin, we have one who speaks to the

Father in our defence – Jesus Christ the Righteous One.” Om egter die voorreg te kan geniet van ’n Advokaat wat namens ons by die Vader intree, moet ons elke dag in die lig wandel en gereeld alle sondes waarvan die Heilige Gees ons oortuig, bely en laat staan. Ons moet dus in die versoening leef – dan alleen sal Satan se aanklagte verwerp word omdat die straf daarvoor reeds uitgedien is en dié sondes nie meer tussen jy en die Here staan nie.

### **Moedswillige en aanhoudende sonde**

Wat gebeur in die geval van moedswillige en volhardende sondes waarin kinders van die Here soms verval? Sal die hemelse Advokaat ook vir sulke oortreders voorspraak doen? Beslis nie, want daardie sondes word nie bely en laat staan nie, maar intendeel doelbewus oor en oor gedoen. Die betrokke persoon kom dan weer onder die mag van sonde, en mettertyd word daar ’n skeidsmuur van sonde tussen hom en die Here opgebou.

As gevolg van hierdie situasie val die persoon geestelik terug en hy bedroef nie net die Heilige Gees deur sy sonde nie, maar weerstaan Hom ook omdat hy nalaat om sy sonde te bely en te laat staan. Gaandeweg kry die sonde (en die duiwel) ’n groter mate van beheer oor die persoon se lewe, en kom daar ook ander sondes by. Opsetlike sondes van hierdie aard het verwoestende gevolge in ’n Christen se lewe: “As ons opsetlik sondig nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie” (Heb. 10:26).

Die moedswilligheid of opset wat hier aanwesig is, is ’n aanduiding dat die persoon onder die invloed van verleiding daartoe beweeg is om in stryd met sy gewete én die Woord van die Here met die sonde voort te gaan. Hy voldoen dus nie aan die Here se voorwaarde van belydenis en bekering, sodat hy vergewe en ook daarvan gereinig kan word nie.

Sulke Christene raak soms vasgevang in sondes soos buite-egtelike verhoudings, korrupsie, dobbelary, geldgierigheid en hoogmoed, asook vorms van geestelike misleiding wat by die vleeslike natuur aansluiting vind. Hulle laat die sondige vlees toe om weer ’n vastrapplek in hulle lewe te kry, en mettertyd raak dit die dominante mag in hulle lewe.

Koning Dawid het ook by sulke moedswillige en opsetlike sondes betrokke geraak. Hy het sy buurman se vrou begeer, terwyl die wet van die Here uitdruklik sê dat hy dit nie mag doen nie. Hy het ook moord gepleeg om van haar man ontslae te raak, terwyl die wet van die Here dit ook ten sterkste verbied. Toe die Here hom hard aangespreek het oor sy sondige toestand, het Dawid dadelik erken dat hy skuldig was. Hy het besef dat hy as ’n gesalfde van die Here in sonde geval het, dat sy hart as gevolg daarvan onrein geraak het, dat hy ’n wankelende gees gehad en voor die mag van ’n sondige begeerlikheid geswig het. Hy was terdeë daarvan bewus dat indien hierdie toestand sou voortduur, die Here selfs sy Heilige Gees van hom af kon wegneem. Dawid het homself egter verootmoedig en sy sonde só teenoor die Here bely:

“Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë. ... Verberg u aangesig vir my sondes en delg uit al my ongeregthede. Skep vir my ’n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my ’n vaste gees. Verwerp my nie van u aangesig nie en neem u Heilige Gees nie van my weg nie. Gee my weer die vreugde van u heil, en ondersteun my deur ’n gewillige gees” (Ps. 51:6-14).

Hoeveel te meer moet ons nie ook sulke situasies van toegee aan sondige begeerlikhede weerstaan nie! Paulus waarsku Joodse gelowiges wat besig was om terug te val, dat sonde die vermoë het om ’n mens verhard, afgestomp en gevoelloos vir vermanings te maak, daarom moet Christene ook gedurig daarteen gewaarsku word: “Vermaan mekaar elke dag ... sodat niemand van julle deur die verleiding van die sonde verhard word nie” (Heb. 3:13).

### **Teruggevallenes**

Die verskynsel van ’n toenemende aantal teruggevallenes is ’n groot tragedie in die Christendom. Daar was ’n tyd in sulke mense se lewens toe hulle as bevrydes van die Here uit

Satan se gevangenis gekom het. Hulle het in geloof die gekanselleerde klagstaat van hulle vorige sonde in besit geneem, waarop daar staan: *telelestai* (*ten volle betaal*). Hulle het daarna vir 'n tyd lank in die lig gewandel en die voortgesette reiniging deur sonde ervaar; hulle rekord het skoon gebly, en sonde is onmiddellik bely en laat staan soos wat die Heilige Gees hulle daarvan oortuig het.

Maar toe kom daar een of ander versoeking waaraan hulle geleidelik begin toegee. Dit kan 'n skielike sug na rykdom en roem wees, dit kan 'n verkeerde verhouding wees, of dit kan selfs broeiende ongeloof oor God of sekere aspekte van sy Woord wees. Dit pas sommige mense blykbaar om die Bybel te ignoreer, beheer oor hulle eie lewe te neem en dan volgens hulle eie begeertes en voornemens te begin leef. Dit gebeur baie geleidelik en feitlik onopsigtelik.

Bietjie vir bietjie, dag na dag, raak die sondige gedagte of voorneme in hulle harte gevestig. Hulle weet dat dit verkeerd is, maar die gedagte begin al hoe meer aantreklik lyk, daarom onderwerp hulle dit nie aan die gehoorsaamheid aan Christus nie (2 Kor. 10:5). Hierdeur bedroef hulle nie alleen die Heilige Gees nie, maar weerstaan Hom ook, en sodoende word daar vir die betrokke sonde ruimte geskep om in die persoon se lewe gevestig te raak.

Terwyl dit gebeur, kla die persoon se gewete hom aan oor sy voorgenome sonde, soos wat die Heilige Gees hom daarvan probeer weglei. Indien hy steeds die sondige voorstel akkommodeer, begin hy om geestelik af te koel, sy gebede raak korter en meer oppervlakkig, en hy raak haastig om van geestelike byeenkomste af weg te kom. Die uitgetrapte paadjie na die Advokaat se kamers word gaandeweg minder bewandel en die gras begin om dit toe te groei. In die geestelike klimaat waarin die persoon hom nou bevind, stel hy vir homself ander prioriteite en maak planne om sy lewenswyse daarby aan te pas.

Soos wat daar aan sondige voornemens uiting gegee word, raak hulle later gevestigde sondige gewoontes. Alle sondes is gewoontevormend, daarom ontwikkel hulle mettertyd in sondige vestings wat daarop ingestel is om van hulle slagoffers willose slawe te maak. Hulle intensiteit neem toe, en uiteindelik oorheers hulle jou hele lewe. Die drinker begin om al hoe meer te drink, totdat die drank uiteindelik sy hele lewe verwoes. Die dobbelaar dobbel al hoe meer totdat hy bankrot is. Geestelik misleides bou later 'n muur van leerstellige skeiding op tussen hulleself en die waarheid. Behalwe vir die feit dat sonde erger word, kom daar ook nuwe sondes by, omdat die een sonde altyd die deur vir ander sondes oopmaak.

Dit wat by 'n enkele sondige gedagte of begeerlikheid begin het wat nie weerstaan is nie, eindig in 'n tragedie. Jakobus sê: "Elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word. Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort" (Jak. 1:14-15).

Daar het dus nuwe inskrywings op hierdie teruggevalle persone se geestelike klagstate gekom, wat beteken dat hulle opnuut veroordeelde sondaars geword het. Die meeste van hulle ontken dit egter, en hou steeds 'n uiterlike gedaante van godsaligheid in stand. Hulle redeneer gewoonlik dat alle mense sondaars is en dat al die sondes wat hulle in die verlede gedoen het, wat hulle tans doen of nog gaan doen, reeds vergewe is. Die feit is egter dat sonde hier en nou vergewe moet word. Die klagstate wat ons verdoem, moet dadelik bely en aan die kruis vasgespyker word. Ons word nie eers eendag voor die regterstoel van Christus van sonde gereinig nie. Dáár ontvang ons slegs loon vir werke wat ewigheidswaarde het, en wat ons gedoen het toe ons volkome onder die versoening van Christus geleef het.

Indien 'n Christen tydens sy aardse lewe weer 'n slaaf van sonde word, dan sal hy vir seker die koninkryk van die hemel misloop. Paulus rig die volgende streng waarskuwing aan die gemeente in Korinthe, waarin daar ook teruggevallenes was: "Weet julle nie dat die onregverdige die koninkryk van God nie sal beërwe nie? Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodediensers of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of

gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie. En dit was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God” (1 Kor. 6:9-11).

Sondaars gaan nie hemel toe nie. Geestelike Korinthiërs wat in die lig gewandel en in die versoening volhard het, sal wel hemel toe gaan. Hulle wás sondaars – in die verlede tyd – maar is intussen gewas en gereinig van hulle sondes. Wat gebeur dan met diegene wat weer na hulle vorige sondes terugkeer? As hulle nie opnuut daaruit verlos word nie, sal hulle beslis verlore gaan. Petrus sê die volgende van sulke teruggevallenes:

“Hulle het die regte pad verlaat en verdwaal. ... Want as hulle, nadat hulle deur die kennis van die Here en Saligmaker, Jesus Christus, die besmettinge van die wêreld ontvlug het, hulle tog weer deur hierdie dinge laat verstrik en oorwin word, dan het vir hulle die laaste erger geword as die eerste. Want dit sou vir hulle beter wees as hulle die weg van die geregtigheid nie geken het nie, as dat hulle, nadat hulle dit leer ken het, hulle afkeer van die heilige gebod wat aan hulle oorgelewer is” (2 Pet. 2:15, 20-21).

Die verlore seun het homself in hierdie situasie bevind. Hy sou in die hel beland het indien hy nie 'n baie vaste besluit geneem het om hom van sy sondige weë te bekeer en na sy Vader terug te keer nie. Die Vader het self gesê dat die seun in sy afgedwaalde toestand geestelik “dood” en “verlore” was (Luk. 15:32). Die seun wat in sonde geval het, het egter gesê: “Ek sal opstaan en na my vader gaan, en ek sal vir hom sê: Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u” (Luk. 15:18). Hy is weer ten volle herstel in die plek in sy Vaderhuis waarvandaan hy uitgeval het. Sy sonde is vergewe; sy skuldbrief is uitgedelg.

Die boodskap is duidelik: elke mens op aarde het 'n Verlosser nodig om sy sondeskuld uit te delg en sodoende aan hom toegang tot die koninkryk van die hemel te verleen. Selfs al gebeur dit dat hy ná sy bekering weer sondig, en die duiwel na aanleiding daarvan 'n saak teen hom in die hemelse hof aanhangig maak, moet hy seker maak dat Christus as sy Advokaat wel tot sy verdediging kan kom. Dit vereis dat hy daagliks in die regte verhouding met die Here Jesus sal lewe en die voortdurende reiniging deur sy bloed sal ervaar.

Ongelukkig bevind verskeie voormalige Christene hulleself onder die geledere van die toenemende aantal geestelike skipbreukelinge wat van die geloof afvallig geraak het. Paulus sê dat ons aan die geloof en 'n goeie gewete moet vashou, en wys daarop dat baie mense dit van hulle af weggestoot en aan die geloof skipbreuk gely het (1 Tim. 1:19; 4:1). Sulke weerspannige gemeentelede wat in sonde geval het, moet tereggewys en opnuut tot bekering opgeroep word, sodat hulle “weer nugter kan word, vry van die strik van die duiwel, nadat hulle deur hom gevang was om sy wil te doen” (2 Tim. 2:25-26). Wat gebeur met die teruggevallenes wat hulleself nie uit hierdie toestand bekeer het nie?

“Maar as die regverdige afwyk van sy geregtigheid en onreg doen en handel volgens al die gruwels wat die goddelose doen – sal hy lewe? Aan al sy geregtighede wat hy gedoen het, sal nie gedink word nie; om sy troubreuk wat hy begaan het, en om sy sonde wat hy gedoen het, om hulle ontwil sal hy sterwe” (Eseg. 18:24). Dit is egter nie nodig nie, want Jesus Christus is steeds bereid om sondes te vergewe en ook oor nuwe inskrywings op ons klagstaat van sonde *tetelestai* te skryf. Jesaja sê die Here vergeef menigvuldiglik (Jes. 55:6-7).


Neem vrymoedigheid om by enige geleentheid tot sy genadetroon toe te tree op die weg wat Hy vir ons almal gebaan het (Heb. 10:19-22). Jou Verlosser is ook jou Advokaat wat by die Vader vir jou intree, en Hy het belowe om niemand wat na Hom toe kom, ooit uit te werp nie (Joh. 6:37). Jy hoef nie 'n afspraak te maak om na Hom toe te gaan nie, en ook niks te betaal nie, want Hy het reeds die volle prys vir alle sondes betaal. Al wat jy moet doen is om jou sondes te bely, daarmee te breek, en die vergifnis wat aan jou gebied word in die geloof aan te neem. Daarna moet jy vasstaan in die vryheid waarmee Christus jou vrygekoop het.

## 6. Geestelike Oorlogvoering

*Skriflesing:* “Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bese geeste in die lug. Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly” (Ef. 6:10-13).

In die lig van die fenomenale invloed wat Satan en sy demone op menselewens uitoefen, is dit uiters belangrik hoe ons hierdie probleem hanteer ten einde die aanslag op ons eie lewe af te weer en te kan oorwin in die stryd. Die Here het aan ons verskeie opdragte oor geestelike weerbaarheid in sy Woord gegee, bv. dat ons aan die duiwel en sy idees geen plek moet gee nie (Ef. 4:27), dat ons hom, sy versoekings en pogings tot misleiding deur sy medewerkers moet weerstaan (Jak. 4:7; Matt. 24:4), dat ons moet beseef dat dit ’n geloofstryd is waarin ons van geestelike wapens gebruik moet maak (1 Pet. 5:8-9; 2 Kor. 10:3-5), en dat ons soos bedrewe soldate moet wees wat ’n volle wapenrusting aantrek. Die uitvoering van al hierdie opdragte is slegs moontlik nadat ons deur die Heilige Gees bekragtig is om die goeie stryd van die geloof suksesvol te kan stry (Hand. 1:8; Ef. 6:10-11; 1 Tim. 6:12).

Die wapenrusting van God is standaard toerusting vir alle gelowiges in die stryd teen ons gemeenskaplike vyand. Paulus verwys nie na spesiale toerusting wat slegs vir diegene bedoel is wat by bevrydingsbedienings betrokke is nie. Hy het die gewone, alledaagse stryd van die gelowige in gedagte. Hoewel hierdie stryd op ’n geestelike vlak gevoer word, is dit ’n baie werklike stryd teen ’n groot en gedugte vyand. Die omvangrykheid van die geestelike oorlog blyk uit die feit dat dit van vyf fronte af teen gelowiges gevoer word. In elke geval neem die vyand ’n ander gedaante aan en pas ’n verskillende strategie toe om sy werk van verleiding en ondermyning te kan doen. In die vyf hoedanighede kom Satan of een van sy talle trawante as teëstander, verleier, misleier, berower, of aanklaer om hulle ondermynende werk te doen.



Op elk van hierdie vyf terreine moet ons die gedaante en werkswyse van die vyand korrek kan identifiseer sodat daar doeltreffend teen hom weerstand gebied kan word.

### Teëstander

In die eerste en mees klaarblyklike opsig van die stryd word die duiwel beskryf as die Christen se teëstander, wat sy ondergang of skade op alle lewensterreine soek: “Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos ’n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof” (1 Pet. 5:8-9).

Hierdie posisie van konfrontasie is onvermydelik: die duiwel is ons teëstander wat ons op allerlei wyses beveg en struikelblokke in ons pad gooi. Ons opdrag is om hom in die geloof te



weerstaan en dus ook sý teëstander te wees. Ons moet nie ons oë sluit vir sulke situasies deur dit weg te redeneer nie. Baie mense skryf al hulle probleme aan omstandigheidsfaktore of ander oorsake toe, en sien nie die aandeel van die vyand daarin raak nie. Sulke mense soek ook nie na geestelike oplossings vir hulle probleme nie, en hoop maar vir die beste of aanvaar neerlae op 'n fatalistiese wyse. Hulle is by voorbaat verloorders in die stryd.

Die intensiteit van Satan se teëstand ken geen perke nie, want as mensemoordenaar streef hy daarna om mense dood te maak. Oorloë, gevegte, noodlottige ongelukke, selfmoord, bakleiery en verskeie ander metodes word deur hom gebruik om sy moorddadige motiewe ten uitvoer te bring. Hy het nie onbeperkte mag oor mense nie, maar binne sy beperkte beweegruimte werk hy met groot lis om sy doel te bereik. Satan en sy demone gebruik ook 'n groot aantal langsame metodes waardeur hulle mense se lewens verwoes, soos bv. drank, dwelmmiddels en tabak.

Baie vorms van teëstand word in dié oorlog aangewend om Christene moedeloos te maak, van hulle planne in die diens van die Here te laat afsien, die stryd gewonne te gee en in 'n donker put van depressie te laat wegsink. Hieronder is konflik tussen gesinsgenote, vriende, kollegas en andere. Die bitsige en knaende vyandskap van andersdenkendes, bv. diegene wat godsdienstig en ideologies van jou verskil, kan ook tot moedeloosheid lei. Die persone wat aangeval word, lê dan óf die strydbyl neer óf handhaaf ter wille van goeie verhoudings en verminderde vyandighede 'n lae profiel.

Die duiwel kan ook aanvalle doen op 'n mens se ekonomiese belange en materiële besittings om jou skade te berokken en moedeloos te maak. Al die veelvuldige wyses waarop hy jou aanval, hetsy deur mense of deur omstandighede, moet in die naam van die Here weerstaan en die stryd teen hom voortgesit word. Volg die voorbeeld van die Here Jesus in hierdie opsig, en stry in sy krag teen die magte van die Bose wat ook deur ander mense werk:

“Want julle moet ag gee op Hom wat so 'n teëpraak van die sondaars teen Hom verdra het [dit is Jesus Christus], sodat julle in jul siele nie vermoeid word en verslap nie. Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie” (Heb. 12:3-4).

### **Verleier**

Satan is aktief besig om mense tot morele sondes te verlei. Die vleeslike hartstogte en begeerlikhede van die ou natuur word vir hierdie doel uitgebuit. Deur sondige suggesties en die aanwakker van die sondige natuur word mense tot sondige daede verlei. Voorbeelde van immorele daede is owerspel, brassery, dronkenskap, wraakgierigheid, moord, korrupsie, diefstal, dobbelary, valse getuienis en hebsug.

Die oplossing teen sondes wat uit vleeslike begeerlikhede voortspruit is waaksaamheid, selfbeheersing en gebed: “Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak” (Matt. 26:41). Ons moet met groot vrymoedigheid in die gebed tot die genadetroon nader, want die Here Jesus is die Oorwinnaar wat meer as bereid is om ons te help om in die stryd teen versoekings te kan oorwin. Hy weet wat versoekings is, en deur sy krag en outoriteit kán dit oorwin word.

Ons word ook telkens vermaan om onself te verloën en die ou natuur te kruisig, anders is ons 'n oop teiken vir morele sondes (Luk. 9:23; Gal. 6:14). Trouens, as ons nié die ou natuur aflê en oorgee om gekruisig te word nie, sal oorwinning oor versoekings ons sekerlik ontwyk.

### **Misleier**

'n Verdere gedaante waarin die Satan teen gelowiges veg, is dié van misleier. Dit het met godsdienstige misleiding en verdraaiings van God se Woord te doen. Hy buit mense se onkunde uit en dis allerlei godsdienstige leuens aan hulle op om hulle op 'n dwaalspoor te lei. Geestelike verval is die noodwendige gevolg hiervan: “Maar die Gees sê uitdruklik dat in die

laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang” (1 Tim. 4:1). In die eindtyd sal die gees van dwaling besonder aktief wees om die mensdom te mislei om die Antichris en sy valse profete te vereer en te aanbid: “Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei” (Matt. 24:4-5).

Petrus sê: “Daar was ook valse profete onder die volk, net soos daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer, en ook die Here wat hulle gekoop het, verloën en ’n vinnige verderf oor hulleself bring; en baie sal hulle verderflikhede navolg, en om hulle ontwil sal die weg van die waarheid gelaster word” (2 Pet. 2:1-2). Verderflike ketterye word in baie van die vooraanstaande universiteite en teologiese seminariëms in die wêreld bevorder. Die verval het reeds so ver gevorder dat omtrent al die belangrike leerstellings in die Bybel in ’n mindere of meerdere mate ontken word, bv. die skeppingsverhaal, die sondvloed, die verlossing van Israel uit Egipte, die maagdelike geboorte, Godheid, opstanding en hemelvaart van Christus en die heilswaarde van sy kruisdood, die verdrukking van sewe jaar onder die Antichris, die wederkoms van Christus, die herstel van die troon van Dawid in Jerusalem, en die duisendjarige vrederyk.

’n Gebrek aan kennis oor wat in die Skrifte staan, is die teelaarde vir godsdienstige misleiding. Die Here Jesus het gesê: “Julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak” (Joh. 8:32). Christene sal meer as ooit tevore kragtig moet stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is (Jud. 1:3). As ons Hom maar net wil toelaat, sal die Heilige Gees ons in die hele waarheid van God se Woord lei (Joh. 16:13).

### **Berower**

Een van die belangrike strategieë van Satan is om Christene te beroof. Hy wil hulle geestelik én materieel verarm. In plaas daarvan dat mense geestelik groei en volwasse word in die Here, wil hy hulle verbitterd en moedeloos maak en laat terugval: “Pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie” (Heb. 12:15). As die duiwel ’n mens van jou sielorus beroof en jou geloof verswak, raak jy verbitterd teen jou omstandighede, teen ander mense en selfs teen God. Dit kan daartoe lei dat jy terugval en ophou om vir die Here te werk en dan selfs jou genadeloon verbeur. Die Here bemoedig ons egter om te volhard sodat ons nie beroof word nie: “Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie” (Op. 3:11).

Johannes waarsku ook dat ons op ons hoede moet wees teen die Berower wat ons van ons genadeloon wil beroof: “Wees op julle hoede, dat ons nie verloor wat ons deur arbeid verkry het nie, maar ’n volle loon ontvang” (2 Joh. v. 8). Behalwe vir die geestelike skade wat die Berower ’n mens kan aandoen, is hy ook daarop ingestel om jou van jou geld, besittings, gesondheid en baie ander dinge te beroof. Hy weet dat wanneer hy dit doen, jy beperk sal word in die mate waartoe jy die Here kan dien en sy werk op aarde finansieel en andersins sal kan ondersteun. Die duiwel is inderdaad ’n dief wat kom om in te breek en te steel, en mense op allerlei wyses van hulle erfenis te beroof. Jesus het gesê: “Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê” (Joh. 10:10).

### **Aanklaer**

In ’n besondere opsig tree Satan ook as aanklaer op in die geestelike oorlog wat hy teen Christene voer. Hy kla Christene by die troon van God aan as hulle sondig en maak daardeur aanspraak op hulle. Hy kla Christene by die wêreldlinge aan sodat hulle vervolgt kan word deur ’n bose wêreld. Verder kla hy hulle by mekaar aan, sodat huwelike opgebreek en broedertwiste kan ontstaan waardeur die werk van die Here benadeel word. Hy is gedurig besig om onrus te stook, en ons moet hom ook in hierdie verband weerstaan en kragtig uit die Woord weerlê. Wat probleme met mede-Christene betref, sê die Here: “Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander ’n klag het” (Kol. 3:13).

## Die Wapens van die Lig

Die stryd waarin ons gewikkel is teen die sonde, die vlees en die wêreld (almal kanale wat deur Satan gebruik word), word primêr op die geestelike vlak gevoer: “Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp ...” (2 Kor. 10:3-4). Daar is ’n magtige arsenaal van ten minste vyf van hierdie wapens van die lig wat vir geestelike oorlogvoering tot ons beskikking is. Ons moenie net van dié wapens kennis neem nie, maar ook vaardig word in die gebruik daarvan:

### Geloof

My geloofsverhouding met die Here moet baie sterk en onwankelbaar wees, sodat ek my vertrou onder alle omstandighede volkome in Hom sal stel om van my meer as ’n oorwinnaar in die Here Jesus te maak. Ek moet weet en glo dat Hy wat in my is, groter en sterker is as hy wat in die wêreld is (1 Joh. 4:4). Sonder geloof in die Oorwinnaar is ek weerloos in die stryd teen sonde en ongeregtigheid. Die volgende Skrifaaanhalings onderstreep die feit dat ons in ’n geestelike stryd is waarin ons geloof in die Here ’n kragtige oorwinningswapen teen die Bose en al sy planne is:

- “Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof. Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?” (1 Joh. 5:4-5). As jy glo dat Jesus die Koning in God se koninkryk is, dat Hy aan die kruis die sonde en die dood oorwin het, dat Hy by die slag van die Armageddon die Antichris en sy wêreldmagte sal verslaan, dat hy die duiwel en sy gevalle engele in ’n put sal laat bind en daarna sy duisendjarige vrederyk op aarde sal vestig, dan moet jy glo dat Hy ook nou, in die hitte van die stryd, aan jou die oorwinning oor al die aanvalle van die sielevyand sal gee. Hy is die Oorwinnaar, en as een van sy gelowige volgelingen kan jy ook deel in sy oorwinning teen die magte van die duisternis. Ons moenie kleingelowiges wees wat maklik twyfel en vreesbevinge raak wanneer die stryd hewig raak nie (Matt. 8:25-27).
- “... neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus” (Ef. 6:16). In die huidige bedeling voer ons ’n geestelike stryd waarin gedagtes en idees ’n groot rol speel. Wanneer Satan sy sondige gedagtes en voorstelle op jou afvuur, moet jy dadelik skuil agter die skild van jou geloof in die ware God, dan sal die sondige gedagtes nie deur jou verdediging kan dring om hulleself in jou hart en verstand te vestig nie: “Onderwerp julle dan aan God, weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug” (Jak. 4:7). Beroep jouself op beloftes uit die Woord en bedink dit, dan sal die bese gedagtes van jou af wyk.
- “Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos ’n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof” (1 Pet. 5:8-9). ’n Belangrike deel van die geestelike oorlog, is kennis van die strategieë wat deur die vyand gebruik word. Hoe kan ons hom weerstaan as ons nie sy planne en metodes kan onderskei nie? Dit is tog duidelik dat alles wat in opposisie teen die Christelike geloof is, as sleg, boos en ondermynend beskryf kan word, en dus deel van Satan se aanvalle teen jou as persoon en ook teen die Christelike geloof. Paulus sê: “Hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liever” (Ef. 5:11).
- “Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe waartoe jy ook geroep is en die goeie belydenis voor baie getuies afgelê het” (1 Tim. 6:12). Die geloofstryd het baie fasette en verskillende wapens wat gebruik kan word, en ons moet vaardige strydere vir Christus wees. Die vaste fondament van jou geloof, die oorwinning aan die kruis, die swaard van die Gees, die krag van gebed en die vrymoedigheid om met jou mond te getuig van hierdie groot waarhede, is alles deel van die goeie stryd van die geloof.

Tree toe tot die geestelike stryd. As jy nie die vurige pyle van die Bose uitblus met die skild van jou geloof nie, is jy ’n oop teiken vir al die verleidende en onrein gedagtes wat die Bose op

jou afvuur. Sorg dat jy 'n werkende kennis van die Bybel het, want dit is jou swaard, m.a.w. jou verdediging teen alle leuens en sondige gedagtes. Hou persoonlike kontak met die Here Jesus deur gebed, beroep jou altyd op die oorwinning aan die kruis, en versterk so jou geloof.

### **Die bloed van die Lam**

Dit is belangrik om te begryp dat ons oorwinning op die kruisdood van die Here Jesus gebaseer is. Hy het 'n menslike liggaam aangeneem "sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het – dit is die duiwel" (Heb. 2:14). Die bloed wat Jesus aan die kruis gestort het toe Hy sy lewe afgelê het, het mag oor al die versoekings en planne van Satan. Op grond hiervan kan alle sondes vergewe en die bande daarvan verbreek word: "In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade" (Ef. 1:7).

Gedurende die groot verdrukking, wanneer die duiwel met dubbele woede onder mense op aarde werksaam sal wees (Op. 12:12), sal die Christene van daardie tyd wel almal fisies as martelare sterf, maar geestelik sal hulle die Antichris "oorwin deur die bloed van die Lam" (Op. 12:11). Soek jy geestelike beskerming onder die bloed van Christus in krisissituasies? Sy bloed simboliseer sy dood – dit gee geestelike lewe (Joh. 6:53-56), dit reinig van sonde (1 Joh. 1:7) en dit verleen ook krag in die stryd teen die Bose (Op. 12:11).

### **Christelike getuienis**

Om jou op die Here Jesus en sy oorwinningswerk aan die kruis te beroep, gaan hand-aan-hand met die vrymoedigheid om in die openbaar daarvan te getuig, asook die bereidwilligheid om vir sy Naam te ly: "En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie" (Op. 12:11; kyk ook Heb. 10:35 en 13:13; Matt. 5:14-16). Ons het 'n vasstaande opdrag om die Here Jesus se getuies in 'n donker en goddelose wêreld te wees (Joh. 20:21; Hand. 1:8). Hierdeur is al baie oorwinnings vir die kruis behaal en is die koninkryk van die hemele op 'n kragtige wyse in baie wêrelddele uitgebrei. Sonder Christelike getuienis en prediking sou miljoene mense steeds in geestelike duisternis voortgeleef het, met hulle sinne wat deur die god van hierdie wêreld [die duiwel] verblind word (2 Kor. 4:4).

### **Gebed**

Nog 'n magtige geestelike wapen wat die Here aan ons gegee het, is gebed: "Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag" (Jak 5:16). Gebed werk saam met geloof: "... hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie" (Jak. 1:6-7). Om oorwinnende gebede te kan bid, moet ons "toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte gewete" (Heb. 10:22). Ons moet dus rein en heilig leef, in die Bybel vasstel wat die wil van die Here is, en in ooreenstemming daarmee bid: "En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil" (1 Joh. 5:14).

Wanneer ons tot die genadetroon nader en onself in gebed aan die genade en almag van God onderwerp, dan vlug die duiwel van ons af weg: "Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug" (Jak. 4:7). Deur volhardende gebed sal ons volkome bevryding verkry, en die sielevyand sal op die vlug slaan. Hy sal later weer terugkom, maar dan behoort ons te weet waar ons krag en sterkte is: in gebed neem ons ons toevlug tot die Here wat ons altyd sal uitred. As hulp in benoudheid is Hy in hoë mate beproef (Ps. 34:16; 46:2; 65:3).

### **Die Woord**

Die Bybel is 'n belangrike deel van die Christen se geestelike wapenrusting, daarom sê Paulus: "Neem die swaard van die Gees op – dit is die woord van God" (Ef. 6:17). Dit is 'n

lewende en kragtige woord wat tot diep in my lewe indring en sy oortuigingswerk daar doen: “Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is ’n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart” (Heb. 4:12; kyk ook Joh. 6:63 en Jer. 23:29).

Die Bybel is die finale maatstaf vir die waarheid, en in die lig daarvan beoordeel ek gedagtes as goed of kwaad. Omdat die Woord soos ’n skerp swaard is wat tot in die dieptes van my siel indring, kan dit die aard van my gedagtes en motiewe ten volle openbaar. Dit werk saam met my gewete om aan my te toon wat reg en verkeerd is.

Die evangelie van Jesus Christus is ’n dinamiese krag tot redding vir elkeen wat glo (Rom. 1:16). Dit het die vermoë om elke ongeredde persoon uit Satansmag te verlos as hy daaraan glo. Die Woord het ’n outoriteit en krag wat deur die Here self onderskryf en gewaarborg word: “Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen” (2 Kor. 1:20). Maak seker dat jy elke dag die vrymakende krag van die Woord in jou lewe ervaar en in die lig daarvan wandel: “En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak” (Joh. 8:32).

Is jou voetstappe in die Woord van God geanker? Die psalmis het gebid: “Maak my voetstappe vas in u Woord, en laat geen ongeregtheid oor my heers nie” (Ps. 119:133). Ons kán meer as oorwinnaars in die stryd teen die magte van die duisternis wees as ons nie links of regs van die pad van die Here afwyk nie, deur sy Gees wandel en seker maak dat ons elke dag die volle wapenrusting van God aantrek.

## 7. Die Tipologie van Abraham en sy Gesin

*Skriflesing:* “Abraham [het] in God geglo het, en dit is hom tot geregtigheid gereken. Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham. En die Skrif wat vooruit gesien het dat God die heidene uit die geloof sou regverdig, het vooraf aan Abraham die evangelie verkondig met die woorde: In jou sal al die volke geseën word. Sodat die wat uit die geloof is, geseën word saam met die gelowige Abraham” (Gal 3:6-9).

Dit is opvallend dat daar so 'n groot gedeelte van Génesis gewy word aan 'n beskrywing van Abraham en sy gesin. Wat maak hulle so belangrik vir ons? Dit is 'n baie besondere gesin hierdie, wat tipologies heenwys na die gesin van God, daarom kan gelowiges uit Israel én die nasies met hulle identifiseer en baie uit hulle ervarings leer. Die vyf sleutelpersone in hierdie uitgebreide familiekring stel almal 'n persoon of 'n groep persone voor wat deel is van God se gesin: Abraham is 'n tipe van die Vader, sy vrou Sara 'n tipe van die volk Israel, sy seun Isak is 'n tipe van Jesus as die Seun van God, Isak se vrou, Rebekka, stel die bruid (of kerk) van Christus voor, terwyl Abraham se dienskneg, Eliëser, na die Persoon en rol van die Heilige Gees verwys. In God se gesin is daar dus die Vader, die Seun, die Heilige Gees, Israel en die Kerk. Kom ons kyk in meer besonderhede na hierdie tipologie:

**Abraham** is 'n tipe van die Vader. Hy is nie alleen die stamvader van die volk Israel nie, maar hy word ook in die Nuwe Testament die vader van alle gelowiges genoem. Paulus sê: “Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham” (Gal. 3:7). Jesus was 'n afstammeling van Abraham, en deur Hom het die seën van verlossing deur die geloof na alle nasies gekom. Sy eerste getuies was gelowiges uit Israel – veral die apostels.

Ons is net kinders van Abraham in dié sin dat God 'n belofte aan hom gemaak het dat hy 'n seën vir alle nasies sou wees, omdat daar uit sy nageslag 'n Verlosser gebore sou word wat terselfdertyd die Seun van Abraham én die Seun van God genoem sou word. In die heel eerste vers van die Nuwe Testament staan daar: “Die geslagsregister van Jesus Christus, die seun van Dawid, die seun van Abraham.” In die lig hiervan sê Paulus: “... sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus. ... Want julle is almal kinders van God deur geloof in Christus Jesus” (Gal. 3:14, 26). Abraham is slegs 'n tipe van die hemelse Vader, wat die Woord (Jesus) gestuur het om mens te word onder die nasate van Abraham. Om dus 'n kind van Abraham te wees, beteken in die finale instansie om 'n kind van die hemelse Vader te wees deur geloof in Abraham se fisiese afstammeling, Jesus Christus.

**Sara** is 'n tipe van die volk Israel. Haar huwelik met Abraham versinnebeeld die geestelike huwelik tussen die hemelse Vader en die volk Israel, en uit hierdie huwelik sou Jesus, God se Seun na die vlees, gebore word. Sara was egter onvrugbaar, en dit dui op Israel se jarelange geestelike onvrugbaarheid in Ou-Testamentiese tye. Dit was nie 'n permanente toedrag van sake nie, en die Here het beter tye vir hierdie onvrugbare vrou belowe:

“Jubel, onvrugbare wat nie gebaar het nie. ... Want jou Maker is jou Man; HERE van die leërskaar is sy Naam. ... Want soos 'n verlate vrou en 'n bedroefde van gees het die HERE jou geroep, soos 'n vrou uit die jeugtyd as sy versmaad was, sê jou God. Vir 'n klein oomblik het Ek jou verlaat, maar met groot ontferminge sal Ek jou vergader” (Jes. 54:1, 5-7). Jeremia brei verder uit oor God se toekomstige ontferminge oor sy vrou, Israel. In dié profesie sê die Here: “Ja, Ek het jou liefgehad met 'n ewige liefde; daarom het Ek jou getrek met goedertierenheid. Ek sal jou weer bou, en jy sal gebou word, o jonkvrou van Israel! (Jer. 31:3-4).

Ons lees ook in Openbaring 12 van hierdie vrou, Israel, in die kritieke tyd net voordat die Verlosser en Koning van die wêreld uit haar gebore sou word. Sy word voorgestel met 'n kroon op haar kop waarin 12 sterre is, verwysend na die 12 stamme van Israel. Satan het voor haar gestaan en wou haar kind vernietig. Hy het in Herodes 'n handige bondgenoot gevind om dit te probeer doen: “En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat

hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het. En sy het 'n manlike kind gebaar, wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer; en haar kind is weggeruk na God en sy troon" (Op. 12:4-5). Die wegvoering van die Kind verwys na die hemelvaart van Christus. Die afstammeling van hierdie vrou, Israel, sal almal met die Messias versoen word wanneer Hy weer kom! (Rom. 11:26). Dit beteken dat Israel se gebroke verhouding met die Vader en sy Seun volkome herstel sal word. In die toekomstige vrederyk wanneer Israel ook geestelik herstel sal wees, sal sy baie naby aan die Here leef: "En in dié dag, spreek die HERE, sal jy My noem: My man" (Hos. 2:15).

**Isak** is die seun van die belofte, wat deur 'n ingryping van God gebore is lank nadat Sara menslik gesproke te oud was om kinders te hê. Isak was 'n vroeë tipe van God se eniggebore seun, Jesus, wat deur 'n ingryping van God uit 'n maagd gebore is. Die Here het Abraham se geloof en toewyding getoets toe Hy hom gevra het om sy enigste seun wat hy liefhet, as 'n offer op die berg Moria te bring: "Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moria en offer hom daar as 'n brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys" (Gen. 22:2). Abraham was gehoorsaam aan God en het die reis na Moria onderneem: "En Abraham het die hout vir die brandoffer geneem en dit op sy seun Isak gesit, en die vuur en die mes in sy hand geneem. So het hulle twee dan saam geloop" (Gen. 22:6).

Isak vra toe later vir sy pa: "Hier is die vuur en die hout, maar waar is die lam vir 'n brandoffer? Abraham antwoord: God sal vir Homself die lam vir 'n brandoffer voorsien, my seun. So het hulle twee dan saam geloop. Nadat hulle op die plek gekom het wat God hom aangewys het, het Abraham daar die altaar gebou en die hout reggelê; daarna het hy sy seun Isak gebind en hom op die altaar bo-op die hout gesit. Toe steek Abraham sy hand uit en neem die mes om sy seun te slag. Maar die Engel van die HERE het na hom van die hemel af geroep en gesê: Abraham, Abraham! En hy antwoord: Hier is ek! En Hy sê: Moenie jou hand na die seun uitsteek nie, en doen hom niks nie; want nou weet Ek dat jy God vrees en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie. En toe Abraham sy oë opslaan, sien hy meteens 'n ram wat agter in die bos met sy horings vasgeraak het. En Abraham het gegaan en die ram geneem en dit as brandoffer in die plek van sy seun geoffer. En Abraham het dié plek genoem: Die HERE sal voorsien! Sodat vandag nog gesê word: Op die berg van die HERE sal dit voorsien word" (Gen. 22:7-14).

Die Here sal voorsien – *Jahweh Jireh*. Op die berg van die Here het Hy 'n ram voorsien om in die plek van Isak te offer. Maar dit was ook net 'n tipe van sy eie Seun wat Hy in die volheid van die tyd sou voorsien as 'n offer vir die sondes van die ganse mensdom. Hy is ook onskuldig geoffer en het self niks gedoen wat die dood verdien nie. Hy het die kruis waaraan hy geoffer sou word, op sy eie skouers gedra, net soos wat Isak die hout vir sy offer op sy skouers gedra het. Deur 'n ingryping van God het Abraham sy seun van die offeraltaar af, en by implikasie uit die dood, terug ontvang: "Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ja, hy wat die beloftes ontvang het, het sy eniggeborene geoffer, aan wie gesê is: In Isak sal jou nageslag genoem word – want hy het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek; daaruit het hy hom ook, om so te spreek, terug ontvang" (Heb. 11:17-19).

God het sy eniggebore Seun wat Hy liefhet, gegee as 'n losprys vir ons sonde. Hy was die finale vervulling van al die tipologiese offers wat vantevore op die berg Moria gebring is. Dit sluit die offer van Isak in, die ram wat die Here in sy plek voorsien het, asook die duisende diereoffers wat in Ou-Testamentiese tye in die tempel op die berg van die Here in Jerusalem gebring is. Volgens Hebreërs 10 kan die bloed van bokke en stiere egter nie die sonde wegneem nie, daarom het die Vader vir sy seun 'n liggaam berei sodat Hy as 'n eenmalige offer vir die sondes van die hele wêreld ter slagting gelei kon word. Hy is geslag en het ons vir God met sy bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie (Op. 5:9). Jode wat nie die

soenoffer van Jesus aan die kruis aanvaar nie, beroep hulle nou nog op die offer van Isak op die berg Moría, asook op al die tipologiese offers wat daarna in die tempel gebring is. Dit was alles egter net skaduwees van die toekomstige weldade van God deur sy Seun. Op die berg van die Here het Hy 'n Offerlam vir die sonde van die hele wêreld voorsien. Soos wat Abraham sy seun van die offeraltaar af terug ontvang het, het God ook sy Seun terug ontvang nadat Hy sy lewe aan die kruis wat Hy self gedra het, afgelê het. Die Vader het Hom uit die dood opgewek, na die hemel laat opvaar en aan Hom 'n Naam gegee wat bo elke naam is.

**Eliëser.** Die dienskneg van Abraham is as 'n volwaardige lid van sy gesin beskou, en het as die oudste manlike lid naas Abraham volle toesig oor al die diensknegte en eiendom gehad. Ons lees in Génesis 15:2: “Toe vra Abram, Here HERE, wat sal U my gee, aangesien ek sonder kinders heengaan en die erfgenaam van my huis die Damaskéner Eliëser is?” Daarna is Isak gebore, en nadat Abraham hom van die offeraltaar af terug ontvang het, het hy sy dienskneg Eliëser uitgestuur om vir Isak 'n vrou te gaan soek – nie onder die heidense volke van Kanaän nie, maar in Abraham se geboorteland in Mesopotámië.

Wanneer Eliëser die boodskap aan die vrou oordra, moes sy 'n vrye wilsbesluit neem oor die versoek om Isak se bruid te word: “Maar as die vrou jou nie wil volg nie, dan is jy ontslae van hierdie eed aan my” (Gen. 24:8). Indien sy tot die huwelik sou instem, moes Eliëser haar na Isak toe lei. Hy moes haar vergesel, veilig hou en versorg op die lang pad deur die woestyn na waar Isak op hulle gewag het.

Dit is presies wat die Heilige Gees vandag nog doen. Nadat die Here Jesus sy soenoffer gebring het en terug is na sy Vaderhuis, is die Heilige Gees uitgestuur om oral in die wêreld mense te nooi om lede van Christus se bruidsgemeente te word. Wanneer hulle hiertoe instem, vergesel die Heilige Gees hulle verder op die lewenspad en leer hulle meer van die Vader se Seun met wie hulle geestelik in die huwelik gaan tree. Hy rus hulle toe met nodige krag, vrymoedigheid en geestesgawes sodat hulle ook ander mense kan nooi om lede van die bruidsgemeente van die Lam te word.

**Rebekka.** Hierdie meisie het 'n uitnodiging ontvang om die vrou van Isak te word, en dit dadelik aanvaar. Sy het haarself ten volle aan die gesant van Abraham bekendgestel, hom uitgenooi om in haar ouerhuis oor te bly, en ook die verlowingsgeskenke van 'n goue ring en goue armbande aanvaar. Sy het Isak met dankbaarheid as haar toekomstige man aanvaar. Ná hierdie belangrike besluit het sy dadelik gewys waar sy staan en ook getuig van die nuwe verhouding in haar lewe. Haar getuienis het daartoe gelei dat haar gesinslede ook hulle huis, harte en lewens vir die welkome gas oopgestel het:

“Daarna het die dogter geloop en in die huis van haar moeder vertel wat daar gebeur het. En Rebekka het 'n broer gehad met die naam van Laban, en Laban het uitgeloop na die man buite by die fontein. Want toe hy die ring en die armbande aan die hande van sy suster sien en die woorde van sy suster Rebekka hoor, naamlik: So het die man met my gespreek – het hy na die man gegaan, terwyl hy nog daar staan by die kamele by die fontein, en gesê: Kom in, geseënde van die HERE! Waarom staan jy buitekant terwyl ek die huis reggemaak het en ook plek vir die kamele?” (Gen. 24:28-31).

Rebekka se gesin het haar glad nie teëgestaan nie, en haar besluit om Isak se vrou te word volkome eerbiedig. Hulle het vir Eliëser gesê: “Daar staan Rebekka voor jou, neem haar en gaan heen, dat sy 'n vrou kan wees vir die seun van jou heer, soos die HERE gespreek het. Toe die dienaar van Abraham hulle woorde hoor, het hy hom voor die HERE neergebuig na die aarde toe. Daarna het die dienaar silwer- en goue goed en klere uitgehaal en dit aan Rebekka gegee; ook aan haar broer en haar moeder het hy kosbare geskenke gegee” (Gen. 24:51-53). Die seën van Abraham het gerus op almal wat sy boodskapper aanvaar het en positief op die uitnodiging na sy seun se bruilof gereageer het. Net so ook rus die seën van die Here op almal wat positief reageer op die Heilige Gees se oortuiging om 'n verhouding met Jesus



Christus aan te knoop.

Die volgende oggend het Rebekka voor 'n geloofstoets te staan gekom toe sy moes besluit of sy nog 'n ruk lank in haar ouerhuis (die ou lewe) wou aanbly en of sy dadelik saam met Eliëser op die lang reis na Isak wou vertrek. Haar gesin het aanvanklik gevra dat sy nog 'n ruk lank by hulle moes bly, maar hulle was versigtig om nie in Eliëser se pad te staan nie en het Rebekka toegelaat om self hieroor te besluit: "Toe hulle die môre vroeg opgestaan het, sê hy [Eliëser]: Laat my trek na my heer! Maar haar broer en haar moeder sê: Laat die dogter 'n dag of tien by ons bly; daarna kan jy heengaan. Maar hy antwoord hulle: Moet my nie ophou nie aangesien die HERE my weg voorspoedig gemaak het; laat my trek, dat ek na my heer kan gaan. Toe sê hulle: Laat ons die dogter roep en haar self vra. En hulle het Rebekka geroep en haar gevra: Wil jy met hierdie man saamgaan? En sy antwoord: Ja. Daarop het hulle Rebekka, hulle suster, en haar oppasser laat trek saam met die dienaar van Abraham en sy manne" (Gen. 24:54-59). Daar was geen huiwering by haar nie.

Rebekka se besluit by die put om die bruid van Isak te word, was die eerste en baie belangrike een. Haar tweede besluit was in verband met 'n volle oorgawe om selfs nie eers haar gesin bo haar verhouding met Isak te stel nie, maar dadelik met die reis en die nuwe lewe te begin waartoe sy haarself verbind het. Haar antwoord was kort en kragtig: "Ja!" Eliëser het haar die hele pad vergesel, beskerm en haar alles van Abraham en sy seun vertel.

Isak het haar buite in die veld ontmoet net voordat sy haar finale bestemming bereik het: "En Isak het uit die rigting van die put Lagai-Roï gekom; want hy het gaan woon in die Suidland. En Isak het teen die aand uitgegaan om te peins in die veld. En toe hy sy oë opslaan, sien hy meteens kamele aankom. Rebekka het ook haar oë opgeslaan en Isak gesien. ... En Isak het haar in die tent van sy moeder Sara ingebring en Rebekka geneem, en sy het sy vrou geword; en hy het haar liefgehad" (Gen. 24:62-67).

In die lig van die feit dat Isak so 'n duidelike tipe van die Here Jesus is, is sy bruid Rebekka 'n tipe van die bruid van die Lam. Soos wat die dienskneg van Abraham haar opgesoek het met 'n uitnodiging om die vrou van Isak te word, soek die Here ons ook op deur sy Woord en sy Heilige Gees om ons te nooi tot 'n veel wonderliker verlowing en huwelik met die Seun van die hemelse Vader. As voorbereiding vir hierdie ontmoeting wil die Heilige Gees ons met die rein kleed van Christus se geregtigheid beklee. Paulus het vir Christene geskryf: "... ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n reine maagd aan Christus voor te stel" (2 Kor. 11:2). Ons moet ons volle samewerking gee deur met toewyding aan hierdie kleed te werk: "Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlijkheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges" (Op. 19:7-8).

Isak het in die aand uitgegaan om sy bruid buite in die veld te ontmoet. Die Here Jesus sal as die hemelse Bruidegom sy bruid buite in die lug ontmoet wanneer die aandskadu's van die kerkbedeling reeds lank rek (1 Thess. 4:16-17). Hy sal haar liefhê soos nog altyd sedert hulle eerste ontmoeting deur die bemiddeling van die Heilige Gees, en dan by die bruilof van die Lam vir altyd met haar verenig word.

### **Liefde het hulle saamgebind**

Uit 'n studie van hierdie tipologie is dit duidelik dat liefde die belangrikste kenmerk van die verhoudings in Abraham se gesin was – liefde vir God én vir mekaar. Die liefde vir God was allesoorheersend, daarom het Abraham nie sy enigste seun wat hy liefgehad het, teruggehou toe God hom gevra het om Isak te offer nie. Isak het dieselfde geloof en liefde in sy hart gehad, daarom het hy nie teëgestribbel toe hy geoffer moes word nie. Toe Isak daarna 'n vrou gekry het, het hy haar liefgehad met hierdie selfde liefde wat die Here in sy hart uitgestort het. Dit is die geheim waarom die seën van die Here so duidelik op hulle lewens gerus het.

Die vraag wat ons nou moet beantwoord, is: Hoe funksioneer Goddelike liefde as 'n primêre lewensbeginsel in die Nuwe-Testamentiese gesin van God? Dit het duidelik nie verander wat die Drie-enige God betref nie, want God is liefde en sal dit altyd wees. Sy reddende genade is nog altyd onveranderd waar sy Woord verkondig word; gister, vandag en tot in ewigheid.

Maar wat is die situasie met die ander twee lede van die gesin, naamlik Israel en die kerk? Israel is as volk steeds van God vervreem weens die verwerping van die Messias; daarom is hulle, behalwe vir die minderheid Messiaanse Jode, nie bekleed met sy liefde nie. Hierdie situasie gaan egter verander, want die Here verwag dit steeds van sy kerk om in liefde uit te reik na Israel en hulle vir God terug te wen op grond van die versoening van die nuwe verbond. Doen hulle dit? Daar is al duisende Messiaanse Jode in Israel en oral in die wêreld, maar hulle is steeds 'n klein minderheid van die hele volk.

Die kerk het beslis 'n taak om Israel te vertrou, te bemoedig, te versorg, en dié volk ook jaloers te maak oor die manier waarop ons die God van Abraham, Isak en Jakob deur sy Seun, Jesus Christus, dien (Rom. 11:11-12). Die evangelie moet eerste aan Israel verkondig word en dan aan die hele wêreld (Rom. 1:16). Die Here sê: "... roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is" (Jes. 40:2). Al het hulle tydelik as volk in ongeloof verval, was hulle nog steeds die kanaal waardeur ons die Woord van God ontvang het (Rom. 3:1-3). Ons het 'n geestelike erfenis ontvang wat eerstens aan hulle gebied is, daarom is ons so baie aan hulle verskuldig.

Paulus bevestig die feit dat die geestelike verharding van Israel nie permanent is nie, maar net gedeeltelik en tydelik: "... verharding ten dele [het] oor Israel gekom totdat die volheid van die heidene ingegaan het; en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: die Verlosser sal uit Sion kom en die goddelooshede van Jakob afwend" (Rom. 11:25-26). Hier op die berg van die Here in Jerusalem, waar Abraham vierduisend jaar gelede sy seun moes offer, en waar Jesus tweeduisend jaar later wêl geoffer is, sal die Here Jesus met sy wederkoms verskyn en die oorblyfsel van Israel almal red. Op daardie dag sal Israel opsien na Hom vir wie hulle deurboor het, en bitterlik oor Hom ween (Sag. 12:10).

Die bruid van Christus is egter nie altyd getrou aan haar opdrag om Israel by te staan, te versorg en na die Messias te lei nie. Ons het nie 'n verskoning hiervoor nie, want in Romeine 5:5 sê Paulus dat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is. As ons kan getuig dat ons met die Vader versoen is op grond van die offer van sy Seun, en dat die Heilige Gees sy agapé liefde in ons harte uitgestort het, dan behoort dit tog vir almal duidelik te wees dat liefde die basiese dryfkrag van ons lewe is. Jesus het vir sy dissipels gesê: "n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het" (Joh. 13:34-35).

As ons van heiligmaking kan getuig, dan móét Goddelike liefde die belangrikste kenmerk van ons lewens wees, want liefde is die eerste vrug van die Gees. Paulus sê vir die gemeente in Korinte dat hy nie met hulle kon praat soos met geestelike mense wat met die Gees van God vervul is nie, maar soos met vleeslike mense wat nog deur twis, jaloersheid en tweedrag gekenmerk word (1 Kor. 3:1-3). Israel het 'n duur prys betaal omdat hulle van 'n liefdevolle God afvallig geraak het. Ongelukkig het baie Nuwe-Testamentiese Christene ook in liefdeloosheid en vleeslikheid verval, en sodoende nagelaat om hulle roeping uit te leef van liefde teenoor God, teenoor mekaar, teenoor Israel én teenoor 'n verlore gaande wêreld waarin miljoene mense nog nie uitgenooi is om volgelingen van Christus en lede van sy bruidsgemeente te word nie.

## 8. Goddelike Agapé Liefde

*Skriflesing:* 1 Korinthiërs 13:1-13.

Die apostel Paulus definieer die basiese kenmerke van 'n gelowige se geestelike lewe 1 Korinthiërs 13:13, waar hy sê: “En nou bly geloof, hoop, liefde – hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde.” Waarom is die liefde groter as geloof en hoop? Geloof is die uitdrukking van die verhouding waarin ons tot die Here staan, die geloofsband tussen ons, maar liefde is die wesenlike kenmerk van daardie verhouding. Geloof gaan oor die grense van die sigbare wêreld en verbind ons aan Jesus Christus wat in die onsigbare, hemelse sfeer is. Ons glo in Hom, ons neem Hom in die geloof as Verlosser aan, en ons lewe ook deur die geloof. Paulus sê geloof is 'n “bewys van die dinge wat ons nie sien nie. ... En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag” (Heb. 11:1, 6). Geloof sal egter ophou wanneer die Here kom, want dan sal ons Hom sien en sal die onsigbare wêreld ten volle geopenbaar wees.

So ook is hoop deel van die Christen se lewe. Hy stel sy hoop en vertrou vir tydelike én ewige dinge in die Here. Ons het die hoop op die ewige lewe saam met die Here “as 'n anker van die siel wat veilig en vas is en ingaan tot binnekant die voorhangsel” (Heb. 6:19). Iemand wat nie hierdie hoop het nie, is sonder God en sonder hoop in die wêreld (Ef. 2:12). Maar hoop sal ook eendag in 'n finale vervulling gaan en daarna nie meer as 'n geestelike attribuut beoefen word nie.

Die liefde is egter ewig en onvernieligbaar: “Groot waters kan die liefde nie uitblus en riviere dit nie oorstroom nie” (Hoogl. 8:7). Daar is 'n ewigdurende liefdesband tussen die hemelse Bruidegom en sy bruid. Dit sal vir altyd bestaan, en dit is die groot saak waaroor dit in die Bybel gaan – die agapé liefde van God. Juis omdat God liefde is en ook vir ons in ons sondige toestand liefgehad het, het Hy sy Seun gegee om vir ons te sterf sodat ons gered kan word: “Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê” (Joh. 3:16).

Jesus Christus is die sigbare vergestaltung van God se liefde en genade vir 'n sondige mensdom. Sy liefde maak 'n geloofsverhouding met God moontlik, en dit gee ook aan ons hoop vir hierdie lewe én die toekomstige lewe. Geloof en hoop kan dus slegs beoefen word omdat daar liefde is. Ons lewens moet ook hiervan getuig. Ons moet in die liefde van God gewortel en gegrond wees (Ef. 3:17). Ons moet daarin opgroei, dit moet sy stempel op ons karakter afdruk en sy Goddelike invloed in ons hele lewenswandel laat geld. Ja, ons moet volmaak word in die liefde (1 Joh. 2:5).

Die vyf groot eienskappe van God se liefde is die volgende:

### 1. Dit is 'n ewige en onveranderlike liefde

God se liefde bestaan van ewigheid tot ewigheid. Dit is nie tydelik en verbygaande van aard nie. Ons leef in 'n sondige, gevalle wêreld waarin alle dinge aan die verganklikheid onderworpe is. Niks het ewigheidswaarde nie, daarom kan hierdie wêreld geen blywende geluk aan jou bied nie. Die meeste mense is weens hulle vleeslikheid en sondige natuur onbetroubaar en veranderlik. Goedgesindheid gaan dikwels oor in kwaadgesindheid, aanvaarbaarheid in verworpenheid, toegeneentheid in afsydigheid, en liefde in liefdeloosheid, veragting of selfs haat.

God se liefde is egter ewig en onveranderlik. Dit gee aan jou iets om voor te lewe waarop jy altyd kan peil trek en wat niemand van jou af kan wegneem nie – selfs nie die dood nie. Niks kan ons skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie (Rom. 8:37-39). Agapé liefde maak die lewe oor en oor die moeite werd omdat dit 'n saak is wat jou oor die grense van tyd en ruimte aan die ewige lewe van God self verbind. Die mees verhewe en sinvolle gedagtes wat die mens kán bedink is oor die liefde van God. 'n Verslaggewer het by

geleentheid aan 'n professor in Afrikaanse letterkunde gevra wat die mooiste en mees betekenisvolle woorde is wat sy ooit gelees het. Hierdie dame is 'n diep gelowige persoon wat benewens die Bybel goed belese is in die Afrikaanse, Engelse en Franse letterkunde. Sy het sonder huiwering die eerste paar woorde van 1 Korinthiërs 13:8 aangehaal: "Die liefde vergaan nooit nie."

Wat 'n aangrypende gedagte: "Die liefde van God vergaan nooit nie!" Dit is 'n lewendmakende, onvervreembare en onverganklike geskenk van God self. Dit bied aan jou oneindig meer as wat dit van jou vra. Al wat dit van jou vra is die bereidwilligheid om deur hierdie liefde herskep te word. Jy moet uit jou lewe van sondigheid, kortsigtigheid en materialisme opstaan, jou tot die lewende God bekeer deur in Hom te glo, en 'n lewe te lei waarin jy Hom deur die Here Jesus sal liefhê en jou hoop vir tyd en ewigheid in Hom alleen sal stel.

## **2. Dit is 'n liefde wat gee**

God se liefde het 'n uitwaartse gerigtheid deurdat dit uitreik na 'n wêreld in sy nood. Dit is waarom Hy die kosbaarste van alle geskenke vir die wêreld kon gee, nl. sy eniggebore Seun wat Homself vir ons sondes geoffer het: "Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee" (Joh. 15:13). Hy is die goeie Herder wat sy lewe aflê vir die skape.

Hierdie eienskap van God se liefde is presies die teenoorgestelde as dié van die sondige mens wie se sinne deur Satan verblind is. Die gevalle mens het 'n verwronge, hebsugtige en selfgerigte liefde. Hy is opgeblase, vol van homself en praat graag groot. Hy het homself ten koste van andere lief. Dit wat hy sien, begeer hy en wil dit vir homself inpalm. Hy wil nie homself verloën en gee nie, want hy het geen ware meegevoel nie en gee nie regtig om as die onheile ander mense tref nie. Hy het net diegene lief uit wie hy iets kan kry, en vir wie hy kan gebruik en ook misbruik om sy eie doel te bereik. Hy word verbitterd as hy nie sy sin kry nie, en is sterk op vergelding ingestel.

Hoe anders is die rein, suiwer, herskeppende en onselfsugtige liefde van God nie! Dit is só groot en opreg dat dit alle sondaars insluit. "God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was" (Rom. 5:8). Hy het alle mense liefgehad en na hulle neergebuig om hulle uit die kuil van vernietiging op te trek en hulle voete op 'n rots te plaas. Hy dra almal se ewige belange op die hart, en wil nie hê dat een verlore moet gaan nie maar dat almal gered moet word (2 Pet. 3:9).

## **3. Dit is 'n liefde wat kan vergewe en vergeet**

God se liefde vergewe totaal en ongekwalifiseerd – só volkome dat Hy nooit weer een keer na die sonde wat vergewe is, verwys nie. Hy werp dit in die diepte van die see en dink nie weer daaraan nie (Miga 7:19; Jer. 31:34). Hy reken die kwaad nie toe nie en verwyf mense nie vir sondes wat bely en laat staan is nie. Selfs al sondig sy kinders weer, dan raak Hy nie teen hulle verbitterd nie, en vergewe maar weer. Jesaja 55:7 sê Hy vergeef menigvuldiglik.

Mense wat teruggeval het, soos bv. die verlore seun in die gelykenis, moet net bereid wees om na hulle Vader terug te keer en hulle saak met Hom reg te maak. Hulle sal in Hom 'n liefdevolle en vergewensgesinde Vader vind wat opnuut vir hulle 'n feesmaal in sy koninkryk sal berei. Hy sal hulle nie donker aankyk as hulle met berou na Hom terugkeer nie.

Hoe anders tree die gevalle mens nie op nie, hoe onopreg is sy liefde nie, en hoe traag is hy nie om volkome te vergewe en 'n saak vir altyd te bedek nie. Salomo sê: "Wie 'n oortreding bedek, soek liefde; maar hy wat 'n saak weer ophaal, skei vriende van mekaar" (Spr. 17:9). Nie net vriende skei as gevolg van liefdelose beskuldigings nie, maar ook huweliksgenote. Mense wat nie met die liefde en vergewensgesindheid van God vervul is nie, raak maklik verbitterd teenoor mekaar, grawe ou koeie uit die sloot, en beskuldig mekaar opnuut oor en weer. Waar is die gesindheid van Christus, om dinge wat reggemaak is nooit weer op te haal en sodoende te laat herleef nie?

Ons het die volgende duidelike opdrag oor vergewensgesindheid: “Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander ’n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen. En beklee julle bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is. En laat die vrede van God waartoe julle ook in een liggaam geroep is, in julle harte heers, en wees dankbaar” (Kol. 3:13-15). God se liefde help ons om uit te reik na ander, om te vergewe, ja, selfs tot 70 maal 7 keer, om wonde te genees en gebroke verhoudings weer te herstel.

#### **4. Dit is die wet van die Nuwe Testament**

Die geheim van ’n lewe van volkome geestelike vervulling is om in die liefde van God gewortel en gegrond te wees. Dit is waarom ons in die Nuwe Testament net een omvattende wet of lewensbeginsel het, en dit is die wet van die liefde. As jy die Here liefhet met jou hele hart, jou hele siel, jou hele verstand en met al jou kragte, dan sal jy aan Hom getrou bly en nooit die knie voor ander gode buig nie. As jy jou naaste liefhet soos jouself, dan vervul jy al die wette wat jou verhouding met jou medemens reël. Paulus sê: “Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet” (Rom. 13:10).

Liefde moet die hoofkenmerk van die Christen se lewe wees. In sy hoëpriesterlike gebed het Jesus aan die Vader gesê: “Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees, en Ek in hulle” (Joh. 17:26). Aan die dissipels het Hy gesê: “’n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. Hieraan sal die wêreld weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het” (Joh. 13:34-35). Jou lewe, jou gesindhede en werke moet deur Goddelike liefde gekenmerk word, en nie deur dienstigheid aan die letter van die Ou-Testamentiese wet nie. Goddelike liefde is dinamies, dit bevorder Christusgelykvormigheid, en word prakties gedemonstreer deur morele en geestelike kenmerke wat ver bo die eise van die Ou-Testamentiese wet is (vgl. Tit. 2:11-14).

#### **5. Dit is grensloos**

Ons kan geen grense stel of beperkings plaas op die liefde van Jesus nie. Ons moet bewus wees daarvan dat dit elke aspek van ons bestaan insluit. Paulus sê in sy gebed vir die Efésiërs: “Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus ... dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid om met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens, ... julle wat in die liefde gewortel en gegrond is, en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God” (Ef. 3:14-19).

Hoewel ons van die rykdom van God se liefde bewus kan wees, beteken dit nie dat ons dit ten volle kan deurgrond nie. God se liefde in Christus Jesus is onpeilbaar en grensloos. Dit is breër as die wêreld, dieper as die diepste see en hoër as die hoogste hemel. Ons staan in verwondering voor die onnaspeurlikheid van die Here Jesus se liefde en reddende genade. Hy is vol van genade en waarheid (Joh. 1:14), en in Hom is alle skatte van wysheid en kennis verborge (Kol. 2:3). Sy almag en liefde ken geen perke nie. Hy kan in elke behoefte van ons voorsien na die rykdom van sy genade.

Hierdie liefdevolle Verlosser trek ook vir jou en my na Hom toe met koorde van liefde. Hy wil ons nie net red en die ewige lewe aan ons skenk nie, maar ons volmaak en volkome in sy liefde bevestig. Deur die Heilige Gees stort Hy sy liefde in ons harte uit. Hy maak van ons skynende ligte in ’n donker en liefdelose wêreld, daarom moet ons seker maak dat ons nie die oorvloed van God se liefde en genade verbeur deur die engheid en selfsug van liefdelose optrede nie. Is jou lewe volkome onder die beheer van God se herskeppende, onveranderlike en ewige liefde? Dan sal daar by jou ’n groot verlange wees dat andere dit ook deelagtig moet wees. Jou grootste verlange sal egter na die koms van die hemelse Bruidegom wees wat spoedig sy bruid na die hemel sal wegvoer om vir ewig by Hom te wees.

## **'n Hart vervul met liefde**

Die nuwe lewe wat Jesus Christus aan ons skenk, sal net manifesteer wanneer ons harte het wat deur die Heilige Gees vervul is met agapé liefde. Alle opregte gelowiges wat die Here vir hierdie seën vertrou het, kan saam met Paulus getuig: "... die liefde van God is in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is" (Rom. 5:5). Hierdie liefde verander ons lewens – geestelik, intellektueel en emosioneel – omdat agapé liefde ons wêreldbeskouing bepaal, ons geestelike lewe definieer, en ook die motiverende krag agter al ons dae is. Op 'n geestelike vlak ervaar ons 'n diep liefde vir God, vir ons medebroeders en susters in Here, vir almal naby aan ons, en ook vir 'n verlore-gaande wêreld. Ons bedink net die beste vir almal, en wil baie graag sien dat die verlore-ges gered word. Op intellektuele vlak gee die Heilige Gees aan ons "verligte oë van die verstand" – dit is Goddelike wysheid om alles in die wêreld uit 'n Bybelse oogpunt te kan verstaan (Ef. 1:17-18). Op die emosionele terrein verkry ons die kosbare gawes van besorgdheid oor die verlore-ges, diepe meegevoel met die lydendes, verdraagsaamheid teenoor ons kritici en al die dwalendes, selfbeheersing, asook die vermoë om die kwaad deur die goeie te kan oorwin.

Kenmerke van hierdie aard word deur die Heilige Gees in ons gevestig, en as ons Hom toelaat om dit ongehinderd te doen sonder die weerstand van 'n ongekrusigde vlees, sal die vrug van die Gees in ons lewens sigbaar wees. Paulus sê: "Die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing" (Gal. 5:22). Dit is die nege eienskappe van 'n hart en lewe wat deur die Heilige Gees met Goddelike liefde vervul is.

Die eerste drie vrugte beskryf ons verhouding met God, die twee drie ons verhouding met ons medemens, terwyl die laaste drie vrugte die aard van ons persoonlike lewe beskryf:

### **Ons verhouding met God**

*Liefde.* God is liefde. God se liefde was die beweegrede waarom Hy jou siel gered het. Om dit moontlik te maak het Hy sy Seun na die wêreld gestuur om 'n losprys vir die redding van sondaars te betaal. Toe jy hierdie agapé liefde ontvang het, het dit jou uit die duisternis laat oorkom tot in die wonderbare lig van Christus. Dit het 'n ewige liefdesband tussen jou en die Here geskep, en jy dien Hom omdat jy Hom liefhet. Jy soek graag sy teenwoordigheid op, besing sy lof, eer Hom en roep sy Naam aan.

*Blydskap.* Daar is 'n Goddelike blydskap in jou hart oor die groot verlossing wat jy as 'n geskenk ontvang het, en jy verbly jouself elke dag in die Here. Saam met die begenadigde koning Dawid kan jy sing: "Loof die HERE, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam! Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie! Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees, wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede, wat jou siel versadig met die goeie, sodat jou jeug weer nuut word soos dié van 'n arend. ... Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie. Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees. So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons. Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees" (Ps. 103:1-5, 10-13). Die blydskap van die Here is ons beskutting (Neh. 8:11).

*Vrede.* In jou hart is daar 'n vrede wat alle verstand te bowe gaan, want die Here Jesus is jou vrede. Hy het gesê: "My vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie" (Joh. 14:27). Die wêreld se vrede is vals, maar die Here se vrede is 'n diep, innerlike wete dat jou sonde vergewe is omdat jy met God versoen is. Jy hoef niks te vrees nie omdat jy nie in die oordeel van sondaars sal kom nie. Jy weet ook dat geen vyandige magte, benoudheid, vervolging of enige probleme en aanslae jou ooit sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus is nie (Rom. 8:34-39).

## **Ons verhouding met ons medemens**

Wanneer Goddelike liefde in aksie gestel word teenoor jou medemens, manifesteer dit deur die volgende drie gesindhede:

*Lankmoedigheid.* Jy is nie meer haatdraend en veroordelend teenoor mense nie, maar lankmoedig. Jy kry hulle jammer en bid vir hulle, selfs jare lank, sonder om moedeloos te word en hulle af te skryf. Die Here het dalk lank vir jou gewag om tot Hom te nader, en jou in die proses baie kans gegee, daarom hou jy vas aan sy belofte om ook andere te red.

*Vriendelikheid.* Jy is ook 'n vriendelike en gasvrye mens wat nie net vir jouself lewe nie, maar tyd het vir ander en ook na hulle uitreik. Selfsug, jaloesie en die hartelose bevordering van eiebelang is nie kenmerke van Goddelike liefde nie.

*Goedheid.* Jy doen goed aan mense en gee wat jy kan om in ander se nood en behoefte te voorsien. Paulus sê: "Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof" (Gal. 6:10).

## **Ons persoonlike kenmerke**

Die derde groep vrugte is persoonlike karaktertrekke wat jy met die Heilige Gees se hulp en deur selfdissipline ontwikkel. Wanneer jy dit doen, sal jy as 'n dissipel van die Here Jesus erken word, sy beeld en gesindhede in jou lewe vertoon en waarlik in sy voetspore volg.

*Getrouheid.* Jy is getrou in al jou verantwoordelikhede, bowe-al in jou stiltetye, en nie 'n agtelosige en gedisorganiseerde mens wat jou pligte versuim nie.

*Sagmoedigheid.* Jy het 'n sagte gemoed, wat beteken dat jy nie hard, ongenaakbaar en genadeloos is nie, maar iemand wat vol deernis is vir ander in hulle nood. Sagmoedigheid beteken ook dat jy nie 'n harde hart het wat hom teen die Here se Woord verhard nie. Jy het 'n leerbare gees en laat jou deur die Woord van die Here én deur ander mense vermaan.

*Selfbeheersing.* Hierdie persoonlikheidseienskap beteken dat jy nie impulsiewe dinge doen of sê waaroor jy later verskoning moet vra nie. Jy maak nie in 'n oomblik van drif afbrekende opmerkings wat uit 'n ongekrusigde vlees voortkom nie, want dit is beslis nie die vrug van die Gees nie. Hoe ken mense jou in die alledaagse lewe? Salomo sê: "Die lankmoedige is beter as 'n held; en hy wat sy gees beheers, as een wat 'n stad inneem. ... Wie sy woorde inhou, besit kennis; en hy wat kalm van gees is, is 'n man van verstand" (Spr. 16:32; 17:27). In die Nuwe Testament word hierdie kosbare gesindheid, saam met die ander wat genoem is, as die vrug van die Heilige Gees beskryf. Jy het die Here se genade nodig om aan hierdie standaard te kan voldoen, omdat die vrugte wat genoem is, uitdrukkings van die Goddelike natuur is.

Is hierdie nege vrugte van die Gees ook 'n beskrywing van jou lewe as Christen? Indien nie, bely die feit dat jy die Heilige Gees so dikwels deur jou gedagtes, begeertes, gesindhede, woorde en dade bedroef. Maak die saak met die Here uit en onderwerp jou volkome aan die gesag van die inwonende Gees van God. Hy sal jou in die weë van geregtigheid lei en jou hart opnuut met die liefde van God vervul. Hierdie liefde is die grondslag van die Goddelike natuur, en elke Christen moet daarna streef om volkome in die lig daarvan te wandel.

Is jy bewus van die onverganklikheid en onveranderlikheid van God se liefde? Dit vergaan nooit nie en sal jou deur elke krisis dra. Besef jy dat dit grensloos en onpeilbaar is? Daar is geen sonde wat nie vergewe kan word nie, en daar is nooit 'n gebrek aan genade om in jou behoeftes te voorsien nie. 'n God wat uit die hemel neergebuig het om sy liefde aan jou te skenk, verwag van jou om agapé liefde met ander te deel sodat hulle ook daardeur herskep kan word. Net soos wat die Here jou sonde vergewe en vergeet, moet jy ook ander mense volkome kan vergewe. Agapé liefde sal jou voetstappe in elke opsig rig, want dit het sy eie inherente dinamika en beginsels – jy het nie ander wette en reëls nodig nie. Daar is geen beter lewe as om 'n hart te hê wat deur die Heilige Gees met God se liefde vervul is nie.

## 9. Petrus se Lewe voor en ná Pinksterdag

*Skriflesing: Mattheus 16:13-23*

Heilige manne in die Bybel behoort nie tot op die vlak van rolmodelle verhef te word nie, omdat elkeen se omstandighede en roeping uniek is. Jesus Christus is ons enigste rolmodel en ons word geroep tot 'n lewe van gelykvormigheid aan Hom. Petrus sê dat Jesus vir ons 'n voorbeeld gestel het sodat ons sy voetstappe kan navolg (1 Pet. 2:21). Die geheim van die oorwinnende lewe is om in Christus te bly (Joh. 15:4-5) en nie 'n navorger van mense te word nie. Ons kan nogtans baie uit Petrus en ander heilige manne se lewens en ervarings leer – nie net uit dit wat hulle bereik het nie, maar ook uit hulle mislukkings. Ons moenie dieselfde foute maak as wat hulle gemaak het nie. Indien ons wel soos hulle faal, dan moet ons let op die wyse waarop hulle hul probleme oorkom en weer in die regte verhouding met die Here gekom het. Kyk egter veral na dit wat hulle positief bereik het en word daardeur geïnspireer om beter navorgers van die Here Jesus te word.

Daar was verskeie hoogte- en laagtepunte in Petrus se lewe, en sy geestelike oorwinnings het 'n blywende erfenis vir Christene van alle tye nagelaat. Dit is duidelik dat daar twee fases in sy lewe as dissipel was. Eers was daar die wisselvallige deel van sy lewe tussen sy bekering en vervulling met die Heilige Gees, maar ná Pinksterdag sien ons Petrus as die Geesvervulde dissipel van Jesus wat groot dinge in die uitbreiding van die Here se koninkryk bereik het. Ten spyte van die hewigste druk op hom het hy nooit weer voor versoekings of aanslae geswig nie en enduit op die nou pad volhard. Die volgende was die belangrikste stadiums in Petrus se geestelike ontwikkeling:

### **Sy roeping en opleiding**

Petrus is as 'n visser by die See van Galiléa geroep om 'n dissipel van die Here Jesus te word: “En terwyl Jesus langs die see van Galiléa loop, sien Hy twee broers, Simon wat genoem word Petrus, en Andréas, sy broer, besig om 'n net in die see uit te gooi; want hulle was vissers. En Hy sê vir hulle: Kom agter My aan, en Ek sal julle vissers van mense maak. En hulle het dadelik die nette laat staan en Hom gevolg” (Matt. 4:18-20).

Jesus het 'n klein groepie dissipels geroep om intensief opgelei te word vir hulle toekomstige rol om Hom voltyds as evangeliste te dien. Dit beteken nie dat alle getuies van Christus hulle werk moet bedank om Hom voltyds te dien nie – elkeen moet ten volle duidelikheid oor sy eie roeping verkry. Selfs 'n toegewyde apostel soos Paulus het vir sy lewensonderhoud tente gemaak, maar dit was nooit die belangrikste fokus van sy lewe nie. Petrus het alles verlaat om Jesus te volg – sy werk én sy familie – en hy het later slegs vir een nag na sy vroeëre beroep as visserman teruggekeer toe hy gedink het dat dit te moeilik en ook te gevaarlik was om die Here Jesus te dien. Hy is egter gou van sy twyfel, vrees en gebrek aan motivering verlos.

### **Sy kennis, voortvarendheid en verloëning van die Messias**

Petrus was die eerste dissipel wat openlik verklaar het dat Jesus die Messias en Seun van God is. Hy het sonder huiwering gesê: “U is die Christus, die Seun van die lewende God” (Matt. 16:16). Christus het hierop geantwoord: “Jy is Petrus [afgelei van *petros*, 'n klein rotsie], en op hierdie rots [*petra*: 'n groot rots] sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie” (Matt. 16:18). Die groot rots verwys na Petrus se getuienis dat Jesus die Christus is.

In die tyd toe Petrus die belangrike openbaring oor Jesus as die beloofde Messias en Seun van God ontvang het, was hy nog nie 'n Geesvervulde gelowige nie en het nie die hele raad van God geken nie. Hy het bv. glad nie besef dat Jesus twee keer sou kom, en tydens sy eerste koms die lydende Messias sou wees wat sy lewe vir sondaars aflê nie. As gevolg van sy vleeslikheid en gebrekkige kennis kon Petrus nie verstaan waarom Christus moes ly en



sterf nie. Die Here Jesus het gesê dat Hy baie onder “die ouderlinge en owerpriesters en skrifgeleerdes moes ly, en gedood word en op die derde dag opgewek word” (Matt. 16:21). Petrus het totaal negatief hierop gereageer: “Toe neem Petrus Hom opsy en begin Hom bestraf en sê: Mag God dit verhoed, Here, dit sal U nooit oorkom nie! Maar Hy het omgedraai en vir Petrus gesê: Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My ’n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense” (Matt. 16:22-23).

Pas nadat Petrus ’n stelling gemaak het oor ’n baie groot waarheid met betrekking tot Jesus se Godheid en Messiasskap, het die duiwel hom weens sy beperkte insig in God se raadsplan mislei om homself teen die moontlikheid van Jesus se kruisiging uit te spreek. Baie Christene wat onkundig en geestelik onvolwasse is, tree ook so op. Die een oomblik bely hulle ’n groot waarheid uit die Woord, en die volgende oomblik ontken hulle weer ’n kernwaarheid in die Bybel en verkondig een van Satan se baie leuens. Hulle doen dit as gevolg van misleiding of ’n gebrek aan kennis, en is gewoonlik vas daarvan oortuig dat hulle die regte siening huldig.

Selfs nadat Petrus reggehelp is, was dit nie die einde van sy vleeslikheid en swak oordeel nie. Kort voor Jesus se kruisiging het Hy aan sy dissipels gesê: “Julle sal almal in hierdie nag aanstoot neem aan My. ... Daarop antwoord Petrus en sê vir Hom: Al sal almal ook aanstoot aan U neem, ek sal nooit aanstoot neem nie. Jesus sê vir hom: Voorwaar Ek sê vir jou, in hierdie nag, voordat die haan gekraai het, sal jy My drie maal verloën. Petrus sê vir Hom: Al moes ek ook saam met U sterwe, ek sal U nooit verloën nie! So het ook al die dissipels gesê” (Matt. 26:31-35). Petrus het ook die ander dissipels beïnvloed om net op hulleself te vertrou.

’n Mens kan die mooiste en mees eerbare voornemens hê om in die Here Jesus se voetspore te volg en nie daarvan af te wyk nie, maar sonder die instaatstellende krag wat Hy deur sy Heilige Gees aan ons verleen, sal daar niks van kom nie. Die aand voor die kruisiging het Petrus drie keer heftig ontken dat hy ’n dissipel van Jesus was. Toe Jesus op die punt was om die doodstraf deur kruisiging opgelê te word, en sy dissipels onder geweldige druk van vervolging verkeer het, was Petrus nie eers in staat om teenoor ’n eenvoudige diensmeisie te erken dat hy ’n volgeling van Jesus was nie. Hy het selfs gesweer dat hy Hom nie ken nie (Matt. 26:69-74).

Petrus het gou sy fout besef: “En dadelik het die haan gekraai, en Petrus het die woord van Jesus onthou wat Hy vir hom gesê het: Voor die haan kraai, sal jy My drie maal verloën. En hy het buitentoe gegaan en bitterlik geween” (Matt. 26:75). Wanneer jou beste voornemens in mislukking eindig, voel mens baie teleurgesteld, skaam en jammer oor jou lafhartige optrede. Jou selfbeeld is in skerwe en daar is ’n streep getrek deur jou getuienis as Christen. Jy wonder hoe dit moontlik is dat jy so ’n swakkeling kon wees. Petrus het egter nie die stryd gewonne gegee nie, maar bitter berou oor sy mislukkings gehad en besluit om weer te probeer.

### **Sy tydelike en gedeeltelike herstel**

Petrus was in hierdie tyd steeds nie met die Heilige Gees vervul nie, daarom kon verwag word dat daar van sy herstel poging nie veel sou kom nie. Kort ná die kruisiging van Jesus Christus het hy weer by die ander dissipels aangesluit en probeer om sy gebroke geestelike lewe in orde te kry. Die dissipels was egter almal vreesbevange ná die teregstelling van Jesus en het hulleself in ’n vertrek toegesluit. Die Sondag toe die Here Jesus uit die graf opgestaan het, was hulle steeds agter geslote deure bymekaar: “En toe dit aand was op daardie eerste dag van die week en die deure waar die dissipels vergader het uit vrees vir die Jode gesluit was, het Jesus gekom en in hul midde gestaan en aan hulle gesê: Vrede vir julle!” (Joh. 20:19).

Tydens hierdie byeenkoms het die dissipels vir die eerste keer die sendingopdrag ontvang (Joh. 20:21). Hoewel hulle deur die Heilige Gees die vrede van sondevergifnis gehad het, was hulle nog nie met die krag van die Heilige Gees vervul nie en kon dus in daardie stadium nog nie begin om die opdrag van wêreldewangelisasie uit te voer nie. Hulle moes eers geestelik

hiervoor toegerus word. Jesus het gesê: “Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte” (Luk. 24:46-49).

Voor die vervulling met die Heilige Gees het Petrus en die ander dissipels besef dat hulle nie die geestelike krag en motivering gehad het om ’n goddelose, vyandige wêreld met die evangelie van Christus te konfronteer nie. Hulle het hulle onvermoë besef, vir die geweldige uitdaging teruggedeins en besluit om maar liever ’n lae profiel te hou en voorlopig na hulle sekulêre beroepe terug te keer. Petrus het gesê: “Ek gaan visvang. Hulle sê vir hom: Ons gaan ook saam met jou. En hulle het uitgegaan en dadelik in die skuit geklim, en in daardie nag het hulle niks gevang nie” (Joh. 21:3).

Die Here Jesus het volle begrip vir hulle gebrek aan kennis en geestelike toewyding gehad, maar duidelik vir hulle gewys dat hulle nie gelukkig sou wees as hulle na die wêreld terugkeer nie. Hy het hulle by die See van Galilea gaan opsoek, deur ’n wonderwerk verseker dat hulle baie visse vang, en daardeur vir hulle gewys dat net Hy ’n verskil in hulle lewens kon maak. Hy kon beslis ook van hulle vissers van mense maak. Jesus het aan Petrus die geleentheid gegee om drie keer te bevestig dat hy Hom waarlik liefhet. Sodoende het hy vergoed vir die drie keer wat Hy Jesus verloën het, en toe die opdrag gekry om as ’n herder vir die Here Jesus se kudde op te tree deur geestelike voedsel en versorging aan hulle te bied (Joh. 21:15-17).

Onder die geledere van vleeslike Christene is daar ook verskeie persone wat ná ’n tyd besluit om nie meer die Here te volg en te dien nie, en hulleself weer ten volle in ’n sekulêre loopbaan in die wêreld te gaan uitleef. Hulle soek nie meer die Here nie en dien Hom op ’n halfhartige wyse. Sulke mense sal nooit geluk vind nie, omdat hulle ’n geestelike roeping verruil het vir iets wat tydelik, minderwaardig en onvervullend is. Daar is vir hulle net een pad en dit is terug na die Here Jesus, na hernude reiniging deur sy bloed en die vervulling deur sy Heilige Gees. Teruggevallenes moet Psalm 51 lees en ’n nuwe oorgawe aan die Here maak.

### **Vervulling met die Heilige Gees**

Petrus was onder die groep van 120 dissipels en ander gelowiges wat in Jerusalem op die uitstorting van die Heilige Gees gewag het, sodat hulle toegerus kon word met krag uit die hoogte. In Handeling 1:8 het die Here Jesus gesê: “Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde.” Die opdrag was groot, maar so ook die instaatstellende krag wat aan hulle belowe is.

Petrus, wat in ’n stadium herhaaldelik vir Jesus verloën het toe hy onder die druk van vyandige mense geswig het, het homself vir tien dae lank saam met die ander dissipels verootmoedig om sy sonde en vleeslikheid te bely, sy geloof volkome in Jesus Christus te stel en te wag op die uitstorting van die Heilige Gees sodat hy vir diens bekragtig kon word. Die dissipels is op Pinksterdag met die Heilige Gees vervul en die “nuwe Petrus” het met groot oortuiging die evangelie aan ’n misleide Joodse volk verkondig. Hy het ’n kragtige boodskap gebring en op een dag drieduisend siele na Christus gelei. Dit was die eerste vaste treë van die jong kerk van Christus op aarde.

Daarna het die vroeë kerk dikwels aan vleeslikheid en ’n gebrek aan kennis mank gegaan, en dit onderstreep die feit dat almal van ons ná bekering ook ’n dieper genadewerk van vervulling met die Heilige Gees nodig het. Sonder hierdie ondervinding sal ons niks in die diens van die Here bereik nie. Israel moes nie alleen deur die Rooi See van wedergeboorte gaan nie, maar ook deur die Jordaan van ’n volle oorgawe en sterwe aan die ou lewe van val en opstaan. Dieselfde beginsel geld vir alle gelowiges, want almal van ons word voor die uitdaging gestel om ons menslike swakhede te oorkom deur die toerusting met Goddelike krag uit die hemel.

In die fase van Petrus se lewe ná Pinksterdag het hy ervaar wat dit was om in die volheid van die Heilige Gees te wandel en ver verby aardse begeerlikhede na ons ewige woning in die

hemel te kyk. Hy het uit eie ondervinding geweet wat dit was om 'n vleeslike Christen te wees wat die Here Jesus in baie opsigte teleurgestel en selfs ook verloën het, maar genadiglik het hy die opdrag ernstig opgeneem om op die Here te wag totdat hy toegerus was met krag uit die hoogte. Daarna het hy nooit weer omgekyk of gehuiwer nie, selfs nie toe hy aan die einde van sy lewe 'n marteldood deur kruisiging in die gesig gestaar het nie. Die Heilige Gees het sy geloof versterk en hom gehelp vreesloos te stry vir die groot waarhede van die evangelie, waarsonder geen sondaar die ewige lewe kan verkry nie.

Wandel jy ook deur die volheid van die Heilige Gees? Dan sal jy krag ontvang om 'n getuie vir Christus te wees en onder die moeilikste omstandighede staande te kan bly sonder om moedeloos te word en terug te draai na die wêreld toe. Jy sal ook kragtig word in die Here om met sukses teen die aanslae van die duiwel weerstand te kan bied. Verder sal jou kennis van die Here en sy Woord toeneem totdat jy saam met al die heiliges ten volle sal kan begryp wat die breedte, lengte en diepte van Christus se liefde is, sodat jy vervul kan word tot al die volheid van God (Ef. 3:17-19).

### **Sy briewe aan die gelowiges**

Petrus het sy Christelike bediening met groot ywer en toewyding voortgesit. Hy was só volkome met die Heilige Gees vervul en met hemelse insig bekleed, dat die Gees hom gelei het om twee sendbriewe te skryf wat later 'n deel van die Bybel geword het. Hy het die jong Messiaanse gemeentes aangemoedig om hulle hoop volkome in die genade te stel wat hulle deel geword het by die openbaring van Jesus Christus, omdat hulle vrygekoop is deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos (1 Pet. 1:13-19). Die kruis het gedoen wat die wet nie vir hulle kon doen nie.

Petrus het die gelowiges opgeroep om te verkondig die deugde van Hom wat hulle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig (1 Pet. 2:9), en hulle daarop gewys dat dit konkrete, histories bewysbare feite was wat hy en die ander apostels verkondig het: "Want ons het nie kunstig verdigte fabels nagevolg toe ons julle die krag en koms van onse Here Jesus Christus bekend gemaak het nie, maar ons was aanskouers van sy majesteit" (2 Pet. 1:16).

Die jong gemeentes is ook daaraan herinner dat hulle bywoners en vreemdelinge in 'n bose en verbygaande wêreld is waarin hulle veel verdrukking sou verduur (1 Pet. 2:11; 4:1-19). Petrus het 'n hele hoofstuk aan die tragiese verskynsel van teruggevallenes gewy wat die pad van die Here verlaat en na 'n sondige lewe in die wêreld teruggekeer het (2 Pet. 2:1-22). Christene word egter bemoedig om geestelik staande te bly in hierdie goddelose wêreld wat vir die vuur bestem is: "Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? – julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas" (2 Pet. 3:11-12).

Heiligmaking was 'n belangrike tema in sy prediking en geskrifte. Hy het die opdrag aan Israel in Levitikus 11:44 herhaal en daardeur bevestig dat dit op alle gelowiges van alle tye betrekking het: "Soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig" (1 Pet. 1:15-16). Die mens is na God se beeld van heiligheid geskape, maar hierdie beeld is deur die sondeval geskend. Ons word egter geroep om opnuut met God se beeld van volkome heiligheid bekleed te word, want daarsonder kan ons God nie behaag nie.

As ons aan die Here Jesus se dood en opstanding gelykvormig word, dan bekleed ons onself met Christus en wandel deur sy Gees. Petrus wys sy lesers daarop dat Christus deur sy lyding en sterwe vir ons getoon het hoe om vir die verdorwenheid van die wêreld te sterf. Ons moet ons kruis opneem en Hom volg (Luk. 9:23; 1 Pet. 2:21), selfs al bring dit vir ons verwerping en vervolging mee (1 Pet. 4:12-13).

## **Petrus se marteldood**

Ons moet daaraan toegewy wees om die Here se duidelike opdragte aan ons uit te voer, en die toekoms in sy hande los. Ons weet nie eers wat die dag van môre inhou nie, daarom moet ons elke dag doen wat ons hand vind om te doen, en daarna streef om met die Here se dinge besig te wees wanneer Hy kom om ons na ons ewige woning weg te neem.

Volgens *Foxe's Book of Martyrs* is Petrus in Rome ter dood veroordeel en gekruisig. Nero het redes gesoek om Petrus tereg te stel, maar mede-Christene het daarvan te hore gekom en hom ernstig versoek om die stad te verlaat en sodoende sy lewe te spaar. Petrus was aanvanklik onwillig, maar is uiteindelik deur hulle oorreed om te vlug. Toe hy by die stadspoort gekom het, het Jesus volgens oorlewering aan hom verskyn, en Petrus het in eerbied aan Hom gevra: "Here, waarheen gaan U?", waarop Hy geantwoord het: "Ek het gekom om weer gekruisig te word." Petrus het na aanleiding hiervan verstaan dat hy sy lyding ter wille van Christus moes aanvaar, en het dadelik teruggedraai na die stad toe. Hy is kort daarna gekruisig, maar op sy eie versoek is hy onderstebo gekruisig. Hy het gesê dat hy onwaardig was om op dieselfde manier as die Here Jesus gekruisig te word.

Dit is slegs wanneer 'n mens se oë op jou ewige bestemming in die hemel gerig is dat jy die Here Jesus onvoorwaardelik sal volg en dien – ongeag wat die koste daarvan mag wees. Vervulling met die Heilige Gees is 'n absolute vereiste vir 'n lewe van volkome diens aan die Here, asook vreesloosheid vir die gevolge daarvan – selfs al beteken dit 'n marteldood. Petrus het ná sy bekering 'n baie duidelike ervaring van vervulling met die Heilige Gees gehad.

Kan jy ook van die vervulling met die Heilige Gees getuig en wandel jy steeds deur die Gees? Daarsonder sal jy nie vaste oortuigings hê nie, deur elke wind van lering meegesleur word, maklik voor die geringste teëstand swig, en bo alles nie geskik wees om as 'n getuie vir die Here Jesus op te tree terwyl Hy talm om te kom nie. Ons moet ook, soos die 120 getroue volgelingen van Jesus in die bokamer, wag op die Here totdat ons toegerus is met krag uit die hoogte. Dan alleen sal ons met vertroue die moeilike taak kan aanpak wat Hy aan ons opgedra het.

## 10. Die Christen as 'n Tempel van die Heilige Gees

*Skriflesing:* "Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie? As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig, en dit is julle" (1 Kor. 3:16-17).

Ná die kruisiging, opstanding en hemelvaart van die Here Jesus, asook die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag, is die profetiese doel van die tempeldiens in Jerusalem vervul en het die skaduagtige rituele daarvan uitgedien geraak. Die brandofferaltaar waarop herhalende offers vir die sondes van die volk gebring is, was nie meer nodig nie omdat Jesus as die Lam van God 'n eenmalige offer aan die kruis gebring het vir die sondes van die hele wêreld. Die reukofferaltaar was ook nie meer nodig nie, omdat Christene se gebede wêreldwyd 'n lieflike geur voor die aangesig van die Here is. Die verbondsark in die Allerheiligste is ook nie meer nodig nie, omdat Christus nou op sy genadetroon in die hemel sit waar Hy voortdurend by die Vader vir ons intree.

Ons het vrye toegang tot die genadetroon so dikwels as wat ons wil, want die voorhangsel het geskeur toe Christus versoening vir die wêreld se sonde gedoen het. Ons het nie meer priesters nodig om namens ons te bid en offers te bring nie. Verder is die kandelaar in die tempel nie meer nodig nie, omdat die Christene nou die lig van die wêreld is. Die tafel met die toonbrode is ook uitgedien omdat Christene die water en brood van die lewe aan 'n sterwende mensdom moet bedien. Daar het dus 'n totale klemverskuiwing gekom van 'n ritualistiese tempeldiens in Jerusalem, na Christene wat elkeen in sy eie reg geroep is om 'n tempel van God te wees waarin die Heilige Gees woon. Dit is noodsaaklik dat ons sal vasstel wat presies die Here van ons verwag om geestelik gesproke doeltreffend as tempels te funksioneer waardeur sy doel op aarde bereik kan word.


Wanneer ons na die tempeldiens kyk, asook ander openbarings van God aan die mensdom, dan is dit opvallend dat daar altyd twee perspektiewe is wat beklemtoon word, naamlik eerstens die mens-God-verhouding en tweedens die mens-medemens-verhouding. Die wette wat hy by Sinai aan Israel gegee is, is op twee kliptafels geskryf – op die een word ons verhouding met God beskryf, en op die ander een ons verhouding met ons medemens. Dié twee perspektiewe blyk ook duidelik uit Jesus se opsomming van die wet in twee basiese wette: liefde tot God en liefde tot ons medemens. Die kruis waaraan Christus gesterf het, vertoon ook hierdie twee perspektiewe. Die een balk wys op na die hemel en ons verhouding met God, en die dwarsbalk simboliseer 'n uitreiking na die geestelike nood van die wêreld.

Hierdie twee aspekte van ons geloofslawe is interafhanklik, daarom kan die een nie sonder die ander bestaan nie. Ons móét almal 'n verhouding met die Vader hê deur Jesus Christus, want sonder dit is ons nie gelowiges nie. Hierdie verhouding moet deur die vervulling met die Heilige Gees versterk en daagliks vernuwe word. Wanneer my siel versadig is met die goeie, het ek die verpligting om die evangelie met ander te deel. Die liefde van Christus sal my dring om dit te doen, want dit is die uiterlike bewys dat ek 'n ware geloof in my hart het. Geloof sonder werke is dood, en as ek nie na ander uitreik met die evangelie nie, bestaan daar 'n baie groot vraag oor die aard van my eie geestelike lewe. Die Here verwag dit van al sy kinders om die lig van 'n donker wêreld en die sout van 'n bedorwe aarde te wees.

Ons Christelike dienswerk na buite is net so afhanklik van sterk geloofsoortuigings en 'n intieme verhouding met die Here. As dit ontbreek, is ons werke nie geïnspireer deur die Heilige Gees nie, en verander in menslike pogings wat in die krag van die vlees gedoen word. Sulke werke is nie deur die Gees gedrewe nie en is uit God se oogpunt nuttelos. Dit is belangrik dat ons verhouding met die Here reg sal wees as ons wil hê dat dit met ons bediening daarbuite goed moet gaan. "Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien,

sal jou in die openbaar vergelde” (Matt. 6:6). As jou verhouding met die Here reg is, sal jy ’n verborge kragbron in jou lewe hê wat duidelik sal blyk in jou getuienis en optrede onder die mense in die praktyk. Hulle sal kan sien dat die Here se seën op jou lewe rus.

Om doeltreffend as ’n tempel van God te kan funksioneer, moet albei hierdie perspektiewe tot hulle volle reg kom. Dit is opvallend dat die toerusting in die Ou-Testamentiese tempel in die vorm van ’n kruis gerangskik is, met die vertikale en horisontale lyne wat mekaar in die Heiligdom sny. Die tempel was dus ’n skadubeeld van toekomstige dinge omdat die simboliek daarvan op die toekomstige verlossingswerk van die Messias dui. In die lig daarvan kan ons vasstel hoedanig ons as tempels van God behoort te funksioneer.



### Die mens-God-perspektief

Die eerste lyn in hierdie kruis stel die mens-God-verhouding voor. Dit begin by die poort wat na die voorhof lei en loop reguit deur tot in die Allerheiligste by die Ark van die Getuienis. Dit is die vertikale balk van die kruis. Die tweede lyn is in die Heilige tussen die kandelaar en die tafel met die toonbrode. Dit is die dwarsbalk van die kruis en dui op ons verpligting om verkondigers van God se genade in die wêreld te wees. Jesus Christus het dit alles deur sy kruisdood moontlik gemaak – ons moet net in die regte verhouding met Hom wees en ook erns maak met die opdrag om sy getuies oral in die wêreld te wees.

Die vertikale lyn begin buite by die poort wat na tempelsterrein lei. Jesus het gesê: “Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word” (Joh. 10:9). Die duiwel probeer alles

moontlik om mense daarvan te weerhou om deur hierdie poort na die Here se heiligdom toe te tree waar hulle gered kan word. Sommige van hulle probeer om sonder sondebelydenis deur hierdie poort in te gaan, maar dit is onmoontlik omdat 'n ongeredde persoon eers van sy sonde verlos moet word voordat hy met God versoen kan word: "Stry hard om in te gaan deur die nou poort, want baie, sê Ek vir julle, sal probeer om in te gaan en sal nie in staat wees nie" (Luk. 13:24). Verder op hierdie lyn kom ons eerste by die brandofferaltaar in die voorhof, waar offers vir die versoening van mense se sonde gebring is. Al hierdie offers was heenwysings na die Here Jesus se eenmalige offer vir ons sonde: "In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade" (Ef. 1:7). Voortgesette reiniging deur die bloed van die Lam moet 'n lewenslange ervaring by Christene wees. "As ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons [voortdurend] van alle sonde" (1 Joh. 1:7).

Hierna kom ons by die koperwaskom in die tabernakel of die afspoelwaentjies op die tempel terrein. Hierin het die priesters hulle hande ná die offers gewas, gevolglik was daar water in wat met bloed gemeng was. Dit was die bewys van 'n volbragte offer. Nadat Jesus gesterf het, het daar water en bloed uit sy sy gekom, as 'n bewys dat Hy klaar gesterf en sy lewe vir ons afgelê het (Joh. 19:34-35). Dit is belangrik om altyd te onthou dat Christus se offer volmaak, volkome en afgehandel is. Niks kan daarby gevoeg word in die vorm van menslike werke soos wetsonderhouding, of kerklike rituele soos die doop, om dit aan te vul nie. Ons moet net die versoening in die geloof aanvaar en voortgaan om dit in die krag van die Heilige Gees te verkondig, maar nooit probeer om enigiets daarby te voeg nie.

Hierna, steeds op dieselfde reguit lyn, word die Heilige in die tempel betree en kom ons by die reukofferaltaar uit. Dit is met goud oorgetrek en word ook die goue altaar genoem. Die priester moes elke oggend en aand speserye hierop aan die brand steek as 'n voortdurende reukwerk voor die aangesig van die Here. Die teëbeeld van die reukofferaltaar is die aanhoudende gebede van die Christene in die Nuwe Testament. In gebed tree ons tot die troon van God toe. Hierdie kommunikasie moet in stand gehou word, en ons moet "by elke geleentheid bid in die Gees" (Ef. 6: 18). Biddeloosheid lei tot gebrekkige kommunikasie met God en tot kragteloosheid in sy diens: "... julle het nie omdat julle nie bid nie" (Jak. 4:2). Wil jy meer seën op jou arbei hê? "Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag" (Jak. 5:16).

Reg agter die reukaltaar was die voorhangsel wat skeiding gemaak het tussen die Heilige en die Allerheiligste waar die Ark van die Getuienis was. Hierdie ark stel die genadetroon van die Here voor, en is die verste punt op die reguit lyn van die mens-God-verhouding. Net die Hoëpriester alleen kon een dag per jaar, op die Groot Versoendag (Jom Kippoer), hier ingaan om versoening vir die volk se sondes te doen. Die werklike teenwoordigheid van die Here was dus uitgesluit van die gewone lede van die volk, asook die priesters, want hulle kon nie agter die voorhangsel ingaan om self vir die vergifnis van hulle sondes te bid nie – die hoëpriester moes dit namens hulle doen. Die skeiding tussen die Heilige en Allerheiligste is egter deur die kruisdood van ons Hoëpriester, Jesus Christus, uit die weg geruim.

Ons lees onder meer in Lukas 23:45 oor die oomblik toe die Here Jesus aan die kruis gesterf het: "... en die voorhangsel van die tempel het middeldeur geskeur." Dit beteken dat die Ou-Testamentiese offerdiens en gebede deur die bemiddeling van priesters afgeskaf is en dat elke gelowige daarna self in gebed tot by die genadetroon van die Here kan toetree. Paulus sê in Hebreërs 10 van vers 19 af: "Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen ... en ons 'n groot Priester oor die huis van God het, laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid." Van hierdie oomblik af het die noodsaaklikheid vir die tempeldiens verval omdat die Here Homself sonder tussengangers aan elke gelowige openbaar. Jesus Christus is ons Middelaar.

## Die mens-medemens-perspektief

Die tweede lyn in die tempeldiens sny oor die eerste een wat van die voorhof af tot in die Allerheiligste gaan. Hierdie tweede lyn strek vanaf die goue kandelaar teen die suidelike muur van die Heilige in die tempel tot by die noordelike muur waar die tafels met die toonbrode staan. Die twee lyne vorm sodoende 'n kruis. Hierdie tweede perspektief stel die mens-medemens-verhouding in ons geloofslewe voor. Die kandelaar is Jesus Christus as die lig van die wêreld en die toonbrode is Christus as die brood van die lewe. Ná sy Hemelvaart het die verantwoordelikheid op sy dissipels oorgegaan om die lig van die wêreld te wees (vgl. Matt. 5:14). Hulle moes getuies van sy reddende genade onder 'n verlore mensdom wees, en hulle ook met die brood van die lewe voed wat die Woord van God is. Ons liefde vir God moet dus ook in liefde vir ons medebroeders én liefde vir 'n verlore gaande wêreld tot uiting kom, sodat die geleentheid aan hulle gebied kan word om oor te kom uit die duisternis van verlorenheid tot in die wonderbare lig van Christus.

Die kandelaar in die tempel het gereelde onderhoud nodig gehad sodat dit onafgebroke 'n helder lig kon laat skyn. Dit moes elke dag met vars olie opgevol word, anders sou die liggies al hoe flouër begin brand en later heeltemal uitgeblus raak. Ons moet die Here ook gereeld vertrou vir 'n vars salwing deur die Heilige Gees, sodat ons opnuut vervul en toegerus kan word met krag uit die hoogte. Die groot verskil tussen die wyse en dwase maagde in die gelykenis oor die bruidegom (Matt. 25:1-13), is dat die wyse maagde ekstra olie met hulle saamgeneem het. Dit dui op vervulling met die Heilige Gees – iets waarvan die dwase maagde nie kon getuig nie, daarom het hulle lampe uitgegaan.

Verder moes die pit van elke lampie in die kandelaar ook gereeld skoongemaak word, sodat dit nie begin rook en 'n dowwe lig afgee nie. Hoeveel te meer het ons nie nodig om voortdurend die reinigende werking van die bloed van die Lam te ervaar nie: “Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring” (2 Kor. 7:1). Dit sal verseker dat ons “onberispelik en opreg kan wees, kinders van God sonder gebrek te midde van 'n krom en verdraaide geslag onder wie [ons] skyn soos ligte in die wêreld” (Fil. 2:15). Ons geestelike lewe moet dus op 'n daaglikse basis in stand gehou word sodat daar nie dalk afkoeling, sonde en wêreldgesindheid insluip nie.

Dieselfde beginsel geld vir die tafel met die toonbrode. Vars brood moet aan hongeriges bedien word, en dit vereis dat ons intensiewe Bybelstudie sal doen sodat ons uit die skatkamer van die Woord altyd nuwe boodskappe sal kry om vir mense voor te sit. Die bron is onuitputlik en ondeurgrondelik, maar dit vereis van ons toewyding om dit te ken en die Woord van die waarheid reg te sny sodat dit onder die leiding van die Heilige Gees reg verklaar en toegepas sal word. Terselfdertyd moet Bybelstudie ook tot verhoogde persoonlike heiligheid lei. Dit moenie net 'n akademiese oefening wees waarin ons slegs verstandelik van die Woord kennis neem sonder dat dit enige verskil in ons lewe maak nie. Ons moet dit waarlik ter harte neem en saam met die Psalmis kan sê: “Ek het u Woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie” (Ps. 119:11). “Middernag staan ek op om U te loof vir u regverdige verordeninge. Ek is 'n metgesel van almal wat U vrees, en van die wat u bevele onderhou” (Ps. 119:62-63). “Maak my voetstappe vas in u Woord, en laat geen ongeregtheid oor my heers nie” (Ps. 119:133).

Wanneer die Woord eerste tot ons self spreek en ons eie lewe verander om aan die beeld van God se Seun gelykvormig te word, dan sal dit veel groter ingang vind by ons hoorders omdat hulle ook sal wil hê wat ons reeds uit genade verkry het. Wanneer die lig van gelowiges se getuienis egter flou skyn is hulle geneig om dit eerder onder 'n maatemmer te verberg omdat hulle self twyfel. Dan sal ander mense nie van hulle getuienis en geestelike oortuigings kennis neem nie, want dit speel duidelik nie 'n groot rol in die betrokke persone se eie lewe nie.



## Heilig aan die Here

Ons kom dus voor 'n baie groot uitdaging te staan om ons roeping te vervul om 'n tempel van die Heilige Gees te wees. Neem in ag dat hierdie opdrag vir alle gelowiges geld – nie net vir 'n klein groepie wat voltyds in die Here se diens staan nie. Elke individuele gelowige is in sy eie reg, maar ook in groeps- of gemeenteverband, 'n tempel van die Here in die Nuwe Testament. Ons het almal die opdrag om heilig te leef, “want die tempel van God is heilig, en dit is julle” (1 Kor. 3:17). Hoe funksioneer die tempeldiens in jou lewe? Maak seker dat altwee die perspektiewe daarvan tot hulle volle reg kom. In die mens-God-verhouding moet jy deur Jesus Christus in gebed tot die genadetroon nader om opnuut en voortdurend deur die bloed van die Lam van alle sonde gereinig te word. Jy moet ook gereeld voorbedding doen vir 'n wêreld in sy nood. Wanneer jy dit doen, sal jy die vrymoedigheid hê om jouself beskikbaar te stel om deur die verkondiging van die evangelie ander mense vir die Here se koninkryk te wen, sodat hulle ook tot tempels van die lewende God omskep kan word.

Let op hoe betreuenswaardig is die lewens van mense wat nog nie deur die wedergeboorte en vervulling met die Heilige Gees in tempels van God omskep is nie. Hulle sukkel om werklik sin en betekenis aan hulle lewens te verleen, en probeer gewoonlik om vir hierdie gebrek te vergoed deur soveel as moontlik aardse dinge te vergader. Oor godsdienstige sake is hulle meesal verward en val van een dwaling na die ander rond. Kyk in watter groot dilemma is die ortodokse Jode wat nog aan die Ou-Testamentiese skaduwees van die tempeldiens vashou. Hulle wil nie aanvaar dat Jesus die Messias en Lam van God is wat sy lewe vir hulle sondes geoffer en die weg na God se genadetroon geopen het deur die voorhangsel in die tempel te laat skeur nie.

Die derde tempel wat Israel nou wil bou, is in werklikheid uit ongeloof gebore en weerspieël 'n gesindheid van die voortgesette verwerping van die Messias, daarom sal dit in die komende verdrukking deur die Antichris onheilig word wanneer hy homself daarin tot God sal verklaar. Paulus sê die valse messias is die mens van sonde wat homself sal “verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is” (2 Thess. 2:3-4). Hy sal egter slegs in 'n mensgemaakte tempel persone kan mislei wat nog nie self deur die Heilige Gees in tempels van die lewende God omskep is nie.

Die teken van die kruis in die grondplan van die tempel dui profeties op die Seun van God wat in die volheid van die tyd gekom het om die wet en die profete te vervul. Hoe wonderlik is dit nie dat daar tóg 'n dag sal kom wanneer die oorblyfsel in Israel sal opsien na Hom vir wie hulle deurboor het, en bitterlik oor Hom sal ween (Sag. 12:10). Dan sal hulle deur die Messias 'n nuwe verbond met die Here sluit en Hom nie meer deur die bemiddeling van priesters en aanhoudende offers dien nie, maar self deur die geskeurde voorhangsel tot by die genadetroon van die Here nader. Dit is net voor die aangesig van die Here, op grond van die soendood van sy Seun, dat 'n persoon tye van verkwikking vir sy siel sal ervaar.

## 11. Die Gees van Profesie

*Skriflesing:* “Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei ... en die toekomstige dinge aan julle verkondig. Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig” (Joh. 16:13-14). “Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie” (Op. 19:10).

Alle Bybelse profesieë is onder die direkte inspirasie van die Heilige Gees geskryf, en net Hy kan aan ons verligte oë van die verstand gee om dit reg te verstaan. Bybelse profesieë is deel van die absolute waarheid van God, daarom staan elke woord vas. Petrus sê: “Ons het die profetiese woord, wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op ’n lamp wat in ’n donker plek skyn ... terwyl julle veral dit moet weet, dat geen profesie van die Skrif ’n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van ’n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek” (2 Pet. 1:19-21). Die profetiese woord help ons nie net om die salige hoop te koester dat die hemelse Bruidegom ons sal kom haal om ons ewige bestemming te bereik nie, maar ook om donker tye van oordele beter te kan verstaan en mense daarteen te waarsku.

Die oordele van God is bedoel vir dié mense wat nie sy genade-aanbod deur die Here Jesus wou aanvaar nie – dit is waarom die Heilige Gees ook oordele en strafgerigte aankondig (vgl. Jes. 4:4). ’n Wêreld wat die liefde en reddende genade van God minag en verwerp, moet noodwendig die boodskap van God se toorn oor die sondaars hoor. Hy sal nie die sonde ongestraf laat bly nie. As mense weier om hulle sondes voor die genadetroon te bely en te laat staan, sal hulle self die straf daarvoor moet betaal. Hulle sal dan uitvind dat dit vreeslik is om te val in die hande van die lewende God (Heb. 10:31). Ondenkbare oordele wag op hulle.

Elke persoon wat daarna streef om ’n Geesvervulde lewe te lei, sal ervaar dat die Heilige Gees hom ’n liefde vir Bybelse profesieë gee en ook die wysheid om dit te verstaan.

### Profesieë oor Israel

Baie van die Bybelse profesieë het op die volk Israel betrekking, op hulle roeping as volk van God, hulle vestiging in die Beloofde Land, die geboorte van die Messias in die huis van Dawid, Israel se internasionale verstrooiing weens ongeloof, hulle eindtydse herstel en geestelike loutering tydens die verdrukking, die wederkoms van die Messias en die redding van die hele oorblyfsel van Israel, die herstel van die troon van Dawid in Jerusalem, en die duisendjarige vrederyk daarna. Dan sal die ten volle herstelde Israel die geleentheid hê om hulle roeping te vervul om die hele wêreld te evangeliseer. Hierdie volk speel so ’n sentrale rol in die Bybel se profetiese program dat hulle tereg “die horlosie van God” genoem word.

Wanneer Ou-Testamentiese profesieë oor Israel se toekoms gelees word, moet altyd in gedagte gehou word dat die kerkbedeling ’n verborgenheid was wat nie aan die profete geopenbaar is nie, daarom het hulle nie oor die kerk onder alle nasies geprofeteer nie (vgl. Rom. 16:25-26). Dit is die rede waarom profesieë oor die eerste en tweede koms van die Messias dikwels saam met mekaar genoem word, asof hulle direk op mekaar volg, sonder enige verwysing na die lang kerkbedeling wat tussen hulle verloop.

In Sagaria 9:9-10 staan daar: “Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en ’n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op ’n esel. ... Dan sal Hy aan die nasies vrede verkondig, en sy heerskappy sal wees van see tot see, en van die Eufraat tot aan die eindes van die aarde.” Daar het beslis ’n lang tyd verloop vandat Jesus op ’n esel Jerusalem binnegery het totdat sy wêreldwye vrederyk tydens sy wederkoms met Jerusalem as hoofstad gevestig sal word.

Die 70 jaarweke van Israel se heilsgeskiedenis ná die Babiloniese ballingskap word ook in Daniël 9:24-27 só geskryf dat dit voorkom asof dit ’n aaneenlopende tydperk is. Die kruisiging

van die Messias ná 69 jaarweke en die regering van die Antichris gedurende die 70ste jaarweek lyk of dit aanmekaar loop. Dit is egter nie aan Daniël geopenbaar dat die kerkbedeling sou volg nadat Israel hulle Messias verwerp het nie. Jesus het vir sy dissipels gesê dat Israel uit hulle land verstrooi sou word na alle nasies en dat Jerusalem vertrap sou word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is (Luk. 21:24). Die onderbreking in Israel se heilsgeskiedenis het vir byna twee millennia lank voortgeduur en hulle is nou eers weer terug in hulle land. Die 70ste jaarweek kan enige tyd begin nadat die valse messias verskyn en vir sewe jaar lank 'n verbond met Israel en die nasies gesluit het (Dan. 9:27).

Kom ons kyk na 'n aantal profesieë oor Israel se geestelike ontwaking in die eindtyd, en wat die gevolge daarvan sal wees. Op Pinksterdag toe die Heilige Gees uitgestort is, het Israel nóg 'n geleentheid gehad om as volk tot bekering te kom deur die Messias te aanvaar. Hulle het dit egter nie gedoen nie, en net 'n klein minderheid het positief op die evangelie gereageer. Petrus het die volk kragtig tot bekering opgeroep. Met verwysing na die uitstorting van die Heilige Gees en al die tekens wat daarmee gepaard gaan, het hy gesê:

“... dit is wat deur die profeet Joël gespreek is: En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom. En ook op my diensknegte en diensmaagde sal Ek in dié dae van my Gees uitstort, en hulle sal profeteer. En Ek sal wonders gee bo in die hemel en tekens onder op die aarde, bloed en vuur en rookdamp. Die son sal verander in duisternis en die maan in bloed voordat die groot en deurlugtige dag van die Here kom. En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word” (Hand. 2:16-21; vgl. Joël 2:28-32).

Hoewel Petrus gesê het dat die uitstorting van die Heilige Gees byna 2 000 jaar gelede die vervulling van Joël se profesie was, was dit net 'n gedeeltelike vervulling daarvan. Die finale vervulling van hierdie profesie sal eers tydens die dag van die Here wees, wat die tyd van oordele tydens die komende verdrukking van sewe jaar is. Dan sal daar dramatiese tekens op aarde en in die hemelruim wees, die son sal verduister en die maan soos bloed word voordat die groot dag van die Messias se wederkoms aan die einde van die groot verdrukking sal aanbreek. In daardie tyd, nadat die ware kerk wat die tempel van die Heilige Gees is, weggeneem is, sal daar 'n nuwe uitstorting van die Heilige Gees oor Israel wees, en dit sal met buitengewone tekens en groot openbarings gepaard gaan.

Dit is belangrik om te begryp dat daar tydens die wegraping 'n duidelike dispensasionele verandering sal plaasvind. Die kerkbedeling sal dan verby wees, waartydens ons die volle openbaring van God se Woord gehad het, die Heilige Gees ons in die hele waarheid gelei het, en elke Christen individueel, asook gemeentes gesamentlik, as tempels van die Heilige Gees opgetree het om getuies vir Christus te wees. In hierdie bedeling was daar dus nie 'n behoefte aan buite-Bybelse openbarings nie, daarom moet dit nie gesoek word nie (Op. 22:18-19). Bonatuurlike tekens wat op oordele dui, het ook nie in die kerkbedeling plaasgevind nie, omdat dit die bedeling van genade vir die wêreld was – nie van oordele nie. Die oordele van God sal eers ná die kerkbedeling tydens die verdrukking oor 'n ongelowige wêreld kom.

Wanneer die kerkbedeling egter verby is, sal die tempel van die Heiliges Gees en die getuies van Christus nie meer hier wees nie. Almal wat sal agterbly, insluitend die grootste deel van die volk Israel, sal van God en sy Woord vervreem wees en aan die Antichris se geweldige misleidingsmag blootgestel wees. In daardie tyd sal die Here weer van profete gebruik maak. Aan die einde van die Ou Testament het Hy aan ongelowige Israel gesê: “Kyk, Ek stuur julle die profeet Elia voordat die groot en vreeslike dag van die Here aanbreek” (Mal. 4:5). Die Here sê dat Elia 'n belangrike bediening in Israel sal hê, “sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie” (Mal. 4:6). Dit is moontlik dat die eindtydse Elia een van die twee spesiale getuies van Openbaring 11 sal wees, wat sterk teëstand teen die valse messias sal

bied en mense sal probeer oorreed om in die ware Messias te glo.

Die gevolg van die nuwe uitstorting van God se Gees, wanneer die profesieë in Joël 2 finaal vervul sal word, sal wees dat 'n oorblyfsel in Israel voorberei sal word om met die Messias versoen te word wanneer Hy weer kom. Die Here sê: “Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smeking; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurbaar het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind. In dié dag sal die rouklag groot wees in Jerusalem, soos die rouklag van Hadad-Rimmon in die laagte van Megiddo. En die land sal rouklaag by geslagte” (Sag. 12:10-12).

Die Here voeg hierby: “In dié dag sal daar 'n geopende fontein wees vir die huis van Dawid en vir die inwoners van Jerusalem teen sonde en onreinheid. En in dié dag, spreek die HERE van die leërske, sal Ek die name van die afgode uit die land uitroei, sodat aan hulle nie meer gedink sal word nie” (Sag. 13:1-2). Die Here gaan dus in die nabye toekoms 'n groot en wonderlike doel met Israel bereik deur hulle ook geestelik as sy volk te herstel. Hulle fisiese en staatkundige herstel was net ter voorbereiding op hulle geestelik ontwaking en lewendmaking. Só het Hy dit ook deur die diens van Esegïel belowe:

“Daarom, sê vir die huis van Israel: So spreek die Here HERE: ... Ek sal julle uit die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en Ek sal julle in jul land bring. Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig. En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee. ... En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen. En julle sal woon in die land wat Ek aan jul vaders gegee het; en julle sal vir My 'n volk en Ek sal vir julle 'n God wees” (Eseg. 36:22, 24-28).

God se doel met die geestelike herstel van Israel is dat hulle Hom van harte sal dien. Hulle geestelike ontwaking as volk sal progressief dwarsdeur die sewe jaar van die verdrukking plaasvind. Kort ná die wegraping en die openbaring van die Antichris sal die Gees van God kragtig onder hulle begin werk. Van daardie oomblik af sal Jode spesifiek binne volksverband gered word – nie meer soos tydens die kerkbedeling waarin volksverband geen saak gemaak het nie. Kort ná die beëindiging van die kerkbedeling sal die Here 144 000 Jode se siele red – 12 000 uit elkeen van die 12 stamme van die kinders van Israel (Op. 7:2-8). Hierdie kerngroep sal verteenwoordigend van die hele volk wees, en hulle sal spesiaal afgesonder word om die Here gedurende die eerste helfte van die verdrukking te dien. Hulle sal openlik standpunt teen die valse messias inneem en baie Jode én nie-Jode na Christus lei.

Die grootste groep Jode sal ten spyte van die getuienis van die Messiaanse Jode in hulle midde (die 144 000 en die twee getuies), voortgaan om erkenning aan die valse messias te gee onder die indruk dat hy die ware Messias is (vgl. Joh. 5:43). In daardie stadium sal hulle nog nie die nommer van die Antichris hê nie, omdat dit eers ná die middel van die verdrukking verpligtend gemaak sal word. Hulle sal dus nog steeds hulle verbond met hom kan verbreek.

Dit is presies wat gaan gebeur wanneer die Antichris in die middel van die verdrukking in die herboude tempel in Jerusalem sal ingaan, 'n afgodsbeeld van homself daar laat oprig en homself tot God verklaar (2 Thess. 2:4; Op. 13:15). Die meeste Jode sal as gevolg daarvan hulle verbond met hom verbreek en dan vinnig vir oorlewing na die berge moet vlug (Matt. 24:15-22). Daar word verwag dat hulle suidooswaarts na die berge langs die Dooie See sal vlug, en dan waarskynlik verder langs die see af tot by Petra suid van die Dooie See in Jordanië. Toestande vir oorlewing sal kritiek wees. Die Antichris sal 'n Joodse volksmoord gelas en sy militêre magte beveel om die voortvluggende Jode agterna te sit en uit te wis.

Dit sal weer wees soos toe Israel uit Egipte gevlug het en deur Farao se magte agtervolg is. Die moderne Farao, die Antichris, sal alles inspan om die Jode te vernietig. Soos wat die Here

in antieke tye ingegryp en die Rooi See wat verdeel is, op sy beddings laat terugvloei het toe Farao se leërs probeer deurtrek het, sal die Here weer ingryp om die Antichris se magte te stuit. In Openbaring 12 word Israel as 'n vrou voorgestel wat in die middel van die verdrukking na 'n plek in die woestyn sal vlug waar sy vir 3½ jaar lank (1260 dae) onderhou sal word (Op. 12:6, 14). Die duiwel word as 'n slang of draak voorgestel wat die vrou agtervolg. Die slang het water uit sy bek laat stroom om die vrou te laat wegvoer, maar die aarde het oopgeskeur en die rivier opgesluk (Op. 12:15-16). 'n Aardbewing sal waarskynlik voorkom wat die agtervolgende magte van die Antichris sal stuit, sodat die vrou haar bestemming by die skuilplek in die berge veilig kan bereik.

In hierdie onherbergsame plek sal die Here moontlik weer, soos tydens Israel se uittog uit Egipte, water en kos aan die vlugtelinge voorsien. Dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos wat Israel nog nooit beleef het nie (Dan. 12:1). Daniël sê: “Van die tyd af dat die voortdurende offer afgeskaf en die ontsettende gruwel opgerig word, sal 1290 dae verloop” (Dan. 12:11). Vandat die Antichris die tempel ontheilig en sy afgodsbeeld opgerig het, sal 1290 dae (3½ jaar + 30 dae) verloop tot aan die einde van daardie jaarweek en Israel se daaropvolgende geestelike ontwaking ná die koms van Jesus. Die ekstra 30 dae sal waarskynlik die tyd van Israel se nasionale roubeklag wees wanneer hulle met die Messias versoen word.

Gedurende die tyd van Israel se ontvlugting sal die Here ook buitengewone openbarings gebruik om hulle te onderrig en voor te berei vir dit wat die nabye toekoms vir hulle inhou. Dit is van hierdie tyd in die groot verdrukking, dat Joël geskryf het: “... en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom. En ook op my diensknegte en diensmaagde sal Ek in dié dae van my Gees uitstort, en hulle sal profeteer.” Hierdie spesiale tekens en openbaringsmetodes is nie normatief vir die kerk nie en word nêrens aan ons voorgeskryf nie. Ons het die hele Bybel, en die Heilige Gees gebruik die Skrif om ons in die hele waarheid te lei.

Wanneer Israel aan die einde van daardie jaarweek uit hulle skuilplek na die Olyfberg optrek om die koms van die Messias in te wag, sal hulle deur die magte van die Antichris omring word en opnuut uitwissing in die gesig staar. Al die nasies wat volgelingen van die Antichris is, sal Jerusalem beleër om teen die komende Messias te veg, want hulle sal ook van sy wederkoms, vergesel van 'n hemelse leër, bewus wees (Sag. 14:2; Op. 19:19). Dit sal egter 'n slegte dag vir hulle wees, want die Messias sal wél kom en al die vyandelike magte verdelg (Sag. 14:4-5, 12-13; Op. 19:20-21).

Die oorblyfsel van Israel sal opsien na Hom vir wie hulle deurboor het en dan bitterlik oor Hom ween. Die nasionale roubeklag van Israel sal groot wees en die hele oorblyfsel van die volk sal met die Messias versoen word. Hulle sal vir Hom vra watter wonde daar in sy hande is, en Hy sal antwoord: “So is Ek geslaan in die huis van my vriende” (Sag. 13:6). Hulle sal met 'n skok besef dat dit Jesus van Nasaret is wat lank gelede deur Israel verraai en aan die Romeine oorgelewer is om gekruisig te word. Hy sal al hulle ongeloof en oortredings vergewe en hulle volkome as sy volk aanvaar. Paulus sê: “... en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend” (Rom. 11:26).

## **Die vrederyk**

Daar gaan dramatiese veranderings intree wanneer Christus as Koning van die konings teruggekeer: die hele Israel sal gered word, die duiwel sal gebind en dit bo hom verseël word sodat hy die nasies nie kan verlei nie, die troon van Dawid sal in Jerusalem herstel word en Christus se verheerlikte kerk sal saam met Hom in sy geopenbaarde koninkryk regeer. Hoe radikaal anders sal dit nie wees as die huidige, sondige wêreld wat in die mag van die Bose lê nie! Die Here wil hê dat ons van hierdie wonderlike beloftes en profesieë moet kennis neem, sodat ons nou reeds voorberei kan word om ook deelgenote van sy hemelse koninkryk van

geregtigheid te wees. Uit die aard van die saak vereis dit 'n hoë mate van toewyding aan die beginsels van God se koninkryk, asook persoonlike heiligheid as 'n antwoord op die sonde, korrupsie, leuens en ongeregtigheid wat so oorheersend in die huidige wêreld is.

In hierdie oorsig het ons die soeklig hoofsaaklik op Israel laat val, tot en met die wederkoms van die Messias. Kom ons kyk kortliks ook na die belangrike en inspirerende rol wat hulle in die Messiasryk gaan speel. Behalwe vir die Jode wat tydens die kerkdispensasie gered is en saam met die verheerlikte kerk sal regeer, sal die hele res van die volk uit sterflike maar geredde persone bestaan. Hulle sal almal veranderde harte hê en die Messias volkome dien:

“Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit. ... Hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die HERE; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die HERE; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie” (Jer. 31:31, 34). In die dispensasie van die koninkryk (die komende vrederyk van Christus) sal Israel gebruik word om die wêreld te evangeliseer en na die Messias te lei, want die verskillende volke se kinders sal steeds met 'n sondige natuur gebore word en dus weergebore moet word om aan die Here te behoort. “In die dae wat kom, sal Jakob wortel skiet, Israel sal bloei en uitbot, sodat hulle die wêreld vol vrugte sal maak” (Jes. 27:6).

As gevolg van hierdie belangrike rol sal Israel hoog in aansien wees by alle ander volke wat gereeld afvaardigings na Jerusalem sal stuur om in die weë van die Here onderrig te word: “So sal dan baie volke en magtige nasies kom om die HERE van die leërskaare in Jerusalem te soek en die aangesig van die HERE om genade te smee. So sê die HERE van die leërskaare: In dié dae sal tien man uit al die tale van die nasies die slip van 'n Joodse man gryp en dit vashou en sê: Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor dat God met julle is” (Sag. 8:22-23).

Omdat die duiwel in daardie tyd gebind sal wees, sal geen geestelike misleiding voorkom nie en slegs die Christelike geloof erken en beoefen word: “In dié tyd sal hulle Jerusalem noem die troon van die HERE; en al die nasies sal daarheen saamkom vanweë die Naam van die HERE in Jerusalem; en hulle sal nie meer wandel na die verharding van hul bose hart nie” (Jer. 3:17).

Jerusalem sal as hoofstad van die wêreld erken word, almal sal in vrede leef en daar sal geen oorlogvoering, militêre opleiding of wapenvervaardiging meer wees nie: “En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regsprek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie” (Jes. 2:2-4).

Dit is die toekomsvisie wat die Heilige Gees nou aan mense gee wat daarna streef om deur die Gees te wandel, die Bybel getrou te bestudeer en sodoende die Gees toe te laat om die toekomstige dinge aan hulle te verkondig. Het jy al van hierdie dinge kennis geneem wat steeds vir die ongelowige wêreld verborge is, en oordink jy dit in jou hart?

“Soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet. Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God” (1 Kor. 2:9-10). Verdiep jouself hierin en verkry 'n visie van die ewige koninkryk wat vir ons berei word nadat die Here ons deur sy groot genade uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig.

## 12. Twee Koninkryke, Twee Messiasse, Twee Huwelike

*Skriflesing:* Openbaring 17:1-7; 19:7-9.

Die twee groot geestelike realiteite waarvoor alle mense op aarde te staan kom, word in die Bybel as twee koninkryke beskryf – die koninkryk van God en die koninkryk van Satan. Twee beskrywende name wat ook dikwels vir hulle gebruik word, is die koninkryk van die lig en die koninkryk van die duisternis. Hoewel dié twee koninkryke uit 'n geestelike sfeer funksioneer, is albei van hulle besig met voorbereidings om as sigbare, fisiese koninkryke op aarde geopenbaar te word. God se ryk sal onder die koningskap van sy Seun, Jesus Christus, geopenbaar word en Hy sal van die herstelde troon van Dawid af uit Jerusalem oor die aarde regeer. Satan se ryk sal onder die koningskap van die Antichris geopenbaar word. Hy sal sy gesag op Jerusalem afdwing, maar aktief uit die antieke Babilonië regeer, wat tans deel is van die ryk, olieproduserende lande van die Midde-Ooste onder die beheer van Islam.

Hierdie twee konings sal nie net politieke en ekonomiese leiers wees nie, maar spesifiek ook godsdienstige leiers wat aanbid sal word. Geestelik gesproke sal beide van hulle 'n vrou hê – die vrou van die Lam (die ware kerk van Christus) en die vrou van die Antichris ('n alliansie van valse wêreldgodsdienste). Hierdie twee vroue sal in die heerlijkheid van hulle onderskeie leiers deel en ook saam met hulle regeer. Die een huwelik sal vir altyd voortbestaan, maar die ander een sal ná net 3½ jaar rampspoedig eindig wanneer die Antichris homself in die herboude tempel in Jerusalem tot God verklaar en dan van sy vrou skei.

Dit is belangrik dat ons van hierdie twee huwelike sal kennis dra, want elke persoon op aarde is 'n lid van een van die twee groepe. Diegene wat deel is van Christus se bruidsgemeente (weergebore Christene), het die opdrag om vir die bruilof van die Lam voor te berei sodat hulle in 'n vlekkelose kleed voor Hom kan verskyn. Hulle moet heiligmaking onder die leiding van die Heilige Gees nastreef. Dié wat egter by die opponerende koninkryk inskakel (almal buite die ware Christendom, insluitend ongeredde naamchristene) word beïnvloed om so ekumenies, multigodsdienstig en globalisties as moontlik te wees in hulle lewensuitkyk, sodat hulle aanvaarbaar kan wees vir die universele messias (Op. 13:3-4, 8) en die universele god van alle gelowe (2 Kor. 4:4). Hulle voer 'n hewige stryd teen die evangeliese Christendom wat weier om kompromie met ander gelowe te maak en by die ekumeniese beweging aan te sluit.

### **Ware en vals voorstellings van die bruid van Christus**

Jesus Christus is die Verlosser van 'n verlore mensdom. Hy het egter nie net na die wêreld gekom om die losprys vir ons sonde aan die kruis te betaal nie, maar ook om 'n lewenslange liefdesverhouding met sy dissipels aan te knoop: “'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê” (Joh. 13:34). Ons moet só deur sy liefde en die werking van sy Gees verander word dat ons aan sy beeld gelykvormig sal word. Die einddoel hiermee is om eendag as 'n lid van Christus se bruidsgemeente in 'n onberispelike toestand voor Hom te verskyn.

Die Here Jesus het ons lief soos 'n man sy vrou versorg en liefhet, en maak dit vir ons deur die verdere genadewerk van heiligmaking moontlik om in 'n rein kleed voor Hom te verskyn. Paulus sê: “Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees” (Ef. 5:25-27). Christus het Homself dus nie net oorgegee om ons deur die eerste genadewerk van wedergeboorte te reinig nie, maar ook om ons deur die verdere genadewerk van heiligmaking voor te berei om as sy bruid vlekkeloos voor Hom te verskyn.

Die bruid het self ook 'n groot verantwoordelikheid om deur die krag van die Heilige Gees 'n lewe van toewyding te lei en sodoende aan haar bruidskleed te werk: “... want die bruilof van

die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige daad van die heiliges” (Op. 19:7-8). Die regverdige daad van die heiliges is die vrug van die Heilige Gees in ’n ten volle oorgegewe persoon se lewe. Soos wat getroude pare aanhoudend aan hulle huwelik moet werk om nader aan mekaar te groei, moet ons aan ons geestelike verhouding met die hemelse Bruidegom werk sodat Christus meer kan word en ons tot ’n groter mate ons roeping as sy getuies en sy geheiligde bruid kan uitleef.

Ons moet daarvan bewus wees dat ons ons geestelike roeping in ’n vyandige omgewing moet vervul, wat deel is van ’n wêreld wat grootliks in die mag van die Bose lê (1 Joh. 5:19). Die alternatiewe koninkryk van Satan maak van die mees misleidende en subtiele tegnieke gebruik om sy valse messias/koning voor te stel in die gedaante van ’n engel van die lig in ’n poging om hom vir alle gelowe aanvaarbaar te maak. Hy sal as ’n multigodsdiensstige vredevoers op die wêreldtoneel verskyn om ’n brug te bou tussen alle gelowe en sodoende tegelyk met almal van hulle te identifiseer – ook met ekumeniese Christene wat verkeerdlik meen dat alle gelowe dieselfde God aanbid. ’n Wanvoorstelling word van die Jesus van die Christendom gedoen deur sy beeld te vervals en sy Goddelike attribute te ontken, sodat iemand anders in sy plek as die universele Christus van alle gelowe voorgestel kan word.

Dit is verbasend dat baie Christene reeds ontvanklik is vir valse propaganda van hierdie aard, en geen weerstand bied teen verkeerde voorstellings van die Here Jesus, teen verdraaide weergawes van die evangelie, en teen geestelike manifestasies wat duidelik vreemd is aan die Heilige Gees nie. Trouens, hulle dryf goedsmoeds en sonder teëspraak saam met die stroom van ekumeniese denke af onder die leiding van valse leraars wat die Skrifte verdraai tot hulle eie verderf (2 Pet. 2:1; 3:16). Paulus het ernstig teen valse leerstellings gewaarsku omdat hulle toetrepunte tot die koninkryk van die duisternis is:

“Want ek is jaloers oor julle met ’n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, om julle as ’n reine maagd aan Christus voor te stel. Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. Want as iemand kom en ’n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle ’n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of ’n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval” (2 Kor. 11:2-4).

Daar is baie vervalsings van die Bybelse Jesus, bv. die baie populêre historiese Jesus wat nie ’n Goddelike oorsprong het nie, nie deur sy kruisdood versoening vir sonde gedoen het nie, nie uit die graf opgestaan het nie, nie na die hemel opgevaar het nie en dus ook nie daarvandaan na die aarde sal terugkeer nie. Die evangelie word ook só afgewater dat alle paaie na Rome lei, m.a.w. saligheid kan deur alle gelowe verkry word. Die aanvaarding van hierdie leuens wat onder die aanstigting van verleidende geeste verkondig word, lei daartoe dat groot getalle mense van die ware geloof afvallig word (1 Tim. 4:1). Ontrouheid aan die ware Christus lei tot lojaliteit aan die valse Christus (2 Joh. 2:18-29).

### **Die bruid van die Antichris**

Johannes beskryf die ontugtige vrou wat op die dier se rug sit, as: “Verborgeneid, die groot Babilon, die moeder van die hoere.” Sy is ’n moederorganisasie, en dus ’n ekumeniese liggaam (of beweging) wat in noue assosiasie met die Antichris sal optree. Babilon was die oorsprong van al die valse gelowe wat in antieke tye ’n toring gebou het as die simbool van hulle selfverheffing en selfvergoddeliking. Ná die val van die toring van Babel het die valse godsdienste hulleself onder die nasies gevestig en miljoene mense in hulle mag gekry. Nou is hulle egter besig om weer hande te vat en nuwe gestalte te gee aan hulle gemeenskaplike herkoms vanaf die “moeder van die hoere”. Dit is ’n eindtydse poging om godsdienstige mag te monster en dit te gebruik om die ideaal van valse wêreldeenheid te bevorder. Hulle streef ook daarna om met politieke leiers saam te werk om hierdie doel te bereik, en dit baan die



weg na hulle toekomstige samewerking en “huwelik” met die Antichris. Hy sal hulle bemagtig, en uit hulle geledere sal die valse profeet kom wat die Antichris se mede-regeerder sal wees.

Multigodsdienstige ekumene het reeds ver gevorder. Ná 'n relatief klein begin in 1893, het die Parlement vir Wêreldgodsdienste in 1993 'n reuse-kongres in Chicago gehou wat deur 7 000 lede van 250 godsdienste en okkultiese groepe bygewoon is. In 1999 is 'n ewe groot kongres in Kaapstad gehou, en hulle gaan steeds voort om internasionale kongresse te hou. Die laaste een was in 2015 in Salt Lake City, VSA. Hierbenewens is daar ook die Verenigde Godsdienste Inisiatief wat tydens die Millenniumberaad van die Verenigde Nasies gestig is. Hulle hou ook gereelde byeenkomste. Die Wêreldraad van Kerke het sedert 1948 al hoe meer multigodsdienstig geraak omdat hulle nie byeenkomste hou sonder om verteenwoordigers van die groot wêreldgodsdienste uit te nooi nie. Dieselfde intergeloofsbenadering word deur die Vatikaan gevolg, en dit het al na verskeie intergeloofsbyeenkomste in Italië gelei.

Die strukture is dus reeds geskep vir die ontugtige vrou wat al die valse wêreldgodsdienste sal verteenwoordig, die Antichris as die universele Christus van alle gelowe sal aanbid en ten volle met hom sal saamwerk. Hierdie vrou sal sy bruid wees, in nabootsing van die ware kerk wat die bruid van die ware Christus is. Hierdie noue assosiasie beklemtoon die feit dat daar beslis in die Antichris se wêreldregering 'n huwelik tussen godsdiens en politiek sal wees, en dit verklaar waarom die hele wêreld hom ook sal aanbid. Johannes sê:

“En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan. En hulle het die draak [die valse god van hierdie wêreld] aanbid wat die dier mag gegee het en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer? ... Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges [die martelare van die verdrukking] en hulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie. En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie” (Op. 13:3-4, 7-8).

Die intieme band tussen die Antichris en die menigtes wat hom sal aanbid, sal gedurende die hele eerste helfte van die verdrukking voortduur. Onder hulle sal ook ortodokse Jode wees wat sal meen dat die Antichris hulle beloofde Messias is (vgl. Joh. 5:43). Hy sal onder andere aan Israel die reg gee om die tempel in Jerusalem te herbou, maar dit sal met die sinistere doel wees om Jode deur die hervatting van die tempeldiens van geloof in die ware Messias weg te hou. Verder sal hy die bese oagmerk hê om homself in die herboude tempel tot God te verklaar. Dit sal in die middel van die jaarweek van sewe jaar gebeur.

Daniël sê van die Antichris: “En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees” (Dan. 9:27). Hy sal die Joodse offerdiens summier verbied ná 3½ jaar en die tempel ontheilig deur 'n afgodsbeeld van homself in die Allerheiligste te laat plaas. Paulus sê hierdie mens van sonde en teëstander van God se Seun sal homself “verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is” (2 Thess. 2:4).

Hy sal nie net die Jode nie, maar ook die aanhangers van al die valse gelowe, gebied om hulle eie godsdiensoefeninge te staak en voortaan net vir Hom as God te aanbid. Almal wat weier om dit te doen, sal summier om die lewe gebring word: “En dit is hom [die valse profeet] gegee om 'n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie” (Op. 13:15).

Die gevolg van dié wending sal wees dat die Antichris se huwelik met sy ontugtige vrou skielik ontbind en al haar plekke van aanbidding vernietig sal word. Sy en al haar volgelinge sal dan voor die keuse gestel word om óf slawe van die Antichris te word en hom as God te aanbid, óf om tereggestel te word indien hulle sou weier om hom as God te aanbid. Johannes sê dat die

tien konings wat saam met die Antichris regeer het tydens die eerste helfte van die sewe jaar lange verdrukking, ook hulle gesag aan die dier sal oordra wanneer hy in die middel van die verdrukking tot alleenbeheer oorgaan en 'n militêre diktatuur instel (Op. 17:12-13). Hulle sal hul volle samewerking gee om die alliansie van wêreldgodsdienste te ontbind en te vernietig: "En die tien horings wat jy op die dier gesien het, hulle sal die hoer haat en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en haar met vuur verbrand" (Op 17:16). Die Jode wat sal weier om die Antichris as God te aanbid, sal dan vinnig vir oorlewing uit Jerusalem moet vlug, want dan sal daar 'n groot verdrukking wees soos daar nog nooit was nie (Matt. 24:15-21).

Dit sal die tragiese uiteinde van die Antichris se vrou wees, wat vir 'n spreekwoordelike pot lensiesop die ware Messias verloën en haar wedergeboortereg verkoop het, net om vir 'n kort rukkie erkenning en mag by die Antichris te kry. Enige ooreenkoms of bondgenootskap met die duiwel of sy valse koning, is 'n bondgenootskap met die dood.

### **Die huwelik van die ware Christus**

Hoe anders is die situasie nie met die bruid van die ware Christus nie! Die Bruidegom sal van die hemel neerdaal met geklank van die basuin van God, sy bruid van die aarde af wegvoer, haar in die lug ontmoet en dan dadelik saam met Hom terugneem na die hemel toe (1 Thess. 4:16-18; Joh. 14:2-3). Hier sal die bruilof van die Lam plaasvind in 'n ivoorpaleis wat so wonderlik is dat dit nie in mensetaal beskryf kan word nie. Paulus sê van die hemelse heerlijkheid: "Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van die mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet" (1 Kor. 2:9). In die bruilofslied vir die Messias word hierdie huweliksluiting só beskryf:

"U is veel skoner as die mensekinders; genade is uitgestort op u lippe; daarom het God U geseën vir ewig. ... U troon, o God, is vir ewig en altyd; die septer van u koninkryk is 'n regverdig septer. ... Dogters van konings is onder u staatsdogters; die koningin staan aan u regterhand in goud van Ofir. ... Louter heerlijkheid is die Koning se dogter daarbinne; van gouddraad is haar kleding. In veelkleurige gewade word sy na die Koning gelei; jonkvroue agter haar, haar vriendinne, word na U gebring. Hulle word gelei met vreugde en gejuig; hulle gaan in die Koning se paleis in" (Ps. 45:3-16).

Gedurende die hele sewe jaar wanneer die verdrukking op aarde onder die bewind van die Antichris sal verloop, sal die vrou van die Lam in die hemel by Christus wees. Ná die sewe jaar sal sy saam met Hom terugkeer na die aarde om hier met Hom in heerlijkheid geopenbaar te word (Sag. 14:4-5; Kol. 3:4). Dan sal die bruilofsmaal van die Lam – dit is die feestelike onthaal ná die troue – op aarde gevier word. Dit is waarom Openbaring 19:7 na die vrou van die Lam verwys tydens dié feestelike geleentheid, en nie meer net na die bruid nie.

Dit is met die oog op die bruilof in die hemel, maar ook met die oog op die fees daarna op aarde, dat die bruid van die Lam nou reeds aan haar bruidskleed moet werk deur middel van die regverdigde dae van die heiliges. Hierdie lewe van diensbaarheid en toewyding aan die Here kan net onder die leiding en in die krag van die Heilige Gees gelei word. Dit beteken dat elke Christen 'n ondervinding van hartsreiniging én vervulling met die Heilige Gees moet hê.

Moet dus nie die fout begaan om net by wedergeboorte te berus en dan terug te sit en as 'n vleeslike Christen sonder die bekragtiging deur die Heilige Gees voort te sukkel nie. Aanvaar die Pinksterbelofte van die toerusting met krag uit die hoogte, dan sal jy beslis nie eendag met leë hande voor die Here staan, gered asof deur vuur heen nie (1 Kor. 3:15). Die belofte van vervulling met die Heilige Gees is aan alle Christene gemaak (Hand. 1:8), en dit is oor en oor die moeite werd om jouself te verootmoedig en van alle besoedeling van die gees en die vlees gereinig te word. Bely ook jou vleeslike toestand en gee dit oor om gekruisig te word – dan alleen kan God se Gees volle beheer oor jou lewe neem en jou in staat stel om vir die luisterryke geleentheid van die bruilof van die Lam gereed te maak.